

SUID-WESTELIKE TRANSVAALSE LANDBOUKOÖPERASIE BEPERK
MET SPESIALE VERWYSING NA ASPEKTE IN DIE FINANSIËLE

BESTUUR

deur

HENDRIK CHRISTIAAN OOSTEWALDT VAN GRAAN

Studie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

(BEDRYFSEKONOMIE)

in die

FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: PROF. D.J.L. JACOBS

Potchefstroom
November 1976

DANKBETUIGING

Dit is vir my 'n voorreg om my opregte dank en waardering teenoor almal wat regstreeks en onregstreeks aan hierdie studie meegehelp het, uit te spreek.

Aan my leier, Prof. D.J.L. Jacobs, my opregte dank vir sy bekwame en inspirerende leiding.

Aan die Direksie van Suid-Westelike Transvaalse Landbou=koöperasie Beperk vir die geleentheid om die studie oor die koöperasie te kon doen sowel as vir die finansiële steun, my opregte waardering.

Aan mev. Marlene Carstens wat die tikwerk onderneem het en my suster, Rika wat die taalkundige versorging behar=tig het, my hartlike dank.

Besondere dank aan my vrou vir haar aanmoediging en daadwerklike bystand. Vir die ure wat sy spandeer het aan die tik van die studie in sy voorlopige vorm, my opregte waardering.

Aan my kinders, Carel en Cornel baie dankie vir hul ver=draagsaamheid en begrip aan die dag gelê.

ALLE EER AAN HOM!

H.C.O. van Graan

Potchefstroom
November 1976

Opgedra aan Marietjie

HOOFSTUK 1

DOEL EN METODE VAN HIERDIE STUDIE	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Doel en omvang van die studie	2
1.3 Indeling van die studie	3
1.4 Metode van studie	4

HOOFSTUK 2

ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN S.W.T.L.K.	5
2.1 Inleiding	5
2.2 Die ontstaan en groei van die koöperasie	6
2.2.1 Algemeen	6
2.2.2 Die oprigting van die koöperasie	8
2.2.3 Verdere ontwikkeling	10
2.2.4 Enkele probleme	12
2.3 Statistiese gegewens	13
2.3.1 Die ledetal van die koöperasie	13
2.3.2 Die aktiwiteite van die koöperasie	16
2.3.2.1 Die hantering van produkte	16
2.3.2.2 Die handelsaktiwiteit	18
2.3.2.3 Verwerking	20
2.3.2.4 Dienste	20
2.4 Samevatting	21

HOOFSTUK 3

DIE TEORIE VAN FINANSIËLE BESTUUR	27
3.1 Inleiding	27

	Pagina
3.2	Die taak en bestek van finansiële bestuur 28
3.3	Begripsbepalings 31
3.3.1	Rentabiliteit 31
3.3.2	Likiditeit 33
3.3.3	Solvabiliteit 34
3.4	Die finansieringsvraagstuk 35
3.4.1	Die optimale finansiële struktuur 36
3.4.2	Finansiële beleid 38
3.4.2.1	Vaste kapitaal 39
3.4.2.2	Vlottende kapitaal 40
3.4.2.3	Die behoefte aan kapitaal 41
3.5	Verhoudingsanalise as hulpmiddel vir finansiële bestuur 43
3.6	Samevatting 46
HOOFSTUK 4	
FINANSIËLE BESTUUR IN DIE KOÖPERATIEWE ONDERNEMING	48
4.1	Inleiding 48
4.2	Die finansieringsvraagstuk in die koöperatiewe onderneming 49
4.2.1	Die bronne van kapitaal 50
4.2.2	Eie kapitaal (ledekapitaal) 50
4.2.2.1	Aandelekapitaal 52
4.2.2.2	Ledefondse 54
4.2.2.3	Reservering 59
4.2.2.4	Samevatting 63
4.2.3	Vreemde kapitaal 65

	Pagina
4.2.3.1	Die Landbank 67
4.2.3.2	Handelsbanke 73
4.2.3.3	Leweransierskrediet 75
4.2.3.4	Samevatting 76
4.3	Die finansiële struktuur van landbou=
	koöperasies 77
4.3.1	Vaste bates 77
4.3.2	Die vlottende bates 79
4.3.3	Gevolgtrekking 79
4.4	Samevatting 83
HOOFSTUK 5	
DIE FINANSIERING VAN S.W.T.L.K. 86	
5.1	Inleiding 86
5.2	Die finansieringsbehoefte van
	S.W.T.L.K. 86
5.2.1	Die langtermynkapitaalbehoefte 87
5.2.2	Die behoefte aan vlottende kapitaal
	in S.W.T.L.K. 94
5.3	Die kapitaalstruktuur van S.W.T.L.K. 98
5.3.1	Die eie kapitaalposisie van S.W.T.L.K. 98
5.3.1.1	Aandelekapitaal 102
5.3.1.2	Ledefondse 104
5.3.1.2.1	Heffingsfondse 105
5.3.1.2.2	Ledebelangefonds 108
5.3.1.3	Reserwes 109
5.3.1.4	Samevatting 113
5.3.2	Die vreemde kapitaalposisie in
	S.W.T.L.K. 114

	Pagina
5.3.2.1	Die Landbank 114
5.3.2.1.1	Die Landbank as langtermynkapitaalbron 116
5.3.2.1.2	Die Landbank as verskaffer van kort= krediet 118
5.3.2.2	Krediteure en kredietsaldo's 120
5.3.2.2.1	Handelsbankkrediet 120
5.3.2.2.2	Leweransierskrediet 121
5.3.3	Gevolgtrekking 123
5.4	Die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. 125
5.4.1	Inleiding 125
5.4.2	Vaste bates en beleggings tot lang= termynkapitaal 127
5.4.3	Die finansiering van die vlottende bates van die koöperasie 130
5.5	Samevatting 135
HOOFSTUK 6	
DIE BESTUUR VAN DIE VLOTTENDE BATES VAN S.W.T.L.K. 137	
6.1	Inleiding 137
6.2	Die likiditeitsposisie van die koöperasie 138
6.2.1	Eerste likiditeitsyfer ("current ratio") 138
6.2.2	Tweede likiditeitsyfer ("acid test ratio") 141
6.3	Die bestuur van debiteure 143
6.3.1	'n Analise van debiteure 143

	Pagina
6.3.2	Die kredietbeleid van S.W.T.L.K.
6.3.2.1	Gevolgtrekking
6.4	Voorraadbestuur in S.W.T.L.K.
6.4.1	Die investering in voorraad
6.4.2	Omsetsnelheid van voorraad
6.4.3	Gevolgtrekking
6.5	Gebruik van die vlottende kapitaal van S.W.T.L.K.
6.6	Samevatting
HOOFSTUK 7	
SAMEVATTING	
7.1	Inleiding
7.2	Bevindinge
7.2.1	Finansieringsstruktuur
7.2.2	Die finansiële struktuur
7.3	Aanbevelings
7.3.1	Die finansieringsstruktuur van koöpe= rasies
7.3.2	Die finansiële struktuur van koöpera= sies
7.4	Slot
BIBLIOGRAFIE	

TABELLE

Pagina

2.1	Die ledetal van S.W.T.L.K. en van alle landboukoöperasies in Suid-Afrika vir die tydperk 1909 tot 1974	14
2.2	Produkte gehanteer deur S.W.T.L.K. vir die tydperk 1914 tot 1974	17
2.3	Handelsomset van S.W.T.L.K. vir die tydperk 1910 tot 1973	19
4.1	Die samestelling van die eie kapitaal van verskillende koöperasies uitgedruk as 'n persentasie van die totale kapitaal soos op 30 Junie 1971	64
4.2	Die vaste bate en langtermynkapitaalverhouding as 'n persentasie van die totale kapitaal van die verskillende koöperasies soos op 30 Junie 1971	78
4.3	Die vlottende bate- en korttermynkapitaalverhouding tot die totale kapitaal van verskillende koöperasies soos op 30 Junie 1971	80
5.1	Die kapitale investering in vaste bates ten opsigte van die verskillende aktiwiteite van S.W.T.L.K. soos op 28 Februarie 1974	93
5.2	Die eie kapitaal in verhouding tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K.	100
5.3	Die omvang van die ledeheffingsfonds van S.W.T.L.K. en die verhouding daarvan tot die totale eie kapitaal van die koöperasie vir die tydperk 1954 tot 1974	107

	Pagina
5.4 Reserwes as persentasie van die totale eie kapitaal en die totale kapitaal van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974	111
5.5 Die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974	126
5.6 Verhouding van die vaste bates en langter= mynkapitaal van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974 as persentasie van totale kapitaal	128
5.7 Vaste bates deur middel van eie kapitaal gefinansier in verhouding tot totale kapi= taal en 'n vergelyking daarvan met die totale reserwes	129
5.8 Die vlottende finansiële struktuur van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974 uitgedruk in verhouding tot die totale kapi= taal	131
6.1 Die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974	139
6.2 Verhouding van debiteure tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974	144
6.3 Verhouding van debiteure tot die totale verkope van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974	145

	Pagina
6.4 Die investering in voorraad in verhouding tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K.	154
6.5 Die voorraadomsetsnelheid en tydperk van voorraad voorhande vir die jare 1954 tot 1974	156
6.6 Die omloopsnelheid van die vlottende kapitaal van S.W.T.L.K. in die jare 1954 tot 1974	160

GRAFIEKE	Pagina
2.1 Totale omset van S.W.T.L.K. vir die betrokke jare	24
2.2 Produkte hanteer deur S.W.T.L.K. vir die tydperk 1914 tot 1974	25
5.1 Die totale kapitaal van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974	88
5.2 Die vaste bate van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974	89
5.3 Die investering in vlottende bates van S.W.T.L.K. vanaf 1954 tot 1974	95
5.4 Die vlottende bates van S.W.T.L.K. in verhou= ding tot die totale vlottende bates	97
5.5 Die ontleding van die eie kapitaal van S.W.T.L.K. vir die tydperk 1954 tot 1974	101
5.6 Die kapitaalstruktuur van S.W.T.L.K. vir die tydperk 1954 tot 1974	115
5.7 Ontleding van die vlottende finansiële struktuur van S.W.T.L.K. in verhouding tot die totale kapitaal	134

HOOFSTUK 1

DOEL EN METODE VAN HIERDIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die bestuur van koöperasies het in die verlede al heelwat bespreking op kursusse en kongresse uitgelok. In vele studiestukke oor koöperasies word na die bestuur daarvan verwys met die klem op die belangrikheid daarvan vir die sukses en voortbestaan van 'n koöperasie. Steenekamp¹⁾ is van mening dat swak bestuur vir die mislukking van menige koöperasies, veral tot die jare veertig verantwoordelik was.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede²⁾ raak tot die gevolgtrekking dat gebrek aan ekonomiese en bedryfseonomiese insig en ervaring die uiteindelijke oorsake was van 'n aansienlike aantal mislukkings in die koöperatiewe beweging. Hieruit word afgelei watter rol swak finansiële bestuur in dié ongelukkige koöperasies gespeel het. Gebrek aan finansiële beplanning het daartoe gelei dat

-
- 1) STEENEKAMP, F.J.L. Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1900-1960. (Ongepubliseerde proefskrif). P.U. vir C.H.O., 1964, p.400.
 - 2) Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede. RP 78/1967. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, 1967, p.4.

koöperasies oorgekapitaliseer was en kon hulle weens die las van te groot vaste koste nie op 'n lonende basis sake doen om staande te bly nie.¹⁾

1.2 DOEL EN OMVANG VAN DIE STUDIE

Oorkapitalisering slaan direk op die finansiering van die onderneming en dui op verkeerde beleid wat in dié verband gevolg is. Derhalwe is kapitaal nie altyd op die mees voordelike wyse in koöperasies aangetrek en aangewend nie.

In hierdie studie word die finansiële bestuur in 'n spesifieke koöperasie, naamlik Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk²⁾, oor 'n tydperk van 20 jaar vanaf 1954 tot 1974 ontleed en bestudeer om te bepaal tot watter mate dit goed of swak was. Spesifieke aandag word aan die finansiering en finansiële struktuur van die koöperasie gegee met verdere klem op die bestuur van die vlottende bates, debiteure en voorraad. In die studie word die uitwerking van spesifieke gebeurtenisse op voorgenoemde aspekte weergegee.

-
- 1) DEMPSEY, W.C. „Waarom misluk koöperasies?“ (In Eerste vakansiekursus in koöperasieleer. Stellenbosch, 1952, p.137).
 - 2) Die koöperasie se naam sal voorts as S.W.T.L.K. afgekort word.

Die periode 1954 tot 1974 is gekies juis omdat dit 'n tyd=
vak in die bestaan van S.W.T.L.K. dek waarin die rol van
goeie finansiële bestuur duidelik na vore kom.

Die finansiële bestuur van S.W.T.L.K. word, vir die be=
trokke tydperk, aan die hand van bestaande beginsels en
praktyke bestudeer.¹⁾ Ten slotte word aan die hand van
die bevindinge uit die werk enkele aanbevelings gemaak met
betrekking tot die finansiële bestuur van landboukoöpera=
sies in die algemeen.

1.3 INDELING VAN DIE STUDIE

As inleiding tot die werk word die ontstaan en ontwikke=
ling van S.W.T.L.K. kortliks in hoofstuk 2 geskets.
Hoofstuk 3 word gewy aan 'n bespreking van die teorie van
finansiële bestuur terwyl die aandag in hoofstuk 4 toege=
spits word op die finansiële bestuur in die koöperatiewe
onderneming.

In hoofstukke 5 en 6 word die praktiese uitvoering van die
finansiële bestuur in S.W.T.L.K. aan die hand van die be=

1) In hoofstukke 3 en 4 word die beginsels en praktyke
bespreek.

ginsels en praktyke soos in hoofstukke 3 en 4 bespreek, ontleed. Die finansiering van die koöperasie word spesifiek in hoofstuk 5 onder die soeklig geplaas. Die bestuur van die vlottende bates word in hoofstuk 6 bestudeer met die klem op die verskaffing van krediet aan lede en die bestuur van voorraad.

'n Samevatting van die werk volg in hoofstuk 7 met enkele aanbevelings wat uit die studie voortgevloei het.

1.4 METODE VAN STUDIE

Met betrekking tot hierdie werk is 'n studie van die relevante beskikbare literatuur oor die finansiële bestuur en meer spesifiek die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika gemaak. Die nodige inligting is uit die rekords van S.W.T.L.K. verkry en ooreenkomstig die behoefte van die studie verwerk. Die benodigde inligting is ook van die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings verkry, verwerk en geïnterpreteer.

In die proses van inligtingversameling en ondersoek is ook onderhoude met senior amptenare van die koöperasie gevoer. Na voorlopige voltooiing van die werk is sekere praktyke wat deur die koöperasie gevolg is, met die Finansiële Bestuurder bespreek ten einde bevestiging vir die doel daarvan te verkry.

HOOFSTUK 2

ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN S.W.T.L.K.

2.1 INLEIDING

Met die onderneming van 20 boere op 'n vergadering in die Wolsaal te Wolmaransstad op 29 Mei 1909 is die eerste stappe geneem tot die stigting van die Wolmaransstad Coöperatiewe Landbou Vereeniging.¹⁾

Geeneen van dié stigterslede sou kon droom dat die klein organisasie sou groei tot só 'n reuse-koöperasie nie. Vandag is die koöperasie een van die grootste plaaslike landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika met 'n ledetal van 4 310 op 28 Februarie 1974.²⁾

Die werklike groei van die koöperasie word nie in die ledetal weerspieël nie, maar wel in die groei in omset van R1 200 in sy eerste jaar tot die bedrag van R59 218 829 vir die jaar geëindig op 28 Februarie 1973.³⁾ Dit wil nie sê dat die koöperasie sedert sy oprigting net voor=

-
- 1) Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. 'n Halfeeue van Koöperasie 1909-1959. Leeudoringstad, 1959, p.23.
 - 2) S.W.T.L.K. Direksieverslag 1973/74.
 - 3) S.W.T.L.K. Direksieverslag 1972/73.

spoed geniet het nie. Inteendeel, dit het dieselfde terugslae en probleme ondervind wat koöperasies sowel as die landbou in hierdie tydperk ondervind het.

In die res van die hoofstuk word die ontwikkeling van S.W.T.L.K., teen die agtergrond van die ontwikkeling van landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika van nader beskou.

2.2 DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE KOÖPERASIE

2.2.1 ALGEMEEN

Natuurlike omstandighede sowel as handelstoestande het die landbou sowel as die boere van Suid-Afrika na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) in ekonomiese nood gedompel. Van staatsweë is besef dat 'n verandering in die bestaande bemarkingstelsel vir landbouprodukte en die verskaffing van boerderybenodighede aangebring moes word om die boere van 'n gewisse ondergang te red. Tot en met hierdie stadium was die aktiwiteite van die bemarking van landbouprodukte en die verskaffing van benodighede aan die boere in die hande van private winsondernemings. „Die smous, winkelier of handelaar was terselfdertyd geldskieter, verskaffer van produksiebenodighede en koper van die boer se produkte.”¹⁾ Dit het dikwels grootskaalse uitbuiting

1) Die Koöperatiewe Raad. Inleiding tot Koöperasiewese. Pretoria, Koöperasiepers, 1966, p.39.

tot gevolg gehad.

Die owerheid het besef dat 'n permanente oplossing vir die probleme van die boer slegs deur optrede van die boere self bereik kon word. Deur gesamentlik op te tree, sou die boere bedingingsmag teenoor die private winsondernemings kon verkry. Daar kan dus gesê word dat koöperasie in Suid-Afrika soos in die meeste ander lande gebore is uit 'n diepgevoelde behoefte en 'n toestand van ekonomiese nood. Die feit dat die staat in Suid-Afrika die inisiatief geneem het en die koöperatiewe gedagte onder boere gepropageer het, is toe te skryf aan die besondere eienskappe van die Suid-Afrikaanse boer van daardie tyd. Die karaktertrek van selfstandigheid het die boere altemins hul heil in samewerking laat seek. Aanmoediging in die opsig was noodsaaklik. Die afsonderlike regeerings van die Kaap, Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal het boere gevolglik aangemoedig om te koöpereer. Hierdie aanmoediging was hoofsaaklik in die vorm van wetgewing wat die beweging moes beskerm en rigting moes aandui en finansiële hulp wat die laste moes verlig.¹⁾

Die individualisme van die Suid-Afrikaanse boer het ook sy stempel op die koöperatiewe beweging hier gelaat. Die beginsel van onbepaalde aanspreeklikheid was nie son-

1) STEENEKAMP, op. cit., p.2.

dermeer vir die boere aanvaarbaar nie. Die gevolg was 'n groot toename in die oprigting van koöperasies na wetgewing in 1922 (Wet nommer 28 van 1922) wat voorsiening gemaak het vir die oprigting van koöperasies met beperkte aanspreeklikheid. Talle bestaande koöperasies het kragtens dié wet beperkte aanspreeklikheid aanvaar. Op 30 Junie 1972 was daar net een koöperasie in die Republiek van Suid-Afrika wat nog nie hierdie vorm van aanspreeklikheid aanvaar het nie.¹⁾

2.2.2 DIE OPRIGTING VAN DIE KOÖPERASIE

Die begin van koöperasie in Suid-Afrika volgens vasgestelde reëls en regulasies kragtens spesifieke wetgewing dateer uit 1908 toe Wet nommer 17 van dié gemelde jaar in Transvaal aangeneem is.²⁾ Dieselfde jaar is ook begin met die hou van koöperatiewe kongresse waarop koöperatiewe aangeleenthede bespreek is. Tydens die eerste Transvaalse koöperatiewe kongres wat op 3 en 4 September 1908 in Pretoria op uitnodiging van die Departement van Landbou gehou is, doen die destydse Eerste Minister en Minister van Landbou 'n beroep op die kongres om te koöpereer.

-
- 1) Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1971 tot 30 Junie 1972. Pretoria, Staatsdrukker, 1973.
 - 2) Die Koöperatiewe Raad, op. cit., p.39.

Dit is grootliks in antwoord op hierdie beroep van die Eerste Minister dat die 20 boere in die Wolsaal van Wolmaransstad vergader het „met het doel om eene Coöperatieve Vereeniging in het Distrikt Wolmaransstad te stigting.”¹⁾ Op 16 Augustus 1909 is die Wolmaransstad Coöperatieve Landbou Vereeniging dan ook geregistreer onder die handtekening van die destydse Registrateur van Koöperasies in Transvaal meneer J.M.B. Stilling-Anderson.

Dat die koöperasie 'n beskeie begin gehad het, blyk uit die R1 200 omset gedurende die eerste jaar van sy bestaan en uit die feit dat die sekretaris die eerste twee seisoene persoonlik as pakhuisman moes optree.

Die belangrikheid van die lojaliteit en ondersteuning van sy lede is reeds in die beginjare deur die koöperasie beseef en lede is dan ook voortdurend daartoe aangemoedig. Tydens die algemene vergadering wat in Februarie 1912 gehou is spreek die voorsitter die lede toe en pleit by hulle om „met nieuwe moed de zaak aan te pakken.”²⁾

1) S.W.T.L.K. 'n Halfee van Koöperasie, op. cit., p.23.

2) Ibid., p.31.

2.2.3 VERDERE ONTWIKKELING

Enkele jare na die stigting van dié koöperasie het dit as diensorganisasie reeds 'n groot rol in die bemaking van die produkte van sy lede en die verskaffing van boerdery=benodigdhede gespeel.¹⁾ Wat veral interessant is, is dat in die streek waarin die koöperasie opgerig is destyds hoofsaaklik veeboerdery beoefen is. Die koöperasie het in die begin derhalwe heelwat wol van lede ontvang en verkoop. Geleidelik het die gebied in 'n akkerboustreek ontwikkel en die koöperasie het al meer in die hantering van graan gespesialiseer sodat dit vandag nét graan hanteer en algemene boerderybenodigdhede aan lede verskaf.

Dat die diensmotief van dié koöperasie prioriteit geniet, word weerspieël in die verskillende aktiwiteite wat in die loop van sy bestaan tot die voordeel van sy lede onderneem is. Tydens die ledevergaderings van 1912 is byvoorbeeld besluit om produksiekrediet aan lede te verskaf. Verder is daar tydens die na-oorlogse depressie vanaf 1920 toe die ekonomiese posisie van die boere haglik was aan sommige lede osse op 'n koöperatiewe basis voorsien om hulle in staat te stel om te kon ploeg. Die osse is aan lede verhuur omdat hulle nie self trekdiere kon bekostig nie. Die gedagte van die verwerking van die

1) Kyk paragraaf 2.3, Statistiese Gegewens.

primêre produk van lede is reeds in 1912 tydens ledeverga=derings uitgespreek. Maar dit is eers in 1936 dat melding gemaak is van die oprigting van 'n moutfabriek. Tans beskik S.W.T.L.K. oor vier moderne graanmeulens en die totale omset uit die aktiwiteit verkry gedurende die jaar geëindig 29 Februarie 1974 was net meer as R3,4 mil=joen.

In sy strewe om 'n effektiewe diens aan sy lede te lewer, is die dienste van die koöperasie na die jare dertig uit=gebrei deur die oprigting van verskeie ontvangsdepots en takwinkels op strategiese punte in sy bedieningsarea. Voortdurend is gepoog om tred te hou met die behoeftes van die lede. Met die omskakeling na die losmaathante=ring van mielies is verskeie graansilo's vir die gerief en ekonomiese voordeel van lede opgerig. Die silo's word steeds vergroot en nog word gebou om aan te pas by die hoeveelheid graan wat geproduseer word. Verder is takwinkels gemoderniseer en werkswinkeldienste ingestel om te voorsien aan die behoeftes van lede in die huidige op=set.

Ten einde aan te pas by die geografiese bedieningsveld is op die algemene vergadering van 21 Maart 1936 besluit om die koöperasie se naam te verander na „Die Suid-Westelike Transvaalse Koöperatiewe Landbouvereniging.” In die stadium was dit nog steeds 'n vereniging sonder aandeleka=

pitaal en dus met onbeperkte aanspreeklikheid.

Die ou vereniging wat in Augustus 1909 geregistreer was, is in Mei 1953 na 'n bestaan van 44 jaar ontbind en oorge= neem deur die Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk wat op 18 Augustus 1950 geregistreer is.

2.2.4 ENKELE PROBLEME

Behalwe die gemeenskaplike probleme wat koöperasies in die beginjare ondervind het weens natuurlike rampe soos droog= tes en plaë is S.W.T.L.K. ook nog deur onnatuurlike rampe bedreig. In 1921 is byvoorbeeld 'n te hoë voorskot aan lede vir hul produkte gegee en moes dit in vyf jaarlikse paaiemente aan die Landbank terugbetaal word. Dit was 'n swaar las op die reeds behoeftige boere. Tot verlig= ting van die Koöperasie en sy lede is die bedrag van R18 058 wat uitstaande was vanweë die te hoë voorskot aan produsente in 1925 deur die Landbank afgeskryf.

'n Brand in die kantore van die koöperasie op 4 Februarie 1930 op Leeudoringstad het byna noodlottige gevolge gehad. Die boeke wat nie verbrand het nie, waaronder die debi= teure-grootboek, is deur die sekretaris in die Vaalrivier gegooi. Nadat die voorsitter, wat gelukkig gou op die toneel was 'n beloning van R10 uitgelooft het aan die per= soon wat die boeke sou red, is dit deur 'n meneer David

Swanepoel uit die water gehaal. Dit het die koöperasie in staat gestel om 'n uitstaande bedrag van ongeveer R33 986 te in. Dié bedrag wat andersins verlore sou wees, kon moontlik die koöperasie in die stadium finansieel gebreek het.

Op 17 Julie 1932 het 'n trein vol dinamiet naby Leeudoringstadstasie ontplof en die geboue van die koöperasie erg beskadig. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens het die koöperasie op 19 Januarie 1933 R2 546,37 vir die herstelkoste van die skure en kantore vergoed.

S.W.T.L.K. het dus letterlik deur diep waters gegaan en dit is alleenlik deur die geloof, opoffering en volharding van die bestuur en lede dat die koöperasie kon voortbestaan en groei.

2.3 STATISTIESE GEGEWENS

2.3.1 DIE LEDETAL VAN DIE KOÖPERASIE

Uit tabel 2.1 blyk dat die ledetal van die koöperasie vir die eerste 22 jaar van sy bestaan baie stadig gegroei het. Dié stadige toename word daaraan toegeskryf dat die koöperasie vir die tydperk 'n beperkte gebied bedien het. Daarna is die gebied van die koöperasie geleidelik vergroot deur die periodieke verskuiwing van sy grense.

TABEL 2.1

Die ledetal van S.W.T.L.K. en van alle landboukoöperasies in Suid-Afrika vir die tydperk 1909 tot 1974

Jaar	Ledetal van S.W.T.L.K. ¹⁾	Ledetal van alle landboukoöpera= sies in Suid-Afrika ²⁾
1909	20	-
1910	172	-
1911	182	9 948
1912	180	11 558
1914	220	11 862
1915	206	10 648
1916	243	10 601
1919	305	9 805
1932	430	70 419
1952	3 467	230 397
1956	4 015	259 734
1960	4 549	285 185
1962	4 683	290 550
1969	4 230	302 019
1972	4 193	301 845
1974	4 310	304 589

- 1) Saamgestel uit gegewens verkry uit publikasies van S.W.T.L.K.
- 2) Saamgestel uit inligting verkry van die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Die periodieke verskuiwing van grense gee die effek van trapsgewyse groei in die ledetal. Dit word ook weer=spieël in die groei van die getal amptenare van die koöpe=rasie. Vir die tydperk 1909 tot 1932 het die aantal permanente blanke amptenare van een tot ses toegeneem teenoor 'n toename van 23 vir die periode 1932 tot 1940. Vanaf 1940 tot 1959 het die getal amptenare fenomenaal tot 'n totaal van 240 aangegroei. Vir die daaropvolgende jare tot 1973 het die getal tot 417 toegeneem.

Hoewel die nodige statistiek ontbreek, is daar duidelike aanduidings dat die jare veertig wat sy ledetal betref die bloeitydperk vir die koöperasie was. Dit is ook die geval by alle landboukoöperasies in Suid-Afrika. Vir die tydperk 1932 tot 1952 het die ledetal van S.W.T.L.K. agt keer toegeneem teenoor die drie keer van alle landbou=koöperasies. Volgens die verslae van die algemene vergaderings van S.W.T.L.K. in 1941 en 1948 het daar onderskeidelik 325 en 390 nuwe lede by die koöperasie aangesluit.¹⁾

Interessant is dit dat die finale verandering in die aanspreeklikheid van die lede in 1953 geen noemenswaardige invloed op die ledetal van S.W.T.L.K. gehad het nie.

1) S.W.T.L.K. 'n Halfeeu van Koöperasie, op. cit., p.44.

2.3.2 DIE AKTIWITEITE VAN DIE KOÖPERASIE

'n Ware weergawe van die groei van die koöperasie word verkry as die aktiwiteitstoename ontleed word. Aandag moet veral gegee word aan wat die onderliggende oorsake van die groei was. So kan nie sondermeer aanvaar word dat 'n toename in omset groei beteken nie. Prysstygings moet wel deeglik in berekening gebring word.

2.3.2.1 DIE HANTERING VAN PRODUKTE

Die hoeveelheid produkte wat deur S.W.T.L.K. in die tydperk 1914 tot 1973 hanteer is, word in tabel 2.2 weergegee. Gedurende 1973 is 690 keer meer produkte hanteer as in 1914 terwyl die hoeveelheid per lid hanteer, van 6,6 ton in 1914 tot 235,2 ton in 1973 vermeerder het. Hieruit word afgelei dat die hoër produksie per lid in 'n groot mate verantwoordelik was vir die groter hoeveelheid produkte wat deur die koöperasie hanteer is. 'n Verdere bewys vir die stelling word verkry deur die toename in produkte gehanteer met die toename per lid gelewer vir die periode 1957 tot 1973 te vergelyk. In die betrokke tydperk het die hoeveelheid wat deur die koöperasie gehanteer is 2,42 keer gestyg teenoor 'n styging in die leweringe per lid van 2,43 keer. Die toename in produksie per lid word aan meganisasie in die landbou en verbeterde boerderypraktyke toegeskryf.

TABEL 2.2

Produkte gehanteer deur S.W.T.L.K. vir die tydperk 1914 tot 1974

Jaar	Totale hoeveelheid gehanteer ¹⁾	Hoeveelheid per lid gehanteer ²⁾
	Ton	Ton
1914	1 445	6,6
1919	2 909	9,5
1923	1 363	-
1927	2 636	-
1930	14 636	-
1933	15 455	35,9
1936	12 545	-
1939	12 455	-
1942	30 182	-
1947	50 159	-
1952	210 587	60,7
1957	412 097	96,9
1963	581 455	124,2
1968	925 545	214,7
1973	996 920	235,2

- 1) Inligting verkry uit rekords van S.W.T.L.K. Eenhede van 200 lb is herlei na ton. Slegs die pieke van die hanteringsgrafiek word gegee om sodoende die styging in volume aan te dui wat die koöperasie moes akkommodeer.
- 2) Die nodige gegewens ontbreek uit die verslae van die koöperasie om die hoeveelheid produkte per lid gehanteer vir al die jare te kon bepaal.

Die groter hoeveelheid produkte wat die koöperasie moes hanteer, het omvangryke investerings in geriewe geveerg. Sedert die jare sestig is daar veral groot bedrae bestee aan die daarstelling van voldoende geriewe vir die hantering en opberging van mielies, graansorghum en koring in losmaat.

2.3.2.2 DIE HANDELSAKTIWITEIT

Dieselfde tendens wat ten opsigte van die produkte hanteer bevind is, is ook ten opsigte van die handelsaktiwiteite volgens tabel 2.3 te bespeur. Die toename in die handelsomset vanaf 1913 tot 1973 was 583 keer teenoor 'n toename van 690 keer in die hantering van produkte vir dieselfde tydperk. Vir die tydperk 1955 tot 1973 was die styging in totale omset 6,48 keer in vergelyking met die styging in die omset per lid van 6,13 keer. Die reële styging in totale omset, na inagneming van die styging in die algemene pryspeil van boerderybenodigdhede was 4,26 keer vir die betrokke tydperk.¹⁾ Die toename in die hoeveelheid produkte hanteer vir die ooreenstemmende tydperk was 3,43 keer wat met die styging in die handelsomset verband hou.

1) . Hierdie verband is afgelei uit die Prysindeks van boerderybenodigdhede soos aangetoon in die Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1964 tot 30 Junie 1965 en 1 Julie 1972 tot 30 Junie 1973.

TABEL 2.3

Handelsomset van S.W.T.L.K. vir die tydperk 1910 tot 1973¹⁾

Jaar	Omset	Omset per lid ²⁾
	Rand	Rand
1910	1 200	60-00
1913	24 515	111-43
1930	27 514	-
1933	65 040	151-26
1935	56 322	-
1940	96 479	-
1945	590 528	-
1950	911 544	-
1955	2 206 966	549-68
1960	4 300 232	945-31
1965	4 812 774	1 093-80
1970	10 856 346	2 584-84
1973	14 291 793	3 371-50

- 1) Saamgestel uit gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.
- 2) Die nodige gegewens ontbreek uit die rekords van S.W.T.L.K. om die omset per lid vir al die jare te kon bereken.

2.3.2.3 VERWERKING

Gedurende 1967 is begin met die modernisering en uitbreiding van die vier meulens van die koöperasie. Dit is eers nadat die eerste van hierdie meulens, naamlik Westra Meule, in werking gestel is dat die verwerkingsaktiwiteit werklik 'n rol in dié koöperasie se aktiwiteite begin speel het. Die totale omset van die meulens het vir die verslagjare 1969 tot 1973 met meer as vyf keer van net oor R500 000 tot R2 907 873 toegeneem. Tot 28 Februarie 1974 was die toename meer as ses keer, naamlik tot R3 435 162.

Die resultate wat behaal is ongeag die feit dat die meulens nog nie ten volle gemoderniseer is nie toon dat daar vir S.W.T.L.K. groot potensiaal bestaan wat betref die verwerking van die produkte van sy lede.

2.3.2.4 DIENSTE

Versekering is een van die belangrikste dienste wat S.W.T.L.K. aan sy lede bied. Verskeie versekeringsfasiliteite word onder die dekking van Sentrale Koöperasies gebied, naamlik algemene versekering, haelversekering, omvattende oesversekering en derdepartyversekering. Daar was 'n bestendige groei in die premie-omset van die koöperasie tot 1974. Sedert 1969 het die totale ver-

sekeringspremie-inkomste vanaf R201 857 tot R450 198 in 1974 toegeneem. Haelversekering het die meeste tot die toename bygedra daar die premie-inkomste ten opsigte van haelversekering in die tydperk van R72 076 tot R238 847 gestyg het.

Vir die boekjaar wat op 28 Februarie 1974 geëindig het was daar na raming, versekeringsdekking van R27miljoen vir lede gereël terwyl 'n bedrag van R158 400 as skade=vergoeding uitbetaal is.¹⁾ Daar bestaan nog ruimte vir die uitbreiding van hierdie diens aan lede op grond daarvan dat nie alle lede hul versekeringsbesigheid deur hul koöperasie doen nie.

2.4 SAMEVATTING

Die ontstaan van S.W.T.L.K. was soos in die geval van die meeste koöperasies in Suid-Afrika baie beskeie. Ten spyte van terugslae en probleme het die koöperasie ontwikkel om tred te hou met die behoeftes van sy lede. Deurgaans is gepoog om die lede tot diens te wees deur die verskaffing van verskeie dienste. Dié beleid word vandag nog deur die bestuur van die koöperasie gevolg. Die bewys hiervan is die 22 handelstakke, 29

1) S.W.T.L.K. Direksieverslag 1973/74.

graandepots, vier meulens en drie trekkerwerkswinkels wat gedurende September 1973 in die bedieningsgebied van S.W.T.L.K. in werking was. Hiermee is die dienste van die koöperasie binne die bereik van alle lede gebring. In die direksieverslag van 1974 word gemeld dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om die vetmesting van beeste te onderneem. Dit sal 'n groot stap vorentoe in die strewe na meer en beter diens aan die lede van S.W.T.L.K. beteken.

Hoewel die ledetal nie noemenswaardig toegeneem het nie het die totale omset van die koöperasie van 1952 tot 1973 van R5,2 miljoen tot R59,2 miljoen gestyg. Die ver= naamste styging was in die produkte wat hanteer is wat 4,73 keer in hoeveelheid toegeneem het. In geldwaarde beteken dit 'n styging van R37,9 miljoen vanaf R3,8 miljoen tot R41,7 miljoen. Die bydrae van die handelsaktiwi= teite tot die verhoging in die totale omset was R12,8 miljoen vanaf R1,4 miljoen tot R14,3 miljoen in 1973.

Met betrekking tot die verband tussen die toename in die handelsomset en die hoër produksie per lid, kom Boot¹⁾ tot die gevolgtrekking dat groter oeste groter koopkrag beteken. Deur die groter oeste wat behaal is, is


1) BOOT, J.R. Die Noordwestelike Koöperatiewe Land= boumaatskappy Beperk. (Ongepubliseerde verhande= ling) P.U. vir C.H.O., 1960, p.24.

meer kapitaal bekom om in die produksieproses te investeer en wel in die vorm van boerderybenodigdhede vir uitbreiding van die oppervlaktes onder bewerking en die verbetering van boerderypraktyke. Die gevolg was steeds groter oeste met 'n toenemende besteding op boerderybenodigdhede.

Uit grafiek 2.1 blyk die opvatting oor die verband tussen die besteding op boerderybenodigdhede en die produkte-opbrengs in die geval van S.W.T.L.K. nie steek te hou nie. Die besteding op boerderybenodigdhede wat in die handelsomset van S.W.T.L.K. weerspieël word, het in die betrokke periode betreklik gelykmatig toegeneem teenoor 'n groot skommeling in die produkte-omset. Om die afwyking te verklaar, word die aandeel van mielies in die totale produkte-omset van nader beskou.

Die totale hoeveelheid produkte wat hanteer is vanaf 1914 tot 1974, asook die hoeveelheid mielies sedert 1964 gehanteer, word in grafiek 2.2 uitgebeeld. Die relatiewe rol van mielies blyk duidelik uit die grafiek en die afleiding word gemaak dat die groot skommeling in die hoeveelheid produkte hanteer hoofsaaklik aan die fluktuasie in die hoeveelheid mielies te wyte is. Van 1964 tot 1974 was mielies gemiddeld 85 persent van die totale hoeveelheid produkte wat hanteer is. Uit die feit dat die handelssomset steeds toegeneem het en mielies deur=

GRAFIEK 2-1
TOTALE OMSET VAN S.W.T.L.K. VIR DIE BETROKKE JARE¹⁾




1.) Saamgestel uit gegewens verkry uit die rekords van S.W.T.L.K.

GRAFIEK 2-2

PRODUKTE HANTEER DEUR S.W.T.L.K. VIR DIE TYDPERK 1914 TOT 1974¹⁾

1. Totale volume produkte hanteer
2. Volume mielies hanteer



1. Saamgestel uit die rekords van S.W.T.L.K.

gaans gemiddeld 85 persent van die totale produkte wat hanteer is, uitgemaak het, word verder afgelei dat produktepryse geen noemenswaardige bydrae tot die fluktuasie in die totale hoeveelheid produkte wat hanteer is, gehad het nie. By nadere ondersoek het aan die lig gekom dat die skommeling in die hoeveelheid produkte 'n direkte gevolg van natuurtoestande was. Gedurende die verslagjare 1964, 1968, 1972 en 1973 het die produksiegebied van die koöperasie goeie reën gehad teenoor uiters droë toestande gedurende 1965, 1969, 1971 en 1974. Dit verklaar die hoë en lae hoeveelhede produkte wat gedurende die betrokke jare ingeneem is.

Uit voorafgaande bespreking word volstaan met die gedagte dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die groei in die hoeveelheid produkte wat deur S.W.T.L.K. hanteer is en die styging in die waarde van die boerderybenodighede wat deur die koöperasie aan sy lede voorsien is tot 1974. Enige radikale afwykings in die patroon in die periode 1952 tot 1974 is direk aan natuurtoestande toe te skryf. Omdat die getal lede van die koöperasie in die tyd nie veel toegeneem het nie kan die vooruitgang van die lede direk uit die groei van hul koöperasie afgelei word. Wanneer op die vele dienste en die netwerk van dienspunte gelet word, word besef dat die koöperasie 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling en vooruitgang van sy lede gelewer het. Hierdie bydrae sal in die toekoms gehandhaaf word.

HOOFSTUK 3

DIETORIE VAN FINANSIËLE BESTUUR

3.1 INLEIDING

„Finansiële bestuur het te doen met die bepaling van die kapitaalbehoefte van die onderneming en die optimale aantrekking en gebruik van geldmidade met die oog op die doel en binne die raamwerk van beleid.“¹⁾ Die breë veld wat die finansiële bestuur omsluit blyk uit die definisie asook uit die betrokkenheid daarvan by die uitvoering van die ander funksies van bestuur in die daaglikse lewe van die onderneming.

In die studie word sekere aspekte in die finansiële bestuur van 'n koöperasie ontleed en bestudeer. In hierdie hoofstuk word eers aan die algemene teorie van finansiële bestuur aandag gegee om duidelikheid oor die aspekte wat ondersoek gaan word, te kry asook om enkele begrippe te omskryf en verder toe te lig. Dit belooft dus geen volledige beskouing van die teorie van finansiële bestuur te wees nie.

1) REYNDERS, H.J.J. red. Finansiële Bestuur. Pretoria, Van Schaik Beperk, 1971, p.14.

3.2 DIE TAAK EN BESTEK VAN FINANSIËLE BESTUUR

Tradisioneel het die taak van finansiële bestuur hoofsaaklik die aantrekking van kapitaal in die onderneming behels. Dit het dus om die passiewe finansiering gewentel en as sodanig geen deel gehad in die investeringsbesluit nie.¹⁾ Die hedendaagse beskouing is dat die investerings- en finansieringsbesluite onafskeidbaar aan mekaar verbonde is. Dié beskouing het die veld van finansiële bestuur tot so 'n mate verbreed dat dit die voor- en nastudie van 'n besluit omvat.

Van der Meulen²⁾ definieër finansiële bestuur soos volg: „Finansiële bestuur in die sin van finansiële beplanning en kontrole kan dan ook gesien word as daardie onderdeel van algemene bestuur wat die bedryfsekonomiese samehang, identifiseer en kwantifiseer en op grond daarvan 'n doelmatige beleid, wat gerig is op 'n optimale aantrekking en aanwending van kapitaal, te formuleer.”

Uit dié definisie blyk dat die finansiële bestuursfunksie saam met die ander funksies in die onderneming die basis vir algemene bestuur vorm. Die basiese bestuursproses word in die elemente, beplanning, organisasie, bevel=

1) Ibid., p.10.

2) VAN DER MEULEN, J. Finansiële Bestuur. (In Inleiding tot die Bedryfsekonomie. RÄDEL, F.E. en REYNDERS, H.J.J. Pretoria, Van Schaik, 1971, p.363.)

voering, koördinasie en beheer onderskei.¹⁾ In die uitvoering van die finansiële funksie is veral die beplanning- en beheeraspekte belangrik. Finansiële ontleding in beplanning is noodsaaklik vir intelligente besluitneming in die onderneming terwyl die taak van beheer in die toesig op die uitvoering van dié besluite lê. Opsommend omskryf Van der Meulen²⁾ die taak van finansiële bestuur as „..... die vooruitskatting, beplanning en kontrole van finansiële veranderlikes op grond van 'n te voere finansiële beleid ten opsigte van rentabiliteit, solvabiliteit en likiditeit. Vir die registrasie in geld van beplanning, begroting en uitvoering van alle aktiwiteite en analise van verskille tussen plan en uitvoering, is in die moderne onderneming 'n omvangryke en ten dele gede-sentraliseerde finansiële apparaat nodig." Dit gaan dus primêr om die optimale aantrekking en gebruik van geldmiddele met die oog op die doel binne die raamwerk van beleid. In aansluiting by dié algemene opvatting behels die pligte van die finansiële bestuurder onder meer:³⁾

- (1) die beplanning van toekomstige kapitaalbehoefte en die voorsiening daarin;

1) REYNDERS, op. cit., p.26.

2) VAN DER MEULEN, op. cit., p.367.

3) Kyk ook REYNDERS, op. cit., p.16 en ANDERSON, D.R. & SCHMIDT, L.A. Practical Controlership. Illinois, RICHARD D. Irwin Inc. Homewood, 1961, p.10.

- (2) sentrale deelname in die opstelling van die jaarbe-groting;
- (3) die handhawing van gesonde rekeningkundige beleid prosedures en praktyke;
- (4) die bepaling van finansiële resultate en die beoor-deling daarvan aan die hand van sekere standarde en toestande;
- (5) die verskaffing van die nodige finansiële dienste aan die verskillende afdelings;
- (6) en die sorg vir veiligheidstelling en beskerming van die onderneming in terme van versekering en se-kuriteitsmaatreëls.

Met die pligte van die finansiële bestuurder as kern kan die studieveld van die finansiële bestuur in die onderne-ming afgebaken word.¹⁾

Dit behels die rentabiliteitsvraagstuk en probleme betreffende die waardering van die balansposte in die onderneming; die dividend en reserveringsbeleid en daarmee saam die investeringsbeleid; die finan-siële analise betreffende die beweging van die kapi-taal; finansiële verhoudingsgetalle; die verhouding tussen koste, opbrengs en verkoop- of produksie-omvang en begrotings; die finansiering van die onderneming en finansiële reorganisasie.

1) Kyk ook REYNDERS, op. cit., p.13.

Die veld van finansiële bestuur strek dus ver en wyd. Die primêre taak bly egter die optimale aantrekking en aanwending van kapitaal wat die drie hoof finansiële maatstawwe naamlik, solvabiliteit, likiditeit en rentabiliteit omvat. Met die norme as basis beoefen die finansiële bestuur die funksie van beheer en beplanning in die onderneming.

3.3 BEGRIPSBEPALINGE

Waar die norme, rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit as beoorderlingsbasis vir die doeltreffende bestuur van die onderneming dien, is dit belangrik om die begrippe van nader te bescou.

3.3.1 RENTABILITEIT

„Rentabiliteit word in die algemeen omskryf as die wins van 'n bepaalde periode uitgedruk in 'n persentasie van die kapitaal waarmee dit gekweek is.“¹⁾ Hoewel daar verskil van mening is oor wat wins en kapitaal is, is die verhouding by uitstek die metode wat gebruik word in die beoordeling van die prestasie van 'n onderneming.

Die rentabiliteitsbenadering berus op die beginsel dat die onderneming daarop ingestel is om die rentabiliteit

1) REYNDERS, op. cit., p.112.

van die kapitaal daarin belê onder bepaalde voorbehoude te maksimaliseer. Koöperasies verskil van die wins=onderneming in dié opsig dat kapitaal nie daarin belê word met die doel om dit winsgewend te maak nie, maar wel om daardeur sekere voordele vir die lede van koöperasie te bewerkstellig.¹⁾ Kapitaal speel só 'n ondergeskikte rol en is as sodanig nie geskik as middel om doeltreffendheid in 'n koöperasie mee te meet nie. Hierdie verskil in die doel van kapitaal maak die rol daarvan nie minder belangrik in die koöperasie nie. Kapitaal is vir sowel die winsonderneming as die koöperasie van kardinale belang om die doel daarvan te bereik.

Die verskil in doel tussen die winsonderneming en koöperasie vereis ook onderskeiding in die metode van doeltreffendheidsbeoordeling. In die winsonderneming is wins en kapitaal direk verwant. Die meting van die wins teenoor die kapitaal waaruit dit gekweek is teen die agtergrond van die doel van die onderneming is derhalwe die korrekte manier om doeltreffendheid te bepaal. Koöperasie daarenteen is nie op wins in homself ingestel nie, maar wel om ekonomiese voordeel aan sy lede te gee.

Die „surplus" van 'n koöperasie wat die verskil tussen die inkomste en koste vir 'n bepaalde jaar weerspieël,

1) Kyk COETZEE, F.J.J. Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957, p.11.

gee geen aanduiding van die omvang van die voordeel wat aan die lede deurgegee is nie.

Die werklike waarde van die voordele wat vir die lede bewerkstellig is, is moeilik om te bepaal. Weens die feit dat die „surplus" nie die volledige prestasie van die koöperasie aangee nie, is dit nie geskik as middele vir die bepaling van die doeltreffendheid daarvan nie. Die rentabiliteitsnorm kan dus nie sondermeer by koöperasies aangelê word om prestasie te beoordeel nie.

3.3.2 LIKIDITEIT

Die likiditeit van die onderneming slaan op sy vermoë om op kontinue basis sy verpligtinge te kan nakom ten einde sy voortbestaan te verseker.¹⁾

Die twee kengetalle wat algemeen gebruik word by die beoordeling van die likiditeitsposisie van die onderneming is:

- (1) Die vlottende verhouding of eerste likiditeitsyfer ("current ratio"). Dit is die verhouding tussen die vlottende bates en die vlottende skulde. Die algemene reël is dat hierdie verhouding minstens 2:1 moet wees.

1) Kyk REYNDERS, op. cit., p.119.

(2) Die vuurproefverhouding ("acid test ratio").

Dit is die verhouding tussen die vlottende bates (minus voorraad) en die vlottende skulde. Dié verhouding word algemeen as gesond beskou as dit minstens 1:1 is.

3.3.3 SOLVABILITEIT

Die begrip solvabiliteit gaan om die verhouding tussen die totale bates en totale skulde van die onderneming. Van der Meulen ¹⁾ omskryf die begrip „..... as die vermoë van 'n onderneming om al sy vreemde kapitaal (met name ook die vreemde kapitaal wat op langtermyn aange-trek is) selfs by eventuele stopsitting van die ondernemingsaktiwiteite en die direkte verkoop van alle bates te kan aflos." 'n Veilig aanvaarde verhouding in dié verband is dat die eie kapitaal 50 persent van die totale kapitaal in die onderneming moet uitmaak of anders gestel dat die verhouding tussen die eie kapitaal en vreemde kapitaal 1:1 moet wees. Waar die norm in die evaluering van 'n onderneming gebruik word moet die risikofaktor ook deeglik in ag geneem word.²⁾

1) VAN DER MEULEN, op. cit., p.227.

2) Ibid., p.228. „Op grond van onsekerheid in die bedryfsekonomiese resultaat, is dit vir party ondernemings gevaarlik om te hoë jaarlikse vaste rentelaste op vreemde kapitaal en groot aflossingsverplichtinge in die toekoms aan te gaan.”

3.4 DIE FINANSIERINGSVRAAGSTUK

Finansiering is die proses waardeur die onderneming die nodige kapitaal verkry om in sy behoeftes te voorsien. Omdat daar 'n noue verband tussen die aantrekking en aanwending van kapitaal bestaan, moet dit nie by die bepaling van finansieringsbeleid uit die oog verloor word nie. Coetzee stel dit so¹⁾: „Daar is egter 'n noue verband tussen kapitaalverkryging en die aanwending daarvan om in die behoeftes te voorsien. Daar moet nie alleen 'n kwantitatiewe, maar ook kwalitatiewe aanpassing wees tussen die behoefte en beskikbare kapitaal.”

Die finansieringsvraagstuk gaan om die verband tussen die batestruktuur wat finansier moet word en die kapitaalstruktuur en staan veral onder die invloed van die rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit.

Die samestelling tussen die bate- en kapitaalstruktuur wat in die balans van die onderneming weerspieël word, word die finansiële struktuur genoem. By die bepaling van die struktuur moet wel deeglik besef word dat met elke verandering op die balans die verhouding ook verander. Die balans is 'n statiese weergawe van die finansiële struktuur op 'n bepaalde moment in die lewe van 'n dinamiese

1) COETZEE, op. cit., p.77.

organisasie. Tussen balansdatums kan die struktuur baie varieer.

3.4.1 DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR¹⁾

By die bepaling van 'n optimale finansiële struktuur vra Reynders²⁾ die volgende belangrike vraag:

„Met welke kapitaalsoorte en vorme en met welke finansieringsmetodes behoort die onderneming op die duur in sy kapitaalbehoefte te voorsien met die oog op die maksimalisering van die rentabiliteit van die beherende kapitaal oor die langtermyn, maar met behoud van insonderheid likiditeit en solvabiliteit en in die lig van die sosiale, politieke ekonomiese toestand in die bepaalde land.” Met betrekking tot die vraagstuk dien die doel van die onderneming as riglyn vir die finansieringsbeleid wat deur die bestuur gevolg moet word.

Batty³⁾ beskou onder andere rentabiliteit, weerstandsvermoë, elasticiteit, beheer en kapitaalstruktuurverhouding as die belangrikste aspekte wanneer daar na 'n ideale finansiële struktuur gesoek word. Rentabiliteit het in die geval veral op die koste van kapitaal betrekking

1) Vir 'n meer volledige bespreking van die onderwerp kyk REYNDERS, op. cit., hoofstuk 10.

2) Ibid., p.295.

3) BATTY, J. Management Accountancy. Third Edition, London, MacDonald and Evans, 1970, p.172.

terwyl weerstandsvermoë die vermoë van die onderneming om sy verpligtinge in moeilike tye na te kom weergee.

Elastisiteit verwys na die kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe aanpasbaarheid van die finansieringsapparaat by veranderde omstandighede. Dit is duidelik dat die drie genoemde aspekte niks anders as die drie klassieke maatstawwe, naamlik rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit is nie.

Die beheeraspek kom ter sprake wanneer die verskaffer van kapitaal die beheer in die onderneming kan beïnvloed en tot nadeel van die bestaande aandeelhouders beheer in die onderneming kan verkry.¹⁾

Die kapitaalstruktuurverhouding dui op die verhouding van die eie kapitaal tot die vreemde kapitaal in die onderneming. Wanneer 'n onderneming van min eie kapitaal, insluitende reserwes en onverdeelde winste gebruik maak, word sy kapitaal as „hooggerat” beskou.²⁾ Cilliers³⁾ sê dat dit die geval is indien meer vreemde kapitaal as eie kapitaal gebruik word. Indien die teenoorgestelde geld, word weer gesê dat die kapitaal „laaggerat” is.

-
- 1) Die aspek is veral by koöperasies van belang waar van Landbanklenings gebruik gemaak word. Kyk COETZEE, op. cit., p.139.
 - 2) BATTY, op. cit., p.174.
 - 3) CILLIERS, J.A. Inleiding tot ontleding en vertolking van finansiële state. Pretoria, Van Schaik Beperk, 1965, p.26.

Die kapitaalstruktuur van die onderneming behels in der waarheid niks anders as die solvabiliteitsaspek nie.

Samevattend word die optimale finansiële struktuur as 'n kompromie tussen die solvabiliteit, likiditeit (weerstandsvermoë) en rentabiliteit op grond van die feit dat die aspekte 'n wedersydse invloed op mekaar het, gesien.¹⁾ Rentabiliteit kan tot so 'n mate in die onderneming opgevoer word dat likiditeit en solvabiliteit ingeboet word. Waar die bedryfsekonomiese rentabiliteit van die onderneming hoër as die rentabiliteit van vreemde kapitaal is, bestaan die neiging om meer vreemde fondse aan te trek met 'n gevolglike gevaar vir die solvabiliteitsposisie. Oormatige likiditeit het weer 'n nadelige invloed op die rentabiliteit van die onderneming.

3.4.2 FINANSIËLE BELEID

Onder die opskrif sal kortliks op die verband tussen die kapitaalbehoefte van die onderneming en die wyse van finansiering gelet word. Soos reeds genoem, behoort daar 'n verband te bestaan tussen die doel en die wyse van finansiering.²⁾ Die gebruikelike indeling van die bates van 'n onderneming is in vaste en vlottende bates.

1) REYNDERS, op.cit., p.304.

2) Sien paragraaf 3.4.

Vaste bates is bates wat oor die langtermyn omloop en behoort derhalwe met langtermynkapitaal finansier te word. Dit sluit die relatief permanente bates soos grond, geboue, masjinerie, toerusting asook nie-materiële vaste bates soos patentregte, konsessies, klandisiewaarde en dergelike in. Vlottende bates wat 'n relatief vinnige omlooptyd het en dus minder permanent van aard is, behoort meer met korttermynkapitaal finansier te word. Dikwels word dit ook die werkende kapitaal van die onderneming genoem en die omlooptyd van die bates is normaalweg minder as een jaar.¹⁾ Die vlottende bates bestaan uit kontant, debiteure, voorraad, vooruitbetaalde uitgawes, deposito's en verbruiksvoorrade, byvoorbeeld skryfbehoeftes.

In die volgende bespreking word dieper op die vraagstuk oor hoe die kapitaalbehoeftes van die onderneming op die voordeligste wyse bevredig kan word, ingegaan.

3.4.2.1 VASTE KAPITAAL

As 'n reël is dit voordeliger om vaste bates met langtermynfondse te finansier omdat dié fondse gewoonlik goedkoper as kortkrediet is en die termyn daarvan ook minder onsekerheid inhou. Dit impliseer dat dit riskant kan

1) Kyk BATTY, op. cit., p.127 en REYNERS, op. cit., p.43.

wees om 'n vaste bate met fondse te finansier waarvan die termyn korter is as die omlooptyd van die betrokke bate, veral wanneer aflossing moet geskied voordat die bate 'n inkomste kon verdien. Hieruit kan afgelei word dat bates van permanente karakter, soos grond en geboue deur middel van eie kapitaal dit wil sê met aandelekapitaal, reserwes en onverdeelde winste finansier behoort te word. Die eie kapitaal vervul as sodanig 'n tweërlei funksie in die onderneming. Dit dien as middel vir die aan=skaffing van vaste bates sowel as waarborg vir die ver=skaffers van vreemde kapitaal.¹⁾ Laasgenoemde dui op die gesonde solvabiliteitsposisie wat die voorskieters van vreemde kapitaal van die onderneming vereis.

3.4.2.2 VLOTTENDE KAPITAAL

Met inagneming van die omlooptyd daarvan is dit pasliker om vlottende bates met korttermynfondse te finansier. In elke onderneming is daar 'n sekere minimum kapitaal opgesluit in byvoorbeeld debiteure en voorraad om „..... 'n reëlmatige voortsetting van die onderneming te verseker.”²⁾ Dit staan ook bekend as die „ysere voor=raad” wat met die permanente behoeftes van die onderne=ming vergelyk. Die finansiering van die behoefte

-
- 1) Kyk RADEL, F. en REYNDERS, H.J.J. Inleiding tot die Bedryfseconomie, Pretoria, Van Schaik Beperk, 1971, p.213 asook REYNDERS, op. cit., p.37.
 - 2) REYNDERS, op. cit., p.64.

behoort op die langtermyn verkry te word.¹⁾

'n Verdere aspek wat 'n invloed op die wyse van finansiering van die vlottende behoeftes in die onderneming het, is die gelykmatigheid van dié behoefte. In die geval van 'n gereelde wisseling in die behoefte as gevolg van byvoorbeeld die invloed van seisoene is dit beter om die wisselende gedeelte met langkrediet te finansier.

Weens die relatief laer koste van langtermynkapitaal is die verskil in inkomste wat verkry word uit die belegging van die wisselende gedeelte gedurende die periode van leegloop en die koste van die kapitaal voordeliger as in die geval van aanwending van kortkrediet vir dié finansiering. Hierdie aanname geld natuurlik net solank die koste van langkrediet laer as dié van kortkrediet is.²⁾

3.4.2.3 DIE BEHOEFTE AAN KAPITAAL

Die kapitaalbehoefte van die onderneming word bepaal deur sy aard en omvang. So word die middele wat nodig is ook deur die ekonomiese funksie wat verrig word, bepaal. Die wyse waarop die middele bekom sal word,

1) COETZEE, op. cit., p.79.

2) REYNDERS, op. cit., p.306.

word in die finansiële beleid na uitsluitel op sekere vrae in dié verband verkry is, gestel. Ons gee kortliks aandag aan enkele van die vrae en faktore wat dit mag beïnvloed.

Daar moet vooraf besin word of vaste bates wat normaalweg groot kapitale investering vereis, gekoop of gehuur sal word. Deur dit te huur, word die finansieringslas verlig, maar dit bring weer 'n groot vaste koste mee.

Die grootte en mengsel van die voorraad wat gehou sal word, het 'n direkte invloed op die kapitaal wat verkry moet word. Deeglike beplanning in dié verband is derhalwe noodsaaklik om die rentabiliteit van kapitaal in voorraad belê, te maksimaliseer. Die faktore wat veral in die beplanning van voorraad oorweeg moet word, is die direkte koste, die beskikbaarheid daarvan en die mark wat bedien sal word.

Die vraag of afnemerskrediet verskaf sal word moet ook vooraf beantwoord word. Indien krediet wel gegee word, sal dit die finansieringsbehoefte aansienlik vergroot. Vir die effektiewe bestuur van krediet is 'n duidelik formuleerde beleid waarin ondermeer die omvang en termyn van kredietverlening gestel word, noodsaaklik.

Verdere aspekte wat die kapitaalbehoefte beïnvloed, is onder andere die mate waarin die onderneming aan sikliese

skommelingse blootgestel is asook die groeipotensiaal en ontwikkelingsbeleid van bestuur. Die juridiese of dan wel morele verpligtinge van die onderneming het ook 'n besliste invloed op die behoefte aan kapitaal. Uit die aard van die ekonomiese funksie van die koöperasie is dit byvoorbeeld as 'n gesamentlike onderneming verplig om met betrekking tot die doel daarvan die volle produksie van sy lede af te neem.¹⁾

Voorafgaande bespreking dui daarop dat daar sekere riglyne ten opsigte van die finansiering van die kapitaalbehoefte van die onderneming bestaan. Daar bestaan egter geen vaste reëls in dié verband nie gevolglik moet die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitseise gesamentlik in kompromie in die strewe na 'n optimale finansiële struktuur bevredig word.

3.5 VERHOUDINGSANALISE AS HULPMIDDEL VIR FINANSIËLE BESTUUR

Die taak van finansiële bestuur behels die vooruitskating, beplanning en kontrole van finansiële veranderlikes op grond van 'n te voere finansiële beleid ten opsigte van rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit.²⁾ In die

1) COETZEE, op. cit., p.86.

2) Kyk paragraaf 3.2.

uitvoering van die taak het die finansiële bestuur effektiewe hulpmiddele nodig en verhoudingsanalise is een van die antwoorde daarop. Finansiële veranderlikes word deur middel van analise bepaal en dan vir vooruitskattings en beplanning gebruik. Standaarde vir effektiewe beheer word ook deur gebruik van dié veranderlikes ontwikkel.

Met verhoudingsanalise word bedoel die ontleding van sekere verwantskappe tussen verskillende poste op die balans onderling asook van die verband van dié poste tot sekere items in die wins- en verlies- en handelsrekening. In die bespreking van die begrippe rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit is reeds met finansiële verhoudings kennis gemaak.¹⁾

Verhoudingsanalise moet oordeelkundig gebruik word om misleiding en verkeerde afleidings te voorkom. 'n Seke= re verhouding op sigself het nie veel waarde nie maar deur dit met dieselfde syfer van ander ondernemings of met die resultaat van vorige jare te vergelyk, word waardevolle inligting vir bestuur verkry. Soos reeds genoem, dien neigings wat so afgelei word as basis vir vooruitskattings en die ontwikkeling van standaarde vir kontroledoeleindes. Die basiese vereistes wat ten opsigte van verhoudingsanalise gestel word, is onder meer

1) Kyk paragraaf 3.3. vir die inhoud van dié begrippe.

dat die persoon wat die verhoudings gebruik, moet weet hoe dit bepaal is.¹⁾ Verder moet die verhoudings wat bepaal word sinvol wees. Met ander woorde daar moet 'n logiese verband tussen groothede wat vergelyk word, bestaan. Verhoudingsgetalle wat vergelyk word, moet werklik vergelykbaar wees anders is so 'n vergelyking van geen waarde nie. Voorraad moet byvoorbeeld op die selfde basis waardeer word wanneer die voorraadomsetsnelheid van agtereenvolgende jare vergelyk word. Verhoudingsgetalle moet ook betroubaar wees in die sin dat slegs relevante gegewens in die verhoudingsgetal gebruik word. So moet die kredietomset en nie die totale omset nie byvoorbeeld in die bepaling van die debiteure-omset gebruik word.

Soos reeds genoem, sê 'n verhoudingsgetal as sodanig nie veel nie. Daar moet 'n norm bestaan waaraan dit beoordeel kan word. Gewoonlik word drie soorte maatstawwe gebruik, naamlik²⁾:

- (1) Algemeen aanvaarde standaarde wat ontwikkel is uit die ervaring van baie ondernemings oor die jare. Op grond van omstandighede wat kan verskil, het die norme beperkte waarde vir die individuele onderne=

1) Kyk BATTY, op. cit., p.44 asook REYNDERS, op. cit., p.96.

2) REYNDERS, op. cit., p.97.

ming in die sin dat dit slegs die aspekte aandui wat verder ondersoek kan word. Enige afwyking van die aanvaarde standaard dui dus nie sondermeer op 'n swakheid in 'n spesifieke onderneming nie, maar mag wel wys op wat verder ondersoek kan word.

- (2) Norme wat gedurende die bestaan van die onderneming uit ondervinding ontwikkel is. Dit spreek vanself dat die onderneming 'n geruime tyd moes bestaan om die standaarde te kon ontwikkel. Die selfontwikkelde standaarde is van groot waarde in die proses van beplanning vir die toekoms asook in die beoordeling van resultate.
- (3) Standaardverhoudingsgetalle wat ontwikkel is uit die resultate van 'n groot aantal vergelykbare ondernemings. Die vergelykbaarheid van die ondernemings en die wyse waarop die syfers bereken is, het invloed op die gebruikswaarde van dié getalle.

In praktyk word die drie norme dikwels in kombinasie gebruik afhangende van wat die gebruiker wil bepaal.

3.6 SAMEVATTING

Uit die teoretiese bespreking van finansiële bestuur het geblyk dat dit oor 'n wye veld strek en dat dit in die onderneming met die ander bestuursfunksies vervleg is. Primêr gaan dit om die doelmatige aantrekking en aan-

wending van fondse. Verder is aangedui dat die optimale finansiële struktuur slegs in 'n kompromie tussen die rentabiliteits-, solvabiliteits- en likiditeitseise in die onderneming verkry kan word.

Die gebruik van verhoudingsanalise is 'n handige hulpmiddel vir finansiële bestuur in die bepaling van die finansiële veranderlikes met die oog op vooruitskatting en beplanning in die onderneming. Dit dien ook as basis en norme by die uitvoering van beheer en die beoordeling van prestasie.

HOOFSTUK 4

FINANSIËLE BESTUUR IN DIE KOÖPERATIEWE ONDERNEMING

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is op die teorie van finansiële bestuur gelet en is reeds by geleentheid verwys na die posisie van koöperasies ten opsigte van sekere aspekte.¹⁾

Weens die besondere aard en doel van koöperasie wat van dié van die winsonderneming verskil, is dit nodig om eers aandag te gee aan die leer van die koöperatiewe finansiering alvorens die praktiese uitvoering van die finansiële bestuursfunksie in die tipe onderneming ondersoek word.²⁾

Die beginsels en norme wat in die bespreking uitgelig word, sal weer in hoofstukke 5 en 6 in oënskou geneem word om te bepaal in watter mate dit prakties deur S.W.T.L.K. ten uitvoer gebring is.

1) Kyk paragraaf 3.3.1.

2) Vir die bespreking aan die „Aard en wese van Koöperasies" kan onder andere die volgende bronne geraadpleeg word. BOSHOFF, C.H. Die Finansiering van Landboukoöperasies in S.A. (Proefskrif). P.U. vir C.H.O., 1971. COETZEE, op. cit. TER WOORST, G.J. Coöperatie als vorm van Economische Organisatie. Arnhem, 1966.

4.2 DIE FINANSIERINGSVRAAGSTUK IN DIE KOÖPERATIEWE ONDERNEMING

Ook wat landboukoöperasies betref, geld die beginsel dat daar 'n verband tussen die kapitaalbehoefte en die bevre= diging daarvan moet bestaan.¹⁾ Die omlooptyd en die finansieringstermyn moet dus by mekaar aanpas anders kan finansiële probleme ondervind word. Indien die termyn van finansiering korter is as die omlooptyd van die be= trokke bate mag dit gebeur dat die terugvloei van fondse nie voldoende is vir die aflossing van die skuld nie. Vaste bates moet derhalwe met langtermynkapitaal en vlot= tende bates met korttermynkapitaal gefinansier word.

Kapitaalbronne is van besondere belang in die bevrediging van die kapitaalbehoefte van koöperasies. Besondere probleme word deur koöperasies ondervind in die strewe na die handhawing van die likiditeit en solvabiliteit. In dié verband speel die aard en wese van koöperasie en die bronne van kapitaal waarop die koöperasie aangewys is 'n belangrike rol. Die doel van die koöperasie bepaal grootliks die behoefte aan kapitaal en dié behoefte moet uit bepaalde bronne bevredig word.

1) Kyk paragraaf 3.4.

4.2.1 DIE BRONNE VAN KAPITAAL

Die kapitaalbronne vir landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika het 'n besondere invloed op die finansieringsvraagstuk. 'n Nadere ondersoek van die bronne betreffende aard en kwaliteit is noodsaaklik om die studie enigszins volledig te maak.

Basies word die bronne van kapitaal vir koöperasies ook volgens die algemene praktyk ingedeel in eie en vreemde kapitaal. Soos uit die verdere bespreking sal blyk, is daar sekere kapitaalsoorte wat in die koöperasie as eie kapitaal geklassifiseer word terwyl dit in die winsonderneming as vreemde kapitaal staan. Die afwyking word nogmaals aan die eiesoortigheid van koöperasie toegeskryf.

4.2.2 EIE KAPITAAL (LEDEKAPITAAL)

Onder eie kapitaal word bedoel die kapitaal wat deur lede verskaf word, hetsy direk deur die uitreiking van aandele en heffingsfondse en/of indirek deur reservering en onverdeelde winste.¹⁾ Die besondere aard van die koöperatiewe onderneming laat die verwagting ontstaan dat die lede die grootste deel kapitaal moet verskaf of die

1) Kyk COETZEE, op. cit., hoofstuk 6.

aanspreeklikheid daarvoor moet dra. Boshoff¹⁾ rede= neer dat koöperasies met onbeperkte aanspreeklikheid be= hoort geregistreer te word omdat dit in wese 'n gesament= like onderneming is. Dit is slegs om praktiese eko= nomiese redes dat die 1922 Wet²⁾ voorsiening gemaak het vir die registrasie van koöperasies met beperkte aan= spreeklikheid in Suid-Afrika.

Die beginsel van proporsionele verdeling van surplusse na die lede wil dat die bydrae tot kapitaal ook op die basis moet geskied. Hoewel die beginsel ten opsigte van surplusverdeling konsekwent deur koöperasies toege= pas word, is dit slegs by sekere spesialiteitskoöperasies die gebruik om die direkte kapitaalbydrae aan deelname te koppel. In die praktyk verg dié gebruik 'n definitiewe basis waarop die bydrae kan berus. Verder moet dié basis stabiel wees om onnodige administrasie uit te skakel.

Die feit dat die kapitaalvoorsiening nie op proporsionele basis geskied nie, regverdig die betaling van rente op kapitaal omdat dit die billike verspreiding van die kapi= taalkoste meebring. Die lid wat nie sy regmatige deel

1) BOSHOFF, op. cit., p.77.

2) Wet nommer 28 van 1922.

tot die kapitaal van die koöperasie bydra nie, dra by tot die delging van die koste daarvan deurdat die vergoeding aan kapitaal die verdeelbare surplus kleiner maak. Weens die verskil in mening oor sekere aspekte rakende die eie kapitaal van die koöperatiewe onderneming gee ons vervolgens aandag aan die elemente van dié kapitaal.

4.2.2.1 AANDELEKAPITAAL¹⁾

Die beginsel van beperkte aanspreeklikheid het gelei tot die toekenning van aandele aan die lede van koöperasies. In die Republiek van Suid-Afrika is daar nog net 'n koöperatiewe kaasfabriek wat nie die aanspreeklikheidsvorm aangeneem het nie. Die aandele van koöperasies verskil basies van die winsmaatskappy. Die Wet²⁾ bepaal onder meer dat koöperatiewe aandele almal van dieselfde klas en rangorde moet wees. Verder is die aandele nie sondermeer oordraagbaar nie. Die aandeleregister van 'n koöperasie sluit nooit en die aandeelwaarde appresieer ook nie.³⁾ Die bepaling dat aandeelhouding terugbetaalbaar is by die uittrede of afsterwe van 'n lid onder

-
- 1) Kyk COETZEE, op. cit., hoofstuk 6 en BOSHOF, op. cit., hoofstuk 6.
 - 2) Wet op Koöperatiewe Verenigings. (Wet 29 van 1939, soos gewysig). Pretoria, Staatsdrukker, artikel 20(2).
 - 3) Ibid., artikel 24(1).

sekere voorwaardes maak die aandelekpaitaal van 'n koöperasie ook minder permanent van aard en dus minder duursaam.¹⁾

In die praktyk is gevind dat soos lede uittree, tree daar nuwes toe met die gevolg dat die omvang van aandelekapaitaal op die balans oor die jare redelik konstant bly. Die mate van stabiliteit sterk die eienskap van permanentheid en duursaamheid van aandelekapitaal in die koöperasie.

Vergoeding op aandelekapitaal is deur wetgewing beperk tot 'n maksimum van agt persent per jaar; aandeelhouding het verder geen invloed op die aantal stemme wat aan 'n lid op die ledevergadering toegeken kan word nie en die verdeling van die jaarsurplus word ook nie daarop gebaseer nie.²⁾

Voorgenoemde eienskappe van die koöperatiewe aandeel speel 'n groot rol in die probleme wat ondervind word in die soeke na voldoende eie kapitaal in die koöperatiewe maatskappy.³⁾ Om die rede speel aandelekapitaal 'n minder belangrike rol in die finansieringsstruktuur van koöperasies. Tog dien dit as die vernaamste bron van risiko=

-
- 1) Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.134.
 - 2) Wet op Koöperatiewe Verenigings, op. cit., artikels 15(2) en 39(1).
 - 3) COETZEE, op. cit., p.101 en Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.133.

kapitaal en is dit verder, met die uitsondering van reserwes, die veiligste vorm van langtermynkapitaal vir die koöperasie. Die waarde van aandelekapitaal in koöperasies moet nie beoordeel word na die omvang in die kapitaalstruktuur nie, maar na kwaliteit daarvan as risiko-kapitaal ten opsigte van die finansieringsprobleem.

4.2.2.2 LEDEFONDSE

Onder ledefondse word bedoel alle fondse wat van lede verkry word deur die terughouding van betalings op produkte wat aan die koöperasie gelewer is of van surplusse wat aan lede toegeken is. Hierdeur word uitvoering aan die proporsionaliteitsidee ten opsigte van die voorsiening van kapitaal deur lede gegee.¹⁾

By die heffing op produkte word twee soorte fondse aange-tref, naamlik die ledeheffingsfonds en die roterende ledeheffingsfonds. Eersgenoemde fonds word uitbetaal by uittrede of afsterwe van 'n lid terwyl die roterende fonds na 'n bepaalde tyd onder sekere voorwaardes uitbetaal word. Die termyn van rotasie word in die statuut van koöperasies vasgestel.

Die terughouding van toegekende surplusse kom in wese op dieselfde beginsel neer as die heffingsfonds. Dit kan

1) ERDMAN, H.E. & LARSEN, G.H. Revolving Finance in Agricultural Co-operatives. Madison Wisconsin, Mimir publishers Inc., 1965, p.32.

ook eers afhangende van die koöperasie se statuut na uit=
trede of afsterwe van 'n lid of na verstryking van 'n sekere
termyn uitbetaal word. Normaalweg word in die statuut
ook voorsiening gemaak vir die betaling van rente op lede=
fondse.

Met ledefondse beoog 'n koöperasie soos reeds genoem om
'n verband tussen 'n lid se kapitaalbydrae en sy gebruik=
making van die fasiliteite van die koöperasie te bewerk=
stellig. Ledefondse is ook goedkoop kapitaal omdat
die rentekoers gewoonlik relatief laag vasgestel word en
in die praktyk dien dit ook as sekuriteit vir die ver=
lening van produksiekrediet aan lede.¹⁾ Die fondse
mag vir enige doel gebruik word behalwe om verliese
daarteen af te skryf.

Ledefondse as bron van kapitaal kan ook gevare vir 'n
koöperasie inhou. So mag 'n koöperasie probleme
ondervind by die uitbetaling van roterende fondse op
die bepaalde datums aangesien die jaarlikse bydraes tot
dié fondse baie kan fluktrueer. Dit mag wees dat
groot terugbetalings gedoen moet word juis op 'n tydstip
wanneer groot kapitale uitbreidings gemaak moet word.
Dié probleme kan oorbrug word deur in die statuut van
die koöperasie te bepaal dat roterende kapitaal na ver=

1) COETZEE, op. cit., p.107.

stryking van 'n bepaalde termyn uitbetaal sal word indien die koöperasie na oordeel van die direksie in die posisie is om dit te kan doen.

Vir die lid het die ledefondsstelsel die voordeel dat sy belangstelling gestimuleer word deur die vergroting van sy finansiële belange in die koöperasie en dit gee hom ook die tevredenheid dat elkeen bydra volgens sy gebruik van die koöperasie.¹⁾ Die beginsel van rotering laat ook elke geslag in dieselfde verhouding bydra tot die finansiering van hul koöperasie.²⁾ Verder kry die lid ook produksiekrediet op sterkte van sy ledefondse sowel as rente op die belegging. By likwidasië van 'n koöperasie word die ledefondse aan lede terugbetaal nadat al die skulde afgelos is, dit wil sê voor enige verdere verdeling van die oorskotkapitaal gedoen word.

Ten opsigte van die karakter van ledefondse bestaan daar 'n verskil in mening by die verskillende skrywers. Volgens Coetzee en Boshoff onder andere is ledefondse eie kapitaal.³⁾ Erdman daarenteen sê dat roterende kapitaal eie kapitaal is totdat die terugbetaaldatum vasgestel is, waarna dit leenkapitaal word.⁴⁾

1) ERDMAN & LARSEN, op. cit., p.81.

2) COETZEE, op. cit., p.110.

3) BOSHOFF, op. cit., p.88.

4) ERDMAN & LARSEN, op. cit., p.160.

In die stadium is dit miskien raadsaam om eers op die besondere kwaliteite van eie kapitaal te let en dan die verskillende opvattinge daaraan te toets. Die belangrikste kenmerke van eie kapitaal is die onbepaalde termyn daarvan en die feit dat dit nie in die vorm van 'n skuld voorkom nie, met ander woorde, dat dit geen juridiese aanspraak op 'n vaste inkomste bied nie.¹⁾ Volgens die eienskappe sien Die Kommissie van Onderzoek na Kooperatiewe Aangeleenthede, ledefondse nie as eie kapitaal nie.²⁾ Dit is leenkapitaal, met slegs die verskil dat dit van die lede en nie van vreemdes verkry is nie.

Russell C. Engberg³⁾ maak onderskeid tussen eie en ledekapitaal. Laasgenoemde sluit in addisionele kapitaal deur lede voorsien bo en behalwe aandelekapitaal en reserwes. Ledefondse met gespesifiseerde vervaldatums en rentevergoedings word nie as eie kapitaal beskou nie hoewel dit ledekapitaal is.

Op grond van die eienskappe van eie kapitaal moet saamgestem word met genoemde argumente naamlik dat ledefondse nie eie kapitaal is nie. Die vraag wat egter na vore

-
- 1) REYNDERS, op. cit., p.37 en Kommissie van Onderzoek na Kooperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.134.
 - 2) Die Kommissie van Onderzoek na Kooperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.134.
 - 3) ENGBERG, R.C. Financing Farmer Co-operatives. Banks for Co-operatives, 1965, p.26, 71 en 89.

kom is of die genoemde eienskappe so 'n suiwere basis vorm vir die beoordeling van die kwaliteite van eie kapitaal. Die Kommissie¹⁾ beweer dat ledefondse die belangrikste eienskappe van vreemde kapitaal besit met die hoofverskil dat dit van lede kom en nie van 'n derde persoon nie.

Wanneer op die eisposisie van ledefondse by likwidasie van die koöperasie gelet word, word 'n groot verskil ten opsigte van die posisie van vreemde kapitaal bemerk. Die feit dat ledefondse nie dieselfde voorkeure as vreemde kapitaal geniet nie kan nie sondermeer oor die hoof gesien word nie. In die verband mag dit as waarborg vir vreemde kapitaalverskaffers dien.²⁾

Wat die permanentheid van ledefondse betref, wil skrywer aanvoer dat sodra die proses van rotasie ten opsigte van die kapitaal begin, die totaal van die fonds sal neig tot stabilisasie om as sodanig 'n permanente karakter aan te neem. In effek word dus stabiliteit in die kapitaal verkry met moontlike geringe fluktuasie soos fondse in- en uitvloei in die proses van rotasie. In die stadium word volstaan met die gedagte dat ledefondse wel 'n leningskarakter het. Op grond van die eisposisie by likwidasie openbaar ledefondse egter ook die eienskap

1) Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.134.

2) Kyk paragraaf 3.4.2.1.

van eie kapitaal. Omdat die studie ondermeer oor die finansieringsvraagstuk en derhalwe die optimale finansieringsstruktuur handel en die proporsionaliteitsgedagte in die vorm van ledefondse in koöperasies tot uiting kom, word ledefondse onder eie kapitaal geklassifiseer.

4.2.2.3 RESERVERING

Onder reservering word verstaan die interne finansiering deur middel van die terughouding van surplusse. Die voordeel van reservering is dat dit die risikodraende vermoë verhoog waardeur die kredietwaardigheid van die onderneming stimuleer word. Reservering geskied ook deur die vorming van geheime reserwes by die winsbepaling wanneer byvoorbeeld oormatige afskrywings op bates gedoen word.

Die reserwefonds van koöperasies mag vir enige doel aangewend word waarvoor die aandelekapitaal aangewend kan word, maar dit mag nie onder lede verdeel word op 'n ander wyse as waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak word nie, behalwe in die geval van likwidasië.¹⁾ Die afskrywing van verliese teen die reserwefonds word

1) Wet op Koöperatiewe Verenigings, op. cit., artikel 24(2).

nie geag 'n verdeling onder lede te wees nie.¹⁾ Die eienskap gee aan reserwes 'n permanente karakter en op grond daarvan dat lede geen vergoeding op die reserwefonds ontvang nie, kwalifiseer dit as eie kapitaal.²⁾

Die vorming van reserwes word deur teoretici as oplossing vir die probleem van tekort aan eie kapitaal in koöperasies gesien.³⁾ Dit is permanente kapitaal wat rentevry bekom word en die skepping daarvan is maklik omdat dit geskied op aanbeveling van die direksie en dit mag nie minder wees as wat die direkteure aanbeveel nie.

Wat is nou die gewenste omvang van reserwes in 'n koöperasie. In sy benadering van die vraag onderskei Coetzee⁴⁾ tussen algemene en spesifieke geleentheidsreserwes of voorsienings. Wat laasgenoemde betref, is sy opvatting dat dit nuttig is as skokbrekers vir besondere gebeurlikhede en die omvang daarvan moet gevolglik met die moontlike omvang van die besondere verlies of uitgawe verband hou.

1) Ibid.

2) Kyk paragraaf 4.2.2.2 vir die eienskappe van eie kapitaal.

3) COETZEE, op. cit., p.117 en Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.135.

4) COETZEE, op. cit., p.122.

Meyer deel die opvatting met Coetzee hoewel hy nie spesifiek onderskei tussen die soorte reserwes nie.¹⁾ Volgens hom is dit gesonde beleid om reserwes geleidelik op te bou tot 'n bedrag wat genoegsaam sal wees om buitengewone omstandighede wat mag ontstaan die hoof te bied. So behoort 'n vervaardigingskoöperasie 'n reserwefonds op te bou wat voldoende sal wees om alle uitgawes wat kan ontstaan wanneer die uitrusting van die koöperasie vir 'n seisoen weens oesmislukking ongebruik staan, te dek.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede bepleit dat reservering deur Wetgewing op koöperasies afdwing moet word en wel tot so 'n mate dat die aandeelkapitaal plus reserwes minstens 30 persent van die totale kapitaal uitmaak in die geval van inkoops- of afsetkoöperasies en 60 persent in die geval van verwerkingskoöperasies.²⁾ Solank die vereiste verhouding tot die totale kapitaal nog nie behaal is nie moet 25 persent van die winste³⁾ in die algemene reserwefonds gestort word alvorens enige ander vorm van winsaanwending mag plaasvind. Belastingtoegewings moet ook gemaak word aan koöperasies wie se ingehoue wins nog nie aan hulle uitgereikte aan=

-
- 1) MEYER, A.S. Moderne Landboukoöperasie in Ekonomiese Perspektief. (Proefskrif). Universiteit van Stellenbosch, 1973, p.163.
 - 2) Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.149 en 211.
 - 3) In koöperasie word van surplus gepraat maar die aangehaalde werk praat van wins.

delekapitaal gelyk is nie en die koöperasies nog nie tien jaar oud is nie.¹⁾ Die aanbeveling moedig ongetwyfeld hoë reserweworming aan wat direk indruis teen die koöperatiewe gedagte soos sal blyk uit die res van die bespreking. Daar bestaan enigsins twyfel of reserweworming koöperatief verantwoordbaar is. Die vraag sny ten nouste by die beskouing oor die wese en aard van koöperasies aan.²⁾

Op grond van die aanname dat koöperasie die verlengstuk van sy lede is en dus 'n onselfstandige hulporgaan is, word reservering as onkoöperatief beskou. Die argument teen groot reserwefondse is dat dit op geen stadium behalwe in die geval van likwidasië onder die lede verdeel word nie. Lede wat uittree of te sterwe kom, het in die opsig geen eis teen die reserwefonds nie. Dit is voorwaar onregverdig en teenstand kan in die verband van lede verwag word. Dat lede nie vergoeding op die fondse ontvang nie, word regverdig omdat lede proporsioneel daartoe bydra. Indien daar nie 'n bedrag reserveer is nie, sou die lid se bonus wat op basis van deelname toegeken word groter gewees het.

1) Ibid., p.214.

2) COETZEE, op. cit., p.119 en TER WOORST, op. cit., p.112.

Die aanvaarbare alternatief vir reserwefondse skyn die uitgestelde bonusbetalingsfonds te wees. Die teruggehoue gedeelte van die surplusse word op die naam van die lid gekrediteer wat vir hom 'n aanduiding van sy finansiële belang in sy koöperasie gee. By uittrede word dit aan hom uitbetaal indien dit vir die koöperasie in daardie stadium geleë is. Ter Woorst¹⁾ praat in die verband van „persoonlike reservering” en die voordeel daarvan is dat dit die risiko van lede afsonderlik aangee en so die ekonomiese band tussen die lid en die koöperasie versterk.

4.2.2.4 SAMEVATTING

Die onderneming moet eie kapitaal hê om bates aan te skaf en om te dien as sekuriteit vir die aantrekking van vreemde kapitaal. Waar die koöperatiewe onderneming in beginsel as 'n gesamentlike onderneming van sy lede funksioneer, word verwag dat lede die grootste deel van kapitaal self sal voorsien.²⁾ Uit tabel 4.1 blyk dat aandeelkapitaal in die praktyk nie die rol speel wat dit behoort te speel nie. In werklikheid word dit slegs beskou as 'n betaling om lidmaatskap in die koöperasie te bekom.

1) TER WOORST, op. cit., p.112.

2) Kyk tabel 4.1 vir die eie kapitaalverhouding in verskillende koöperasies soos op 30 Junie 1971.

TABEL 4.1

Die samestelling van die eie kapitaal van verskillende koöperasies uitgedruk as 'n persentasie van die totale kapitaal soos op 30 Junie 1971

Soort koöperasie	Opbetaalde Aande=lekapi=taal	Reserwes	Lede=fondse	Onverdeel=de sur=plusse	Totale eie Kapitaal
	Persent	Persent	Persent	Persent	Persent
Graan	2,15	15,05	8,75	0,95	26,9
Tabak	0,55	24,26	35,16	0,73	60,7
Lusern	1,76	21,16	8,11	4,27	35,3
Algemene Produkte	5,98	36,77	-	4,05	46,8
Sitrus	16,18	14,86	32,70	0,06	63,8
Sagtevrugte	16,72	21,29	28,06	0,23	66,3
Wyn	11,19	45,31	2,24	5,56	64,3
Vleis	8,79	22,98	2,50	2,43	36,7
Suiwel	9,54	32,33	2,25	2,48	46,6
Wol	2,32	17,78	-	-	20,1
Boerderybeno=digdhede	1,42	24,45	0,13	1,90	27,9
Alle landboukoöpe=rasies	5,0	21,08	8,03	1,89	36,0

- 1) Saamgestel uit gegewens verkry by die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Dat lede tot die kapitaalbehoefte in verhouding tot hul gebruik daarvan moet bydra, word as koöperatief korrek beskou. Die finansiering van koöperasies deur middel van ledefondse word as oplossing in die strewe na vol-doende eie fondse gesien. In watter vorm dit toegepas moet word, sal afhang van die soort koöperasie, asook die omvang en stabiliteit van die aktiwiteite daarvan. So sal 'n heffing op produkte die aangewese wees by die koöperasie wat net die produkte van sy lede hanteer terwyl die terughouding van toegekende bonusse die regte metode by die verskaffing van benodigdhede sal wees. Of die fondse roterend sal wees, sal grootliks deur die kapitaalposisie van die koöperasie bepaal word.

Reserweworming is nie koöperatief verantwoordbaar nie. Hoewel dit 'n belangrike bron vir eie kapitaal is is dit vir die lid by uittrede verlore. Dit maak reservering ietwat onregverdig en onvanpas in die koöperatiewe onderneming. Deur die fondse op lede se name te krediteer, word dié probleem oorbrug en word ook lede-lojaliteit in die hand gewerk. Dit is ook 'n belangrike vorm van spaar vir lede met die oog op hul oudag. Indien koöperasies belasting op onuitgekeerde winste moet betaal, sal die belastingdruk op die wyse ook baie verminder.

4.2.3 VREEMDE KAPITAAL

Vreemde kapitaal is die beskikkingsmag wat van ander per-

sone as die lede van 'n koöperasie kom. Ten opsigte van vreemde kapitaal bestaan daar 'n juridiese skuldverhouding en gevolglik 'n reg tot teenprestasie in die vorm van rente en aflossing.

Die eie kapitaal van koöperasies is gewoonlik onvoldoende derhalwe is die gebruik van vreemde kapitaal noodsaaklik. Om vreemde kapitaal te trek, moet sekuriteit verskaf word en die eie kapitaal dien hier as 'n risikobuffer. Dit beteken dat die koöperasie met genoegsame eie kapitaal nie probleme sal hê met die verkryging van vreemde kapitaal nie en anders om.

Die Koöperatiewe Wet¹⁾ bepaal dat koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid geen lenings groter as R200 mag aangaan nie tensy dit goedgekeur word deur minstens twee derdes van die lede teenwoordig op 'n spesiale algemene vergadering en tensy dit deur die direksie goedgekeur word. In die geval van koöperasies met beperkte aanspreeklikheid mag die direkteure lenings aangaan tot 'n bedrag wat die helfte is van die aandelekapitaal, maar vir groter bedrae moet minstens twee derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering hul goedkeuring daarvoor gee.²⁾

1) Wet op Koöperatiewe Verenigings, op. cit., artikel 23.

2) Ibid., artikel 25.

Vervolgens let ons op die vernaamste bronne vir vreemde kapitaal van koöperasies in die Republiek van Suid-Afrika.

4.2.3.1 DIE LANDBANK¹⁾

Die Landbank is 'n statutêre liggaam wat spesifiek ingestel is om die landbou te finansier. In die finansiering van landboukoöperasies speel die bank 'n oorheersende rol met betrekking tot die verskaffing van vreemde kapitaal. Twee soorte lenings word deur die bank aan landboukoöperasies verskaf, naamlik paaientlenings en kredietlenings. Op 31 Desember 1975 was die omvang van die lenings onderskeidelik R116 759 391 en R771 988 388.²⁾

Paaientlenings is van langtermyn aard vir die finansiering van vaste bates van koöperasies en installasies daarop. Sulke lenings kan vir 'n termyn van hoogstens 40 jaar toegeken word. Die normale termyn is tien jaar met 20 jaar in uitsonderlike gevalle. Die sekuriteit wat vir die lenings vereis word is:

-
- 1) Vir meer besonderhede kyk COETZEE, op. cit., p.137, BOSHOFF, op. cit., p.163 en Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.88.
 - 2) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag 1975.

- (1) 'n verband oor die vaste eiendom van die koöperasie en 'n notariële verband oor al die roerende eiendom;
- (2) 'n sessie van die onopbetaalde aandeelkapitaal en die skulde (slegs by maatskappye van toepassing);
- (3) 'n sessie van assuransiepolis se oor die koöperasie se vaste en roerende eiendom.

Die bank handhaaf die beleid dat lede self voldoende moet bydra tot die finansiering van hul koöperasies sodoende word gewoonlik hoogstens 80 persent van die koste van die bate as lening toegestaan afhangende van die soort koöperasie en die doel waarvoor dit benodig word.

Kaskredietlenings is korttermynlenings wat hoofsaaklik vir oes- en produksiefinansiering bedoel is. Onder die opskrif word ingesluit die finansiering van: produkte wat van produsente ingeneem word; die verwerking van produsente se produkte; die verskaffing van sekere dienste aan lede; en die verskaffing van boerderybenodighede aan lede. Wat laasgenoemde betref, is die lening beperk tot 'n redelike persentasie van die waarde van die normale voorraad wat gehou word. Uitstaande skuld van lede word nie deur die bank gefinansier nie behalwe ten opsigte van saad, kunsmis, brandstof, verpakkingsmateriaal en premies op oesversekering.

Net soos in die geval van paaientlenings is die sekuriteit wat die Landbank vereis vir die verskaffing van

kaskredietlenings baie streng.¹⁾ Die Landbankwet
nommer 13 van 1944 soos gewysig maak voorsiening vir die
verskaffing van kaskredietlenings aan koöperasies onder
die volgende voorwaardes:²⁾

- (1) Rente teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal, word op die daaglikse saldo bereken en op 30 Junie, 31 Desember en op datum van terugbetaling in rekening gebring.
- (2) Die koöperasie sedgeer aan die bank al sy regte en aanspraak op:
 - (i) Die onbetaalde kapitaal op uitgereikte aandele en verskaf, indien daartoe gelas, 'n lys van aandeelhouders ingevolge subartikel 2 van artikel 38 van Wet nommer 13 van 1944 soos gewysig;
 - (ii) Alle bedrae wat aan die koöperasie verskuldig is of later verskuldig mag word.
- (3) Die boeke van die koöperasie word voortdurend bygehou.
- (4) Die statuut van die koöperasie word nie gewysig sonder dat die bank se skriftelike toestemming vooraf verkry is nie.
- (5) Die koöperasie maak geen uitbetalings op produkte wat nie werklik gelewer is nie.

1) Kyk ook BOSHOFF, op. cit., p.166.

2) Die voorwaardes het betrekking op die someroeslening van die Landbank.

- (6) Die koöperasie verseker alle produkte - verwerk en onverwerk - asook graansakke, implemente en ander boerderybenodigdhede, kunsmis, saad, brandstof, smeerolies en onkruid- en plaagbeheermiddels en alle ander goedere wat uit die lening aangekoop word, teen brandskade vir die waarde daarvan en sedeer die polis(se) aan die bank. Graansakke, implemente en ander boerderybenodigdhede, kunsmis, saad, brandstof en smeerolies en onkruid- en plaagbeheermiddels word daarby ook teen brandskade verseker terwyl onderweg en die skadevergoeding wat verhaal word, word aan die bank oorbetaal. Hierdie goedere word by ontvangs behoorlik in geboue opgeberg.
- (7) Die volle opbrengs van onbeheerde produkte asook van produkte vir eie rekening van 'n beheerraad oorgeneem, wat uit die lening gefinansier word, word regstreeks aan die bank betaal of by 'n handelsbank gestort vir rekening van die Landbank.
- (8) Alle onbeheerde diverse produkte wat uit die lening gefinansier word, word verpoel.
- (9) Die bank het altyd toegang tot lede-, direksie- en komiteevergaderings van die koöperasie.
- (10) Die koöperasies moet 'n agent van die Mielieraad, Droëboneraad en Oliesadebeheerraad wees.
- (11) Die koöperasie magtig die Mielieraad, Droëboneraad en Oliesadebeheerraad onherroeplik om alle op=

brengrste van produkte asook kommissie, opbergings=vergoeding, subsidie as daar is en ook alle ander bedrae wat die koöperasie as agent mag toekom aan die bank oor te betaal.

- (12) Indien die bank 'n waarborg van die Mielieraad, Droëboneraad en Oliesadebeheerraad of die Regering vir die terugbetaling of gedeeltelike terugbetaling van die lening aanvra, word die reg voorbehou om uitbetaling van die lening te weerhou totdat die waarborg verskaf is.
- (13) Bedrae deur lede aan die koöperasie verskuldig vir graansakke, kunsmis, saad, brandstof en smeerolies en onkruid- en plaagbeheermiddels word afgetrek van voorskotte of betalings wat aan daardie lede gemaak word en aan die bank oorbetaal.
- (14) Huurkoopkontrakte, verbintenisse of ander sekuriteit wat van kopers van implemente en ander boerderybenodigdhede verkry word, word nie deur die koöperasie verdiskonteer, oorgedra, sedeer of op enige wyse vervreemd nie.
- (15) Die koöperasie sedeer sy regte kragtens artikel 96 van Wet nommer 29 van 1939 aan die bank, indien daartoe versoek.
- (16) Die premie wat deur 'n lid aan die koöperasie verskuldig is, word afgetrek van voorskotte of betalings wat aan daardie lid gemaak word of, as daar omvattende oesskade en/of haelskade is, van die

skadevergoeding wat kragtens die polis deur die
assuransiematskappy betaal word, en aan die bank
oorbetaal.

- (17) Geen fondse ten opsigte van onbeheerde diverse
produkte word beskikbaar gestel alvorens die bank
die voorskotte op sodanige produkte bepaal het nie.
- (18) Die skuld aan die bank vir implemente en boerdery=
benodigdhede oorskry nie te eniger tyd 'n bedrag
gelyk aan 80 persent van die waarde van voorrade
voorhande nie.
- (19) Die skuld onder die maal- en veevoervervaardigings=
rekenings moet altyd gedek wees deur die waarde
van die voorrade verwerkte en onverwerkte produkte
voorhande plus uitstaande koperskulde nadat voor=
siening vir moontlike slegte skulde gemaak is.
Die koöperasie verstrek maandeliks aan die bank in
die vorm soos deur die bank voorgeskryf, dekking=
state wat die dekking onder die betrokke rekenings
aantoon. Enige nadelige verskil tussen die
skuld en die dekking (tekort aan dekking) moet on=
middellik aan die bank betaal word.
- (20) Die totale uitgereikte aandele in die koöperasie
mag nie sonder die bank se skriftelike toestemming
gelyktydig aan 'n enkele organisasie of persoon se
genomineerdes oorgedra word nie.

Die algemene kritiek op die Landbankfinansiering is dat

die sekuriteit wat op beide lang- en korttermynlenings verlang word sodanig is dat dit vir koöperasies moeilik is om ander eksterne lenings te bekom. Verder word betoog dat die termyn op paaientlenings, gemeet aan die omlooptyd van die betrokke bates wat deur middel van dié lenings finansier word, te kort is. Die argument geld ook ten opsigte van kaskredietlenings waar produkte nie betyds van die hand gesit kan word nie.

Die reg wat die Landbank verkry by die toekenning van sodanige lenings aan 'n koöperasie naamlik dat 'n amptenaar van die bank die raadsvergaderings van so 'n koöperasie mag bywoon, kan lei tot inmenging in die bestuur van die betrokke koöperasie.

As finansieringsbron is die korttermynlenings van die Landbank by uitnemendheid geskik vir die bemarking van landbouprodukte en vir die voorsiening van produksiebehoeftes aan lede. Hoewel die termyn van langtermynlenings relatief kort is, neem die Landbank 'n belangrike plek in die finansiering van uitbreidings en die modernisering van diensfasiliteite by koöperasies in.

4.2.3.2 HANDELSBANKE

In praktyk maak koöperasies algemeen gebruik van die oortrokke fasiliteite van handelsbanke as tussentydse

finansieringsbron.¹⁾ Indien die Landbank takgeriewe binne die bereik van die hoofkantoor van elke koöperasie gehad het, sou die rol van handelsbanke in die finansiering van koöperasies ongetwyfeld gering gewees het. Omdat dit nie die geval is nie, het koöperasies hul tot die handelsbanke gewend om in sekere finansieringsbehoefte te voorsien. Koöperasies maak veral gebruik van handelsbanke om in hulle korttermyn kapitaalbehoefte te voorsien. Die oortrokke bankrekening is hier 'n gerieflike en gewilde finansieringsbron. Waar landboukoöperasies in die meeste gevalle die grootste kliënt van die plaaslike tak van die banke is, heers daar 'n besondere goeie verhouding tussen die bank en die koöperasie. Etlike gevalle is teëgekom waar die koöperasie van die handelsbank se leenfasiliteite gebruik kan maak teen 'n laer rentekoers as die algemeen geldende. Die laer rentekoers staan bekend as die prima uitleenkoers van handelsbanke en is een persent laer as die normale koers.

Aangesien die Landbank die grootste gedeelte van die sekuriteit van koöperasies opeis, bly daar nie veel oor wat vir handelsbanke as waarborg kan dien nie. Die rekord van koöperasies ten opsigte van stabiliteit en

1) Bevinding uit 'n persoonlike ondersoek van skrywer by verskeie landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika

solvabiliteit asook die kwaliteit van bestuur, speel derhalwe 'n belangrike rol by die oorweging van krediet deur die handelsbanke.

Koöperasies besef dat oortrokke fasiliteite onsekerheid ten opsigte van die termyn daarvan inhou. Hierdie lenings is op aanvraag terugbetaalbaar daarom word handelsbankfondse hoofsaaklik as tussentydse finansieringsmiddel gebruik. Sodra so 'n behoefte permanent van aard raak, word van meer stabiele middele soos ledefondse, reserwes of Landbanklenings gebruik gemaak.

4.2.3.3 LEWERANSIERSKREDIET

In die proses van voorsiening van boerderybenodigdhede aan hul lede, koop koöperasies algemeen op krediet van leweransiers aan. Hoewel die krediet vir kort periodes gebruik word, word dit op grond van kontinue aankope 'n permanente finansieringsmiddel. So is daar altyd 'n gedeelte van die kapitaal van koöperasies wat deur krediteure voorsien word.

Die koste van leweransierskrediet is hoog nie as gevolg van direkte rentekoste nie, maar as gevolg van die korting wat op kontantaankope verbeur word. Deur vir kontant of dan wel op 30 dae terme aan te koop, kwalifiseer koöperasies vir kontantafslag. Hierdeur kan benodigdhede

ook goedkoper aan lede voorsien word.

4.2.3.4 SAMEVATTING

Van die finansieringsbronne met betrekking tot die vreemde kapitaal vir koöperasies is die Landbank by verre die belangrikste. Tog pas die fasiliteite wat die bank bied nie ten volle aan by die eise van 'n landbou=koöperasie nie. Die duur van die lenings is dikwels korter as die omlooptyd van die bate wat finansier word terwyl die sekuriteit wat vir sulke lenings verlang word alle bates van 'n koöperasie insluit. Ongeag die argumente is die Landbank by uitstek die bron vir vreemde kapitaal vir landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika.

Koöperasies maak ook op 'n korttermynbasis gebruik van handelsbankkrediet en leweransierskrediet. Die koste en onsekerheid ten opsigte van die duur van die fondse maak dit egter minder geskik vir die finansieringsdoel= eindes van koöperasies. Soos enige onderneming is koöperasies ook op soek na stabiele middele vir die finansiering van hulle behoeftes. Gevolglik word in 'n mindere mate van handelsbank- en leweransierskrediet gebruik gemaak.

4.3 DIE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN LANDBOUKOÖPERASIES

Na die bespreking van die kapitaalbronne in die voorafgaande gedeelte word die bates van koöperasies en die eise wat dit aan die finansiering stel vervolgens in oënskou geneem. Klem word veral op die verband tussen die omlooptyd van die bate en die duur van kapitaal gelê.

4.3.1 VASTE BATES

Die permanente aard van die bates verg langtermyn finansiering.¹⁾ Vir onslytende bates soos grond en geboue is langtermynkapitaal dit wil sê aandeelkapitaal en relatief permanente ledefondse die geskikste. Die termyn van Landbankpaaiementlenings maak dit slegs geskik vir die finansiering van bates met 'n vinniger omlooptyd soos toerusting en masjinerie. Uit tabel 4.2 blyk dit dat koöperasies daarna strewe om hul vaste bates uit eie kapitaal te finansier. Dit is slegs in die geval van sagtevrugte en wol dat die eie kapitaal minder as die vaste bates van die koöperasies is. Indien in ag geneem word dat in sommige gevalle die eie kapitaal ook roterende fondse bevat, is die posisie ten opsigte van verskeie ander koöperasies ook nie so gesond nie omdat

1) Kyk paragraaf 3.4.2 vir bespreking van vaste bates.

TABEL 4.2

Die vaste bate en langtermynkapitaalverhouding as 'n persentasie van die totale kapitaal van die verskillende koöperasies soos op 30 Junie 1971¹⁾

Koöperasies	BATES			LANGTERMYNKAPITAAL		
	Vaste Bates	Ander*	Totaal	Eie Fondse ²⁾	Lenings	Totaal
	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent
Graan	25,6	1,6	27,2	26,9	13,1	40,0
Tabak	19,5	56,4	75,9	60,7	1,9	62,6
Lusern	24,5	0,3	24,8	35,3	1,8	37,1
Algemene Produkte	24,6	1,0	25,6	46,8	2,9	49,7
Sitrus	48,7	24,5	73,2	63,8	8,8	72,6
Sagtevrugte	71,0	18,6	89,6	66,3	16,1	82,4
Wyn	62,6	6,3	68,9	64,3	13,6	77,9
Vleis	17,9	0,5	18,4	36,7	4,5	41,2
Suiwel	48,7	10,4	59,1	46,6	16,0	62,6
Wol	53,7	0,2	53,9	20,1	3,0	23,1
Boerderybenodigdhede	17,3	6,1	23,4	27,9	1,1	29,0
Alle landboukoöperasies	32,7**	0,4	33,0	36,0	10,0	46,0

*) Sluit beleggings in

**) Sluit beleggings in

1) Gegewens verkry by die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

2) Kyk tabel 4.1 vir die samestelling van die eie kapitaal.

ná aftrekking van dié fondse die vaste bates die eie kapitaal sal oorskry.

Gerustellend is die mate waartoe die totale langtermynkapitaal die vaste bates van die koöperasie oorskry. Daar is ook gevalle wat daarop dui dat vaste bates deur middel van korttermynfinansiering bekostig word wat gevaar vir die likiditeitsposisie van dié koöperasies inhou.

4.3.2 DIE VLOTTENDE BATES

In paragraaf 3.4.2.2 is daarop gewys dat dit gesonde beleid is om die duursame vlottende bates met ander woorde die vlottende bates wat neig om konstant te bly ten opsigte van die kapitaal wat daarin belê is, deur middel van langtermynfondse te finansier. Die res van die vlottende bates kan deur middel van korttermynkapitaal soos byvoorbeeld leweransierskrediet en kaskredietlenings gefinansier word.

4.3.3 GEVOLGTREKKING

Gemeet aan die aanvaarde norme vir solvabiliteit en likiditeit blyk dit uit tabelle 4.2 en 4.3 dat die finansiële struktuur van die verskillende koöperasies oorwegend ongesond is. Tabel 4.2 toon dat die eie kapitaal van die onderskeie koöperasies met die uitsondering van

TABEL 4.3

Die vlottende bate- en korttermynkapitaalverhouding tot die totale kapitaal van verskillende koöperasies soos op 30 Junie 1971¹⁾

Koöperasie	VLOTTENDE BATES					KORTTERMYNKAPITAAL		
	Lede Debi= teure	Produk= te voor= raad	Han= dels= voor= raad	Ander	Totaal	Kaskre= dietle= nings	Kort= termyn= fondse	Totaal
	Per= sent	Per= sent	Per= sent	Per= sent	Per= sent	Per= sent	Per= sent	Per= sent
Graan	23,7	31,9	9,9	7,3	72,8	45,9	14,1	60,0
Tabak	8,5	6,5	3,5	5,6	24,1	0,8	36,6	37,4
Lusern	23,6	18,8	8,5	24,2	75,2	33,0	29,9	62,9
Algemene pro= dukte	21,0	22,9	9,0	21,5	74,4	28,1	22,2	50,3
Sitrus	15,0	2,2	3,7	5,9	26,8	6,9	20,5	27,4
Sagtevrugte	1,0	4,0	-	5,4	10,4	1,9	15,7	17,6
Wyn	3,0	22,1	0,4	5,6	31,1	0,4	21,7	22,1
Vleis	48,5	2,4	7,7	23,0	81,6	21,8	37,0	58,8
Suiwel	4,4	8,4	6,3	21,8	40,9	11,3	26,1	37,4
Wol	30,7	-	8,3	7,1	46,1	19,6	57,3	76,9
Boerderybe= nodigdhede	48,4	-	27,5	0,7	76,6	33,3	37,7	71,0
Alle land= boukoöpe= rasies	-	-	-	-	67,0	31	23	54

1) Gegewens verkry by die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

tabak, sitrus, sagtevrugte en wyn, op 30 Junie 1971, minder as die aanvaarde 50 persent van die totale kapitaal uitgemaak het.¹⁾

Die likiditeitsposisie word uit tabel 4.3 afgelei en wel uit die verhouding van die totale vlottende bates tot die vlottende laste. Die verhouding behoort sowat 2:1 te wees ten einde 'n gesonde toestand te weerspieël.²⁾ Waar daar van 'n bepaalde standpunt uitgegaan word wat betref die finansiering van spesifieke behoeftes by koöperasies is dit nodig om eers sekere regstellings ten opsigte van die poste op die balans te maak alvorens die genoemde norme in die evaluering van die finansiële bestuur van koöperasies toegepas kan word. Met die regstellings word spesifiek verwys na die finansiering van produkte= ontvangstes deur koöperasies as agente van die beheerrade.

Die algemene siening met betrekking tot die finansiering van beheerde produkte is dat koöperasies nie kapitaal hoef op te bou vir die finansiering daarvan nie aangesien die behoefte altyd in die vorm van kaskredietlenings voorsien sal en behoort te word. Dit is eintlik

-
- 1) Kyk paragraaf 3.3.3 vir 'n bespreking van die solvabiliteitsbegrip.
 - 2) Kyk paragraaf 3.3.2.

lenings aan die beheerrade.¹⁾ Digby²⁾ sê ook in die opsig: "..... it would be uneconomic for a co-operative painfully to accumulate large capital resources which would only be in use for a few months in the year."

Die kapitaal benodig vir die afname van die produkte van lede (ook nie-lede waar verpligtend) is dus 'n tydelike behoefte wat uit die aard van die saak gerieflik en billik uit kaskredietlenings van die Landbank gefinansier kan word. Indien die finansiering van produkte as die verantwoordelikheid van die beheerrade gesien word en as sodanig tesame met die produktevoorraad wat dit verteenwoordig uit die balans van koöperasies geneem word, sal die struktuur van sekere koöperasies heel anders daaruit sien en so gesonder voorkom.

-
- 1) Kyk Jaarverslag van Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1964 tot 30 Junie 1965 en Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, op. cit., p.126 vir die siening van die Koöperatiewe Raad van S.A.L.U., die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings en menings van direkteure en amptenare van koöperasies wat ondervra is.
 - 2) DIGBY, M. Co-operatives. A Development Pamphlet by The Overseas Development Institute, London.

4.4 SAMEVATTING

Die finansiering van koöperasies is teen die agtergrond van die spesifieke aard en wese daarvan in hierdie hoofstuk van nader beskou. Antwoorde is gesoek vir bepaalde neigings wat in die finansieringsstruktuur van koöperasies voorkom. So is gevind dat die rol van die koöperatiewe aandeel in die finansiering van koöperasies gering is. Dit word toegeskryf aan die besondere eienskappe, naamlik dat dié aandeel nie appresieer nie en dat die vergoeding daarop beperk is.

Om genoegsame eie kapitaal te bekom is koöperasies aangewys op alternatiewe fondse dan aandelekapitaal. Surplusse word teruggehou in die vorm van reserwes en uitgestelde bonusse. Laasgenoemde kom eintlik op persoonlike reservering neer.¹⁾ Heffings word ook op lede se produktelewerings geïm wat dan gewoonlik na verstryking van 'n sekere aantal jare weer aan die lid terugbetaal word. Waar fondse op die lid se naam in 'n koöperasie gehou word ontvang hy normaalweg vergoeding daarop. Weens dié vergoeding sowel as gevolg van die terugbetaalbaarheid van die kapitaal word dit deur sekere

1) Kyk paragraaf 4.2.2.3.

skrywers nie as eie kapitaal beskou nie. Die teendeel word in hierdie studie aanvaar, naamlik dat heffings=fondse en uitgestelde bonusse wel 'n vorm van eie kapitaal is op grond van die eisposisie van die fondse by likwidasie.

In aansluiting by sekere skrywers word kapitaalvorming deur middel van onpersoonlike reservering as on=koöperatief beskou. Deur op die lid se naam te reserveer word die proporsionaliteitsidee in koöperasie bevredig terwyl dit ook lojaliteit onder die lede bevorder.

Onvoldoende eie kapitaal noop koöperasies om van vreemde kapitaal gebruik te maak. In dié verband is die Landbank die belangrikste bron vir sowel lang- as korttermynfinansiering omdat dit die beste aangepas is by die behoeftes van die landbou en koöperasies. Handelsbank- en leweransierskrediet word merendeels vir tydelike en korttermynfinansiering gebruik.

Die beginsel dat die wyse en doel van finansiering moet verband hou geld ook vir koöperasies. Derhalwe behoort die vaste bates met langtermynkapitaal en die vlottende bates hoofsaaklik met kortkrediet gefinansier te word. Uit tabel 4.2 blyk dit dat in die geval van die meeste groepe koöperasies die langtermynkapitaal wel die vaste bates oorskry. Die oorskot langtermyn=

kapitaal is vir gedeeltelike finansiering van die vlottende bates aangewend. Soos tabel 4.3 toon is die res van die vlottende bates hoofsaaklik met kaskredietlenings gefinansier. Indien die krediet ter finansiering van beheerde produkte uit die kapitaalstruktuur van koöperasies weggelaat word, sal die verhouding heel anders daaruit sien. Die kaskredietlenings sal in verhouding tot die res van die korttermynkapitaal afneem.

Die uitsonderlikheid van produktevoorraad wat namens beheerrade opgeberg word maak dit sinvol om dié voorraad sowel as die fondse waarmee dit finansier is eers uit die balans te haal alvorens die koöperasie evalueer word. Die totale kapitaal sal gevolglik verminder met 'n relatiewe toename in die eie kapitaalverhouding. Die solvabiliteit- sowel as die likiditeitsposisie van die betrokke koöperasies sal sodoende positief verander.

HOOFSTUK 5

DIE FINANSIERING VAN S.W.T.L.K.

5.1 INLEIDING

In hoofstukke 3 en 4 is die aandag onderskeidelik gewy aan die teorie van finansiële bestuur en aan die finansiering van die koöperatiewe onderneming. In die hoofstuk word die finansieringsbehoefte van S.W.T.L.K. vir 'n bepaalde tydperk beskou en hoe aan die behoeftes voldoen is. Die beleid van die raad van direkteure en hoofbestuur betreffende die finansiering van die koöperasie sal ook hierin ter sprake kom.

5.2 DIE FINANSIERINGSBEHOEFTE VAN S.W.T.L.K.

In die bestudering van die kapitaalbehoefte van die koöperasie is dit raadsaam om te onderskei tussen die langtermyn- en korttermynbehoefte te wete die vaste en die vlottende bates van die koöperasie.

Vir die doeleinde van die studie word van die standpunt uitgegaan dat die koöperasie nie verantwoordelik is vir die finansiering van produkte wat namens beheerrade aangekoop word nie. Vir die doel van berekening van verhoudingsgetalle is die bedrae verskuldig aan die Land=

bank vir die finansiering van beheerde produkte wegge-
laat uit die kapitaalstruktuur en is dit ook van die
vlottende bates afgetrek. Beheerde produkte wat met
ander fondse as Landbankfondse gefinansier is, is wel in
die berkenings ingesluit.

'n Groot voordeel wat uit die eleminering van die kaskre-
dietlenings vir die finansiering van beheerde produkte
volg, is dat die geweldige skommeling in die totale
kapitaal-, sowel as die vlottende kapitaalbehoefte ver-
dwyn en sodoende word 'n gelykmatige groei oor die be-
trokke periode verkry soos dit in grafiek 5.1 weerspieël
word.

5.2.1 DIE LANGTERMYNKAPITAALBEHOEFTE


Die behoefte aan langtermynkapitaal in die onderneming
word grootliks in sy vaste bates gereflekteer. Dié
afleiding is gebaseer op die beginsel dat die behoefte
aan finansiering en die wyse van finansiering verband
moet hou.¹⁾

Op grafiek 5.2(1) word die totale kapitaalinvestering in
vaste bates aangetoon. By nadere ondersoek word ge-
merk dat die vaste bates 'n geleidelike toename tot 1965

1) Kyk paragraaf 3.4.

GRAFIEK 5-1


DIE TOTALE KAPITAAL VAN S.W.T.L.K. VIR DIE JARE 1954 TOT 1974



GRAFIEK 5-2

DIE VASTE BATE VAN S.W.T.L.K. VIR DIE JARE 1954 TOT 1974

1. Totale investering in vaste bates
2. Die vaste bates as persentasie van die totale kapitaal



getoon het met 'n skerper styging daarna. Die geleidelike styging in vaste bates tot 1965 word toegeskryf aan normale groei en die verbetering van die handels- en produktehanteringsgeriewe. Dusver was daar 'n duidelike verband tussen die vaste bates van die koöperasie en die volume produkte wat hanteer is. Die kapitaal wat in vaste bates belê was in 1965 was 3,6 keer meer dan in 1954 terwyl die hoeveelheid produkte wat in 1964 hanteer is 3,4 keer meer was as wat in 1952 hanteer was ¹⁾ Hieruit word afgelei dat die bestuur van S.W.T.L.K. deurentyd gepoog het om die fasiliteite van die koöperasie aan te pas om die produksie van sy bedieningsgebied te kon akkommodeer. ²⁾

Die skerp styging in die waarde van die vaste bates in 1966 en die handhawing van die tendens behalwe vir die stadiger toename in die tydperk 1969 tot 1971 is toe te skryf aan die oorskakeling na die hantering en opberging van graan in losmaat. Vanaf 1966 tot 28 Februarie 1974 is sowat R8,7 miljoen aan die bou van graansilo's en installering van die nodige toerusting en sylyne vir

-
- 1) Die tydperk is geneem omdat dit 'n meer realistiese beeld gee ten opsigte van die hoeveelheid produkte wat hanteer is gedurende die betrokke periode.
 - 2) Lede en nie-lede is hier ter sprake omdat die koöperasie as agent van die beheerrade verplig is om die produkte van alle produsente te ontvang.

die hantering van graan in losmaat bestee. Die op=bergingskapasiteit wat deur die investering geskep is, is na raming 544 300 ton. Gesien in die feit dat die graanontvangstes vir 1973 996 920 ton was blyk die beskik=bare losmaatkapasiteit nog ontoereikend te wees. Die koöperasie se kapasiteit word tans nog uitgebrei, maar die raad van direkteure en die bestuur is steeds versig=tig om nie 'n te groot las op die kapitaalbronne van die koöperasie te plaas nie.¹⁾ Verder is die beleid ook om die graansilokapasiteit vir normale oeste te beplan.²⁾

Die investering in losmaatfasiliteite (slegs vaste bates soos grond, geboue en masjinerie) teen verminderde waarde was op 28 Februarie 1974 R8,1 miljoen of te wel 61 per=sent van die totale bates van die koöperasie. Die totale investering in produktehanteringsfasiliteite het op dié datum R9,3 miljoen bedra wat beteken dat 80 per=sent daarvan in losmaatfasiliteite vasgelê is. Dit is interessant dat die gemiddelde produkte-omset vir die jare 1973 en 1974 ook 61 persent van die totale omset van die koöperasie uitgemaak het.³⁾ Vir 1973 alleen was die syfer 70 persent van die totale omset.

1) S.W.T.L.K. Jaarverslag 1973/74, p.18.

2) Ibid., 1972/73, p.17.

3) Die gemiddelde syfer vir die twee jare is geneem omdat 1973 'n uitstaande goeie jaar was en 1974 se oes weer uitermatig swak was. So is 'n meer realistiese syfer verkry.

n Verdere afleiding wat uit grafiek 5.2 gemaak kan word, is dat die vaste bates in verhouding tot die totale bates van die koöperasie toegeneem het sedert die aanvang van die graansilobouprogram. Waar die investering in vaste bates voor die aanvang van die graansiloprogram minder as 40 persent van die totale kapitaal behels het, het die posisie sodanig verander (na die aanvang van hierdie program) dat meer as 50 persent van die totale kapitaal in vaste bates vasgelê is. In tabel 5.1 word aangetoon wat die relatiewe waarde van die vaste bates in diens van die koöperasie se verskillende aktiwiteit op 28 Februarie 1974 was. Die groot investering in die produktehanteringsfasiliteite word in die tabel beklemtoon naamlik 80 persent van die totale investering in vaste bates van die koöperasie. Die investering in die handelsaktiwiteite was die tweede hoogste naamlik tien persent en die verwerking van produkte vier persent.

Uit voorgaande bespreking blyk dat die behoefte aan langtermynkapitaal in S.W.T.L.K. oorheersend bepaal is deur die daarstelling van die nodige fasiliteite vir die ontvangs en opberging van produkte. Dit is verder duidelik dat die voorsiening in die langtermynkapitaal= behoeftes ten opsigte van die handels- en verwerkings= aktiwiteite nie noemenswaardige probleme kon oplewer in vergelyking met die van die produktehanteringsaktiwiteit

TABEL 5.1

Die kapitale investering in vaste bates ten opsigte van die verskillende aktiwiteite van S.W.T.L.K. soos op 28 Februarie 1974¹⁾

Aktiwiteit	Kapitale Investe= ring in vaste bates	Persentasie van totale vaste bates
	R1 000	Persent
Produktehantering	9 373	80
Handel	1 193	10
Maalbedryf	446	4
Diverse, hoofkan= toor, meubels en voertuie	670	6
Totaal	R11 682	100

- 1) Inligting verkry uit die jaarstaat van S.W.T.L.K. vir die boekjaar wat op 28 Februarie 1974 geëindig het.

nie. Hoe in die kapitaalbehoefte voorsien is, word later in die hoofstuk bespreek wanneer die finansieringsvraagstuk en die finansiële struktuur van die koöperasie in oënskou geneem word.

5.2.2 DIE BEHOEFTE AAN VLOTTENDE KAPITAAL IN S.W.T.L.K.

Die behoefte aan vlottende kapitaal in die onderneming word in sy vlottende bates weerspieël. Dit is die bates van S.W.T.L.K. waarvan die omlooptyd korter as 'n jaar is en behels hoofsaaklik produktevoorrade gefinansier met eie fondse,¹⁾ handelsvoorraad, debiteure, konstant en vooruitbetaalde bedrae.


In grafiek 5.3 word 'n geleidelike styging tot 1966 in die vlottende bates van die koöperasie voorgestel met 'n toename van 3,3 keer teenoor die posisie in 1954.²⁾

Die groot skommeling wat veral vanaf 1959 tot 1965 voorgekom het, word in die geval buite rekening gelaat omdat

-
- 1) Produktevoorraad gefinansier met kaskredietlenings word gesien as krediet wat die Landbank aan die betrokke beheerrade verleen en dié voorrade is die eiendom van die beheerrade.
 - 2) Wanneer die toename in die vlottende bates van die koöperasie met die styging in vaste bates van 3,6 keer oor dieselfde periode vergelyk word, word besef dat groei ewewigtig plaasgevind het.

GRAFIEK 5-3

DIE INVESTERING IN VLOTTENDE BATES VAN S.W.T.L.K. VANAF 1954 TOT 1974



dit 'n skewe beeld van die vlottende kapitaalbehoefte van die koöperasie gee.¹⁾ Die toename in die totale vlottende bates vanaf 1954 tot 1974 was meer drasties naamlik 9,1 keer in vergelyking met die 3,3 keer vanaf 1954 tot 1966. Hoewel die styging in die vlottende bates vanaf 1966 skerp was, was dit soos die grafiek aandui 'n stabiele styging.

Die verhouding tussen die verskillende elemente van die vlottende bates van S.W.T.L.K. as 'n persentasie van die totale vlottende bate word in grafiek 5.4 aangetoon. Die ongesonde toestand wat in die bestuur van die vlottende bates van die koöperasie geheers het asook die herstel daarvan in die periode vanaf 1956 tot 1965 en daarna word in die grafiek duidelik weerspieël.


Die bestuur van die vlottende bates van die koöperasie word in hoofstuk 6 breedvoerig behandel. Wat in die stadium van belang is, is dat daar veral vanaf 1968 tot 1973 'n bepaalde patroon in die vlottende bates van die koöperasie ontwikkel het derhalwe kan meer sinvolle afleidings met betrekking tot die finansiering van die betrokke bates in die tydperk gemaak word.

1) Waarskynlik was dié 'n krisistyd in die bestaan van die koöperasie.

GRAFIEK 5-4

DIE VLOTTENDE BATES VAN S.W.T.L.K. IN VERHOUDING TOT DIE TOTALE VLOTTENDE BATES¹⁾

1. Die kapitaal opgesluit in produktevoorraad
2. Voorraad (produkte uitgesluit)
3. Debiteure
4. Kontant en ander likiede bates



1. Die negatiewe verhouding ten opsigte van die kapitaal opgesluit in produktevoorraad vir die jare 1958 tot 1961 dui op die aanwending van kaskredietlenings, bedoel vir die finansiering van produkte, vir ander doeleindes.

5.3 DIE KAPITAALSTRUKTUUR VAN S.W.T.L.K.¹⁾

Die wyse waarop die kapitaalbehoefte van S.W.T.L.K. gedurende die periode 1954 tot 1974 bevredig is, word vervolgens bespreek. Basies word daar onderskei tussen die eie en vreemde kapitaal van die koöperasie met 'n nadere ontleding van die samestelling van elk.

5.3.1 DIE EIE KAPITAALPOSISIE VAN S.W.T.L.K.

Met dié kapitaal van S.W.T.L.K. word bedoel daardie gedeelte van die totale vermoë wat aan die lede behoort. Dit sluit die gestorte aandelekapitaal, reserwes, heffingsfondse en ledebelangfondse van die koöperasie in.²⁾

Uit die verhouding van eie kapitaal tot die totale kapitaal kan die solvabiliteitsposisie van die koöperasie afgelei word.³⁾ Soos uit tabel 5.2 blyk, het die totale bates van die koöperasie die totale skuld in 1954

-
- 1) Kapitaalstruktuur behels die samestelling van die eie en vreemde kapitaal van die koöperasie.
 - 2) Kyk paragraaf 4.2.2 vir bespreking van die verskillende komponente van eie kapitaal ten opsigte van koöperasie asook vir die uitgangspunt wat in die studie gevolg word.
 - 3) Kyk paragraaf 3.3.3 vir nadere beskrywing van die begrip solvabiliteit.

slegs met 16,1 persent oorskry. Dié toestand verbeter tot 46,1 persent in 1966, maar vir die boekjaar geëindig in 1967 het die weer tot 39,2 persent as gevolg van die toename in die skulde van die koöperasie afgeneem. Die toename in skuld word toegeskryf aan die kapitaal wat nodig was vir die finansiering van die losmaatfasiliteite en verklaar ook die drastiese styging in die langtermyn=skulde aan die Landbank.¹⁾

Na die terugsakking van die solvabiliteitsposisie van S.W.T.L.K. in 1967 het dit tot 46 persent in 1974 verbeter. Die herstel in die eie kapitaalposisie van die koöperasie het vanaf 1969 stadig dog stabiel plaasgevind soos dit blyk uit die jaarlikse persentuele styging in tabel 5.2 Van die tydperk 1954 tot 1968 kan nie dieselfde gesê word nie.

Die eie kapitaal van S.W.T.L.K. word vervolgens in sy verskillende komponente ontleed ten einde 'n dieper insig van die verandering in die solvabiliteitsposisie van die koöperasie te verkry. Grafiek 5.5 weerspieël 'n radikale verandering in die samestelling van die eie kapitaal van die koöperasie vir die tydperk onder bespreking. Die verandering vereis 'n fyner ontleding om 'n insig in

1) Meer hieroor in die bespreking van die vreemde kapitaal van die koöperasie in paragraaf 5.3.2.

TABEL 5.2

Die eie kapitaal in verhouding tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K.¹⁾

Jaar	Totale eie kapitaal	Toename in eie kapitaal in verhouding tot die vorige jaar	Eie kapitaal as persentasie van die totale kapitaal
	R1 000	Persent	Persent
1954	313	-	16,1
1955	462	47,6	18,8
1956	713	54,3	20,8
1958 ²⁾	971	36,2	24,0
1959	1 282	32,0	30,7
1960	1 587	23,8	28,3
1961	1 860	17,2	30,3
1962	2 437	31,0	31,3
1963	2 403	1,4	36,9
1964	3 184	32,5	42,7
1965	3 415	7,2	45,7
1966	3 569	4,5	46,1
1967	3 794	6,3	39,2
1968	4 969	31,0	39,4
1969	5 624	13,2	39,4
1970	6 335	12,6	40,8
1971	7 037	11,1	40,5
1972	8 081	14,8	42,3
1973	10 165	25,8	46,6
1974	11 380	12,0	46,0


1) Saamgestel uit inligting verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

2) Weens die verandering in die boekjaar van die koöperasie is daar nie in 1957 'n finansiële afsluiting gedoen nie.

GRAFIEK 5-5

DIE ONTLEDING VAN DIE EIE KAPITAAL VAN S.W.T.L.K. VIR DIE TYDPERK 1954 TOT 1974

1. Eie kapitaal as persentasie van totale kapitaal
2. Opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van eie kapitaal
3. Reserwes as persentasie van eie kapitaal
4. Totale heffingsfondse as persentasie van eie kapitaal
5. Ledebelangefonds as persentasie van eie kapitaal



die finansiering en finansieringsbeleid van die koöperasie te verkry.

5.3.1.1 AANDELEKAPITAAL

Dit is uit grafiek 5.5 duidelik dat die rol van aandelekapitaal in die finansiering van S.W.T.L.K. baie gering is.¹⁾ Hoewel die opbetaalde aandelekapitaal vir die periode 1954 tot 1974 vanaf R55 000 tot R631 000 toeneem het dit wil sê 11,5 keer het die uitgereikte aandelekapitaal in die periode slegs 2,5 keer vanaf R772 000 tot R1 794 000 toegeneem. Die toename in die opbetaalde aandelekapitaal is dus hoofsaaklik toe te skryf aan die opbetaling van die uitgereikte aandele. Die opbetaalde gedeelte van die uitgereikte aandelekapitaal was in 1954 7,6 persent teenoor 35,2 persent in 1974.²⁾

Die afleidings wat uit bostaande gegewens gemaak word, is dat die rol van aandelekapitaal as 'n finansieringsbron deur die bestuur as van minder belang beskou is ten spyte van 'n beroep wat in 'n omsendbrief deur die Land=

-
- 1) Kyk ook paragraaf 4.2.2.1.
 - 2) Omdat geen besondere afwykings in die aandelekapitaal van die koöperasie gedurende die tydperk voorgekom het nie, word die besonderhede nie vir elke jaar afsonderlik aangetoon nie.

bank¹⁾ gedoen is, naamlik dat koöperasies hul eie kapitaalposisie moet verbeter deur meer aandele aan elke lid uit te reik en groter betalings daarop te vorder.

Die lae styging in die uitgereikte aandelekapitaal van 2,5 keer toon geen verband met die toename van 12,7 keer in die totale kapitaal van die koöperasie vanaf 1954 tot 1974 nie. Dit beklemtoon weereens die minder belangrikheid van die aandelekapitaal in die finansiering van dié koöperasie.

Die doel van aandelekapitaal word in die omvang van die uitgereikte aandelekapitaal²⁾ weerspieël en die afleiding word hieruit gemaak dat aandelekapitaal in S.W.T.L.K. uitsluitlik as 'n vorm van ledegeld gesien moet word.

As bevestiging van dié stelling word die statuutwysiging van 1965 voorgehou. Artikel 18³⁾ van die statuut van

1) Die Land- en Landboubank van S.A. Omsendbrief nommer C/5377, 1 Februarie 1952.

2) Hier word spesifiek van die uitgereikte aandelekapitaal gepraat omdat die onopbetaalde gedeelte sekuriteitswaarde vir die verkryging van beskikkingsmag het.

3) Artikel 18 het bepaal dat elke lid 100 aandele moes uitneem by toetrede tot die koöperasie. Sodra 'n lid se totale omset met die koöperasie R2 000 oorskry het, is nog 100 aandele aan hom uitgereik met 'n verdere uitreiking van 50 aandele aan hom indien sy omset met die koöperasie oor R10 000 sou groei. Indien 'n lid se omset met die koöperasie dus hoër as R10 000 was, moes hy 'n minimum van 250 aandele besit.

die koöperasie het voorsiening gemaak vir aandeelhouding volgens omset. Die vereiste is volgens 'n besluit van die spesiale algemene vergadering van Junie 1965 geskrap en vervang deur die bepaling dat elke lid minstens 100 aandele in die maatskappy moet besit ongeag sy omset met die koöperasie.

Die vernaamste rede vir die statuutwysiging, was die ontevredenheid wat dit by die lede gewek het.¹⁾ Sommige lede het die toename in aandeelhouding volgens omset as 'n boete vir lojale ondersteuning beskou. Hierdie teenkanting gesien teen die geringe omvang van die addisionele kapitaal wat op grond van die omsetstyging van lede verkry is, het die raad van direkteure van S.W.T.L.K. laat besluit om goedkeuring vir die wysiging van die statuut te verkry. Deur die optrede is die onbelangrikheid van aandelekapitaal as bron van finansiering vir dié koöperasie finaal bevestig.²⁾

5.3.1.2 LEDEFONDSE

Die ledefondse van S.W.T.L.K. bestaan uit twee komponente, naamlik 'n heffings- en ledebelangefonds. Elk van die

-
- 1) Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. Ons Eie, nommer 5, Desember 1965, p.9.
 - 2) Kyk paragraaf 4.2.2.1 vir die rol van aandelekapitaal in die finansiering van landboukoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika.

fondse word vervolgens bespreek.

5.3.1.2.1 HEFFINGSFONDSE

Die koöperasie het 'n ledeheffingsfonds in werking waarvolgens elke lid 'n bedrag bereken op die opbrengs van die landbouprodukte wat aan die koöperasie gelewer word, aan die koöperasie betaal.¹⁾ Die heffingskoers word van tyd tot tyd deur die raad van direkteure bepaal, maar mag nie hoër as 1,5 persent van die netto-opbrengs van die gelewerde produkte van 'n lid wees nie. Die fonds is roterend van aard²⁾ en rente daarop word jaarliks aan die lede toegeken teen die heersende Landbankrentekoerse wat op oeslenings gehef word.³⁾

Aan die begin van die periode 1954 tot 1974 het die koöperasie twee heffingsfondse in werking gehad. Die een was 'n heffingsfonds wat opgebou is deur een sent op elke sak graan wat deur lede gelewer is te hef. Die fonds was nie roterend nie en is slegs by uittrede aan lede terugbetaalbaar. Die fonds is later gestaak en 75 persent van die belang van die lede daarin is by uittrede of dood uitbetaal. Die heffingsfonds was nooit baie

-
- 1) Statuut van die Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. Artikel 104.1.
 - 2) Ibid., artikel 104.5.1.
 - 3) Ibid., artikel 104.3.

groot nie; die hoogste wat dit bedra het, was R58 000 in 1956 waarna dit jaarliks afgeneem het vanweë die terugbetaling aan lede tot 'n nul balans in 1973. Weens die relatief geringe omvang van die heffingsfonds asook die nietige rol daarvan as bron van kapitaal vir die koöperasie is dit nie apart op grafiek 5.5 aangetoon nie, maar by die totale heffingsfondse ingesluit.

Die ander heffingsfonds waarvan hier gepraat word, is die roterende heffingsfonds wat reeds bespreek is en wat nog steeds in die koöperasie in gebruik is.

Die afleiding wat ten opsigte van die ledeheffingsfonds uit grafiek 5.5 gemaak word, is dat die fonds se rol as bron van eie kapitaal sedert 1954 baie afgeneem het. Dié afname het eintlik in 1964 begin en sedertdien redelik konstant geskied. Wat veral interessant is, is dat die omvang van die ledeheffingsfonds jaarliks drasties toegeneem het tot 1964, die eerste jaar waarop uitbetalings uit die fonds geskied het.¹⁾ Hierna het dit bykans gestabiliseer maar tog stadig gestyg met R270 000 vanaf 1964 tot 1974 weens verhoogde produksie.²⁾

1) Kyk ook tabel 5.3.

2) In paragraaf 4.2.2.2 word daarop gewys dat wanneer die ledeheffingsfondstotaal stabiliseer, neem dit 'n permanente karakter aan.

TABEL 5.3

Die omvang van die ledeheffingsfonds van S.W.T.L.K. en die verhouding daarvan tot die totale eie kapitaal van die koöperasie vir die tydperk 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Ledeheffingsfonds	Ledeheffingsfonds tot die totale eie kapitaal
	R1 000	Persent
1954	173	55,3
1955	249	53,9
1956	403	56,5
1958	569	58,7
1959	757	59,0
1960	886	55,8
1961	1 027	55,2
1962	1 203	49,3
1963	1 408	58,6
1964	1 621	50,9
1965	1 591	46,5
1966	1 622	45,4
1967	1 626	42,9
1968	1 830	36,8
1969	1 769	31,5
1970	1 771	28,0
1971	1 754	24,9
1972	1 841	22,7
1973	2 008	19,8
1974	1 891	16,6

1) Saamgestel uit inligting verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

Die daling in die belangrikheid van die ledeheffingsfonds as bron van finansiering het dus nie plaasgevind in die opsig dat die omvang van die fonds gekrimp het nie, maar bloot omdat die fonds relatief konstant gebly het in verhouding met die ander eie kapitaalfondse.

5.3.1.2.2 LEDEBELANGEFONDS¹⁾

Hierdie fonds wat opgebou word uit bonusverklarings wat op lede se name gekrediteer word, is eers in 1972 gestig. Twee jaar na die instelling van die ledebelangefonds het die totale omvang daarvan reeds R1,446 miljoen bedra wat 12,7 persent van die totale eie kapitaal behels.

Daar word voorsien dat die ledebelangefonds as bron van eie kapitaal en so ook as bron van finansiering vir die koöperasie steeds in belangrikheid gaan toeneem. Die bewering word daarop gegrond dat die raad van direkteure van die koöperasie bereid is om 'n groter persentasie bonus aan lede toe te ken omdat dit nie direk uitbetaal word nie, maar tot die beskikking van die koöperasie bly.²⁾ Dié groter bonustoekenning sal weer die lid aanmoedig om sy koöperasie te ondersteun.

1) Statuut, op. cit., artikel 111.

2) S.W.T.L.K. Ons Eie, Desember 1972, p.17.

Die feit dat die lid se aandeel in die ledebelangefonds onder sekere omstandighede soos by uittrede of by die bereiking van ouderdom 65 uitbetaal word, maak die gebruiksduur daarvan as kapitaal bepaald. Met sekerheid kan aanvaar word dat 'n groot deel van die ledebelangefonds permanent tot die beskikking van die koöperasie sal bly soos wat nuwe lede in die plek van uittredendes aansluit.

5.3.1.3 RESERWES

Die terughouding van surplusse in die vorm van reserwes het die belangrikste bron van eie kapitaal vir S.W.T.L.K. geword. Die reserwefonds algemene sowel as spesifieke reserwes, het van 1954 tot 1974 met R7,34 miljoen toegenem. As persentasie van die eie kapitaal van die koöperasie het dit van 22,0 persent in 1954 tot 65,2 persent in 1974 verbeter. Die hoogste wat die syfer was, was 71,2 persent in 1972. Die daling wat hierna plaasgevind het, is direk toe te skryf aan die beleid van die Raad om vanaf 1973 'n groter deel van die surplus van die koöperasie aan die lede oor te dra en wel na die ledebelangefonds.¹⁾

Die posisie van totale reserwes het van 3,5 persent tot

1) 'n Beginsel wat volgens die skrywer en andere koöperatief meer korrek is. Kyk paragraaf 4.2.2.3.

30 persent in verhouding tot die totale kapitaal in die tydperk 1954 tot 1974 verbeter. Die verbetering het geleidelik plaasgevind tot 1972 toe die 30 persent kerf bereik is en vir 1973 en 1974 gehandhaaf is.¹⁾ Opbe= taalde aandelekapitaal plus reserwes het vanaf 1971 reeds meer as 30 persent van die totale kapitaal van die koöpe= rasie bedra.

Hoewel S.W.T.L.K. nie sy aandelekapitaal soos aanbeveel deur die Landbank²⁾ verhoog het nie, het hy tog uit= voering aan die versoek gegee deur eie kapitaal deur middel van reservering te verhoog. Dit spreek duide= lik uit die gegewens verstrek in tabel 5.4. Punt 7 van die genoemde omsendbrief beveel aan dat koöperasies geen winste moet uitkeer voordat die gewenste mate van selfstandigheid bereik is nie. In antwoord op die oproep is daar van 1952 tot 1965 geen bonusse aan die lede van S.W.T.L.K. toegeken nie.

Wat is die kriterium vir selfstandigheid of dan wel die gewenste hoeveelheid reserwes wat 'n koöperasie moet hê? Volgend die Kommissie van ondersoek na Koöperatiewe Aan= geleenthede³⁾ moet die reserwe plus aandelekapitaal van

1) Kyk tabel 5.4.

2) Kyk paragraaf 5.3.1.1.

3) Kommissie van Onderzoek na Koöperasie Aangeleent= hede, op. cit., p.149 en 211.

TABEL 5.4

Reserwes as persentasie van die totale eie kapitaal en die totale kapitaal van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974

Jaar	Totale Reserwes	Reserwes as persentasie van die totale eie kapitaal	Reserwes as persentasie van die totale kapitaal
	R1 000	Persent	Persent
1954	69	22,0	3,5
1955	137	29,7	5,6
1956	180	25,3	5,3
1958	257	26,5	6,3
1959	379	29,5	9,1
1960	519	32,7	9,3
1961	654	35,1	10,6
1962	1 041	42,7	13,4
1963	792	33,0	12,2
1964	1 369	43,0	18,4
1965	1 631	47,8	21,9
1966	1 758	49,3	22,7
1967	1 960	51,7	20,2
1968	2 873	57,9	22,8
1969	3 593	63,9	25,2
1970	4 249	67,1	27,4
1971	4 880	69,3	28,1
1972	5 750	71,2	30,1
1973	6 651	65,4	30,5
1974	7 411	65,2	30,0

1) Saamgestel uit inligting verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

inkoops- en afsetkoöperasies 30 persent of meer van die totale kapitaal van die koöperasie bedra. Op die basis geoordeel het S.W.T.L.K. in 1971 die gewenste verhouding bereik en dit sedertdien gehandhaaf. Die verhouding is ook deur die raad van direkteure van die koöperasie as voldoende beskou daarom is besluit om 'n kleiner deel van die surplus in die toekoms te reserveer en 'n groter deel in die vorm van 'n uitgestelde bonus in die koöperasie te behou.¹⁾

Die toekomstige beleid wat klaarblyklik deur die raad van S.W.T.L.K. gevolg sal word, is om die verhouding van reserwes plus aandelekapitaal tot die totale kapitaal op 'n vlak van 30 persent te hou en dan die res van die verdeelbare surplus aan lede toe te ken. Die toegekende bonus word dan op die lede se name in die „ledebelangefondsrekening“ gekrediteer. Deur die optrede, word steeds gestreef na groter finansiële selfstandigheid deur die eie kapitaalposisie van die koöperasie te versterk. Reservering geskied nou grootliks op 'n persoonlike basis wat koöperatief as die korrekte metode beskou word.

1) S.W.T.L.K. Ons Eie, Desember 1972, p.17.

5.3.1.4 SAMEVATTING

Die bestuur van S.W.T.L.K. het sedert die begin van die periode onder bestudering probeer om die koöperasie finansieël selfstandig te maak deur die versterking van die eie kapitaalposisie. Deur die beleid van reservering van surplusse konsekwent toe te pas, is die gewenste posisie in 1971 bereik toe die totale reserwes en opbetaalde aandelekapitaal 31 persent van die totale kapitaal van die koöperasie uitgemaak het. Sedert die bereiking van dié verhouding het die raad van direkteure besluit dat dit tyd was om die eie kapitaalposisie van die koöperasie deur middel van reservering op 'n persoonlike grondslag, te handhaaf en te verbeter. Dit het die skepping van 'n ledebelangefonds tot gevolg gehad wat ongetwyfeld in die toekoms 'n belangrike komponent van die eie kapitaal van die koöperasie sal uitmaak.

Die rol van aandelekapitaal sowel as die ledeheffingsfonds as bronne van eie kapitaal het sedert 1954 drasties afgeneem. Die afname is direk toe te skryf aan die skerp styging in die reserwes van die koöperasie. Die verwagting is dat die belangrikheid van die ledeheffingsfonds as bron van eie kapitaal steeds sal afneem vanweë die beleid van die direksie van S.W.T.L.K. om eie kapitaal te versterk deur reservering op 'n persoonlike en onpersoonlike basis.

5.3.2 DIE VREEMDE KAPITAALPOSISIE IN S.W.T.L.K.

Soos reeds uit die eie kapitaalposisie afgelei kon word, is die koöperasie nog grootliks van vreemde kapitaal vir die voorsiening in sy finansieringsbehoefte afhanklik. Hoewel net 54 persent van die koöperasie se totale kapitaal vir 1974 uit vreemde bronne getrek is, was die syfer in 1954 83,9 persent. Die posisie is geleidelik verbeter deur die beleid wat in S.W.T.L.K. gevolg is naamlik om die eie kapitaalposisie van die koöperasie deur middel van reservering te versterk.

Grafiek 5.6 gee 'n aanduiding van die kapitaalstruktuur van die koöperasie vir die periode onder bestudering. Hieruit kan ondermeer gesien word hoe die rol van vreemde kapitaal onderskei in sy komponente oor die tydperk verander het. Vervolgens word gelet op elk van die vreemde kapitaalbronne met betrekking tot die rol daarvan in die totale finansiering van die koöperasie en die veranderinge wat daarin plaasgevind het.


5.3.2.1 DIE LANDBANK

In die opsig word onderskei tussen die twee soorte krediet naamlik paalementlenings en kaskredietlenings in die bespreking van die rol van die Landbank as bron van finansiering vir S.W.T.L.K.

GRAFIEK 5-6

DIE KAPITAALSTRUKTUUR VAN S.W.T.L.K. VIR DIE TYDPERK 1954 TOT 1974

1. Totale eie kapitaal
2. Landbank paaientlenings
3. Kaskredietlenings (produkte uitgesluit)
4. Krediteure



In die tydperk onder bestudering was die Landbank die enigste voorsiener van vreemde langtermynkapitaal aan dié koöperasie. Die rol wat Landbankfondse vir die tydperk 1954 tot 1974 in die finansiering van S.W.T.L.K. gespeel het, word in grafiek 5.6 uitgebeeld.

Paaientlenings het in 1954 twintig persent van die totale kapitaal van die koöperasie uitgemaak. Vanaf 1954 tot 1964 het dit met twaalf persent afgeneem waarna dit weer stadig tot 36,6 persent in 1969 gestyg het. Vanaf 1969 het die lenings weer geleidelik tot 25,9 persent in 1974 gedaal. Die relatiewe daling word toegeskryf aan die lae besteding aan kapitaalprojekte gedurende die tydperk.¹⁾

Hoewel paaientlenings in verhouding tot die totale kapitaal van dié koöperasie afgeneem het, het die werklike bedrag aan die Landbank verskuldig vanaf R389 000 in 1954 tot R598 000 in 1964 toegeneem. Die grootste bedrag wat in die tydperk in terme van paaientlenings aan die Landbank verskuldig was, was R855 000 in 1960 toe dit slegs 15,3 persent van die totale kapitaal van die koöperasie uitgemaak het.

1) Kyk ondermeer grafiek 5.2 vir die totale vaste bates van die koöperasie wat die vraag na langtermynkapitaal aandui.

Die relatiewe toename in paaientlenings vanaf 1965 is hoofsaaklik aan die oprigting van losmaatgeriewe vir die hantering van graan toe te skryf.¹⁾ Op die spesiale vergaderings van lede gehou gedurende Junie 1964 is goedkeuring gevra vir die aangaan van 'n lening by die Landbank vir die oprigting van die eerste graansilo's te Bloemhof en Christiana. Dit lei die graansiloprogram van S.W.T.L.K. waarin tot 1974 sowat R8,7 miljoen bestee is, in. Die grootste gedeelte van die fondse aan die program bestee, is van die Landbank verkry.

Die daling in paaientlenings in verhouding tot die totale kapitaal van die koöperasie in die tydperk 1970 tot 1974 is weens die gebruikmaking van meer eie kapitaal in die finansiering van kapitaalprojekte en die afbetaling van die lenings. Dié lenings het van 1969 tot 1974 met R1,2 miljoen tot R6,4 miljoen toegeneem wat 'n groei van 23 persent verteenwoordig teenoor 'n toename van R5,8 miljoen of 102 persent in die eie kapitaalposisie in dieselfde tydperk. Hierdie neiging dui daarop dat paaientlenings in die toekoms steeds 'n relatief geringer rol in die finansiering van kapitale projekte in S.W.T.L.K. gaan speel. Weens die verbetering van die eie kapitaalposisie van die koöperasie deur middel van reservering word interne fondse verkry om in vaste bates te investeer.

1) Ibid.

Die kaskredietlenings van die Landbank is bedoel vir produksiekrediet en dienste en word geensins toegestaan vir kredietverskaffing aan lede ten opsigte van onderdele, implemente, trekkers en dergelike benodigdhede nie.¹⁾

Uit grafiek 5.6 blyk dat die korttermynkrediet wat S.W.T.L.K. vanaf 1954 tot 1974 van die Landbank verkry het in verhouding tot die totale kapitaal drasties verminder het. In 1954 het kaskredietlenings 25,1 persent van die totale kapitaal van die koöperasie uitgemaak teenoor 8,3 persent in 1974. Wanneer die omvang van die lenings, in verhouding tot die totale kapitaal beskou word, blyk dit abnormaal hoog vir die tydperk 1959 tot 1963 te wees. Vanaf 1963 tot 1968 het die verhouding met 29,7 persent afgeneem waarna dit min of meer konstant op 'n vlak van tussen 9,5 persent en 7,5 persent tot 1974²⁾ gebly het. Indien die afwyking van 1959 tot 1963 buite rekening gelaat word, skyn die omvang van die kaskredietlenings te neig na 'n konstante persentasie van

-
- 1) JACOBS, D.J.L. Landboufinansiering met spesiale verwysing na Koöperatiewe Kredietinstellings. (Ongepubliseerde proefskrif). P.U. vir C.H.O., 1968, p.587.
 - 2) In hoofstuk 6 word meer spesifiek hieraan in die beskouing van die bestuur van die vlottende bates van S.W.T.L.K. aandag gegee. Kyk ook paragraaf 5.2.2.

die totale kapitaal.¹⁾ Dit dui op die gesonde be-
stuurspraktyk om gebalanseerd uit te brei en die wyse
van finansiering by die behoefte aan te pas.

Die aard van Landbankkaskredietlenings maak dit ideaal
as middel vir die finansiering van die korttermynkapitaal=
behoefte van die koöperasie. Die fondse kan binne
perke maklik na behoefte aangetrek en afgesoot word wat
die moontlikheid van onbenutte kapitaal uitskakel.
Die koste van kaskredietlenings dit wil sê die rente daar=
op betaalbaar is ook laer as dié van ander vreemde fondse.

Daar word voorsien dat dié koöperasie in die toekoms
steeds van kaskredietlenings sal gebruik maak. Selfs
al sou die koöperasie voldoende eie kapitaal hê om die
vlottende bates te finansier, sou dit nogtans raadsaam
wees om van kortkrediet van die Landbank gebruik te maak.
Die aanpasbaarheid en koste van dié krediet laat dit
selfs voorkeur geniet bo eie kapitaal.²⁾

Die Landbank was en is steeds die vernaamste voorsiener
van vreemde kapitaal aan S.W.T.L.K. Aan die einde

1) Kyk ook paragraaf 5.2.2.

2) Vergoeding op aandelekapitaal is agt persent, op
ledeheffingsfonds dieselfde as Landbankrente op
kaskredietlenings en dié op ledebelange nie hoër
as vyf persent nie. Die eie fondse kan ook nie
in dieselfde mate as kaskrediet aangetrek en afge=
stoot word nie.

van 1974 was die koöperasie vir 34 persent van sy totale kapitaal van die Landbank afhanklik. Hoewel daar 'n afname in die verhouding van fondse deur die Landbank voorsien tot die totale kapitaal van die koöperasie was, word verwag dat daar steeds van dié finansieringsbron gebruik gemaak sal word.

5.3.2.2 KREDITEURE EN KREDIETSALDO'S

Kromme 4 in grafiek 5.6 sluit in leweransierskrediet, oortrokke bankrekening en agterstallige uitgawes. Eers= genoemde twee items se rol is heeltemal oorheersend in die vergelyking en dit word aanvaar dat die verloop van die kromme daardeur bepaal word.

Die genoemde grafiek toon dat die omvang van krediteure en bankkrediet vanaf 1956 tot 1958 in verhouding tot die totale kapitaal van die koöperasie drasties afgeneem het naamlik van 41,4 persent tot 29,8 persent. Hierna was daar 'n verdere afname in die verhouding tot 20,8 persent in 1962 waarna dit tot 1974 min of meer op negentien persent gestabiliseer het.

5.3.2.2.1 HANDELSBANKKREDIET

Wat handelsbankkrediet betref, het die koöperasie slegs vir die eerste helfte van die periode onder bestudering

van oortrokke handelsbankfasiliteite gebruik gemaak. Van besondere belang is dat die oortrokke rekenings vir die jare 1954 tot 1961 die maksimum bedrag wat deur die lede goedgekeur is, oorskry het. Die balans van die koöperasie toon dat daar sedert 1964 nie weer van oortrokke bankfasiliteite gebruik gemaak is in die finansiering van sy behoeftes nie. Tog is daar elke jaar tot 1969 'n bedrag van R200 000 en daarna weer tot in 1974 'n bedrag van R500 000 deur lede goedgekeur wat op oortrokke rekening by die bank van die koöperasie getrek mag word.¹⁾

Die beleid van veilige en goedkoop finansiering wat deur die bestuur van die koöperasie sedert 1963 gevolg is, blyk uit die vermyding van bankkrediet sover moontlik as bron van kapitaal. Bankkrediet is duur en van 'n uiters korttermyn aard. Die bestuur van S.W.T.L.K. maak slegs op baie korttermyn daarvan gebruik as oorbruggingsmaatreël.

5.3.2.2 LEWERANSIERSKREDIET

Leweransierskrediet speel 'n pertinente rol in die finansiering van S.W.T.L.K. Vanaf 1954 tot 1961 was die

1) Inligting uit die notules van S.W.T.L.K.

koöperasie vir gemiddeld 32 persent van sy totale kapitaalbehoefte van leweransierskrediet afhanklik. Dié kwesbare situasie is sodanig reggestel dat leweransierskrediet sedert 1962 gemiddeld vyftien persent van die totale kapitaal van die koöperasie uitgemaak het. Die relatiewe daling en stabilisering in leweransierskrediet toon die mate van beheer wat die bestuur ten opsigte daarvan uitgeoefen het en steeds uitoefen.

Die beleid betreffende leweransierskrediet is om slegs op die korttermyn daarvan gebruik te maak. Die gerieflikheid van die krediet stimuleer die gebruik daarvan. Pleks dat betaling op ontvangs van elke faktuur geskied, word dit maandeliks op ontvangs van die leweransier se staat gemaak. Dit bring 'n groot besparing in administratiewe werk mee en deur betalings binne 30 dae te doen, word die voordeel van kontantkorting geniet. Die leweransiers wat nie korting vir vroeë betalings toestaan nie se rekenings word eers na minstens 45 dae betaal.¹⁾

Die nadele wat leweransierskrediet inhou, word al te duidelik deur die bestuur van S.W.T.L.K. besef daarom word dit so versigtig gebruik. Die koste van leweransierskrediet as bron van finansiering is hoog op grond van

1) Mededeling van die Finansiële Bestuurder van S.W.T.L.K.

ontbeerde kontantkorting indien betaling nie binne die bepaalde tyd geskied nie. Verder word ook besef dat die oormatige gebruik van leweransierskrediet kan lei tot prysgawe van die selfstandigheid van die koöperasie.¹⁾ So kan die koöperasie maklik in die mag van 'n bepaalde leweransier kom wat daartoe kan lei dat die beter dienste van ander leweransiers ontbeer moet word.

5.3.3 GEVOLGTREKKING

Die kapitaalstruktuur van S.W.T.L.K. was aanvanklik baie ongesond op grond van die swak eie kapitaalverhouding en die omvang van leweransierskrediet. Die eie kapitaalposisie het oor die jare verbeter as gevolg van die konsekwente toepassing van die beleid van reservering van surplusse. Die posisie het sodanig verbeter dat daar op die jaarvergaderings van 1972 besluit is om 'n gedeelte van die surplusse aan die koöperasie se lede oor te dra. Die surplusverdeling geskied op basis van deelname in die aktiwiteite van die koöperasie. Hoewel die toedeling op lede se name geskied, word die bonusse nie in kontant uitbetaal nie, maar bly dit in die koöperasie tot en met die uittrede van die lid.

Daar word voorsien dat die eie kapitaalposisie van die koöperasie, onder die huidige beleid van interne finan-

1) Kyk ook COETZEE, op. cit., p.143.

siering sodanig sal verbeter dat die uitbetaling van kontantbonusse aan lede later oorweeg sal kan word.

Hoewel die relatiewe aandeel van die Landbank as finansieringsbron gedurende die tydperk onder bestudering in 'n mate afgeneem het, bly dit steeds een van die belangrikste bronne van vreemde kapitaal vir S.W.T.L.K. Die aanpasbaarheid en veral die koste van kaskredietlenings maak dit uiters geskik vir korttermynfinansiering. Wat vreemde langtermynkapitaal betref, is die Landbank klaarblyklik ook die geskikste bron.

Dat daar wel punte van kritiek bestaan teen die voorwaardes waarop die Landbank lang- en korttermynlenings aan koöperasies verskaf,¹⁾ is seker, maar die feit dat dié koöperasie sonder belemmering deur die sogenaamde onbillike voorwaardes met vrug van Landbankfondse gebruik gemaak het, laat die vraag ontstaan of dié kritiek geregverdig is. Het die „onbillike” voorwaardes nie miskien menige koöperasie van ondergang gered omdat dit roekelose kredietjag aan bande gelê het nie?

As 'n finansieringsbron was die relatiewe aandeel van lewens- en handelsbankkrediet aan die begin van die periode gevaarlik hoog. Uit hoofde van die gevare wat

1) Kyk paragraaf 4.2.3.1.

dit vir die koöperasie uit 'n solvabiliteits- sowel as uit 'n koste-oogpunt ingehou het, is die gebruik van die krediet drasties ingekort tot 'n gemiddelde omvang van negentien persent van die totale kapitaal. Die oordeelkundige gebruik van leweransierskrediet en die vermyding van bankkrediet sover moontlik word as gesonde besigheidspraktik beskou.

5.4 DIE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN S.W.T.L.K.

5.4.1 INLEIDING

In die voorafgaande gedeelte van die hoofstuk is gelet op die finansieringsbehoefte en die kapitaalstruktuur van die koöperasie. Die finansieringsbehoefte slaan op die batesstruktuur terwyl die kapitaalstruktuur die wyse met ander woorde die samestelling van die bronne van finansiering aandui. Die finansiële struktuur behels die verhouding tussen die totale bates van die onderneming en die kapitaal wat daarin beliggaam is.

Die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974 word in tabel 5.5 weerspieël. In al die jare het die langtermynkapitaal die vaste bates en beleggings oortref wat so 'n oorskot vir die finansiering van 'n gedeelte van die vlottende bates laat.¹⁾

1) Beleggings bestaan uit aandele in sentrale en ander plaaslike koöperasies.

TABEL 5.5

Die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974¹⁾

Jaartal	Vaste Bates en Beleg= gings	Vlottende Bates	Totale Bates	Langter= mynkapi= taal	Kortter= mynkapi= taal	Totale Kapitaal
	Persent	Persent	Persent	Persent	Persent	Persent
1954	35,4	64,6	100	36,1	63,9	100
1955	35,3	64,7	100	40,8	59,2	100
1956	34,7	65,3	100	36,1	63,9	100
1958	40,1	59,9	100	44,0	56,0	100
1959	39,8	60,2	100	48,9	51,1	100
1960	30,2	69,8	100	43,6	56,4	100
1961	28,3	71,7	100	43,2	56,8	100
1962	24,9	75,1	100	40,7	59,3	100
1963	30,0	70,0	100	47,1	52,9	100
1964	31,3	68,7	100	50,7	49,3	100
1965	33,2	66,8	100	60,4	39,6	100
1966	45,9	54,1	100	63,3	36,7	100
1967	52,6	47,4	100	64,3	35,7	100
1968	54,5	45,5	100	72,7	27,3	100
1969	52,8	47,2	100	76,0	24,0	100
1970	50,1	49,9	100	74,6	25,4	100
1971	53,2	46,8	100	72,6	27,4	100
1972	52,5	47,5	100	71,9	28,1	100
1973	51,3	48,7	100	76,1	23,9	100
1974	53,8	46,2	100	71,9	28,1	100

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

Om 'n meer sinvolle waardering van die finansiële struktuur van die koöperasie te maak, word die soorte bates vervolgens ontleed na die kapitaal wat daarin beliggaam is.

5.4.2 VASTE BATES EN BELEGGINGS TOT LANGTERMYNKAPITAAL

In tabel 5.6 word die vaste bates van S.W.T.L.K. met die langtermynkapitaal in sy komponente naamlik eie en vreemde kapitaal vergelyk.

Soos reeds in hoofstuk 4 bespreek, is dit gesonde beleid om in die langtermynbehoefte van die koöperasie deur middel van langtermynkapitaal te voorsien

Die vreemde langtermynkapitaal wat in tabel 5.6 aangetoon word, bestaan net uit paaientlenings van die Landbank. Dié lenings word slegs aan koöperasies verskaf vir die aankoop van grond, die oprigting van geboue en die installering van masjinerie en toerusting. Dit word aanvaar dat die volle omvang van die lenings in vaste bates opgesluit is. Nou kan bepaal word watter gedeelte van die vaste bates met eie kapitaal finansier is. In tabel 5.7 word hierdie syfer in verhouding tot die totale kapitaal van die koöperasie aangetoon. Die oorskot eie kapitaal bo die gedeelte benodig vir die finansiering van die balans vaste bates word ook aangetoon. Die oorskot eie kapitaal is bedoel vir die finansiering

TABEL 5.6

Verhouding van die vaste bates en langtermynkapitaal van S.W.T.L.K.
vir die jare 1954 tot 1974 as persentasie van totale kapitaal¹⁾

Jaar	Vaste Bates en Belegging	Langtermynkapitaal		
		Eie	Vreemde	Totaal
	Persent	Persent	Persent	Persent
1954	35,4	16,1	20,0	36,1
1955	35,3	18,8	22,0	40,8
1956	34,7	20,8	15,3	36,1
1958	40,1	24,0	20,0	44,0
1959	39,8	30,7	14,2	44,9
1960	30,2	28,3	15,3	43,6
1961	28,3	30,3	12,9	43,2
1962	24,9	31,3	9,4	40,7
1963	30,0	36,9	10,2	47,1
1964	31,3	42,7	8,0	50,7
1965	33,2	45,7	14,7	60,4
1966	45,9	46,1	17,2	63,3
1967	52,6	39,2	25,1	64,3
1968	54,5	39,4	33,3	72,7
1969	52,8	39,4	36,6	76,0
1970	50,1	40,8	33,8	74,6
1971	53,2	40,5	32,1	72,6
1972	52,5	42,3	29,6	71,9
1973	51,3	46,6	29,5	76,1
1974	53,8	46,0	25,9	71,9

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

TABEL 5.7

Vaste bates deur middel van eie kapitaal gefinansier in verhouding tot totale kapitaal en 'n vergelyking daarvan met die totale reserwes¹⁾

Jaar	Vaste bates met eie kapitaal gefinansier	Totale eie kapitaalposisie	Oorskot eie kapitaal	Totale reserwes
	Persent	Persent	Persent	Persent
1954	15,4	16,1	0,7	3,5
1955	13,3	18,8	5,5	5,6
1956	19,4	20,8	1,4	5,3
1958	20,1	24,0	4,0	6,3
1959	21,6	30,7	9,1	9,1
1960	14,9	28,3	13,4	9,3
1961	15,4	30,3	14,9	10,6
1962	15,5	31,3	15,8	13,4
1963	19,8	36,9	17,1	12,2
1964	23,3	42,7	19,4	18,4
1965	18,5	45,7	27,2	21,9
1966	28,7	46,1	17,4	22,7
1967	27,5	39,2	11,7	20,2
1968	21,2	39,4	18,2	22,8
1969	16,2	39,4	23,2	25,2
1970	16,3	40,8	24,5	27,4
1971	21,2	40,5	19,3	28,1
1972	22,9	42,3	19,4	30,1
1973	21,8	46,6	24,8	30,5
1974	27,9	46,0	18,1	30,0

1) Gegewens verkry uit verslae van S.W.T.L.K. Al die verhoudings is uitgedruk as 'n persentasie van die totale kapitaal.

van die permanente vlottende bates in die koöperasie.

Die afleiding wat uit tabel 5.6 gemaak word, is dat die langtermynkapitaal van S.W.T.L.K. aanvanklik net voldoende was vir die finansiering van die vaste bates. Die toestand het in die tydperk onder bespreking sodanig verbeter dat die vaste bates vanaf 1968 tot 1974 gemiddeld 1,4 keer deur die langtermynkapitaal gedek is. Die verbetering in die verhouding van die vaste bates tot die langtermynkapitaal is hoofsaaklik toe te skryf aan die eie kapitaal toename. Uit tabel 5.7 blyk dat die eie kapitaal van die koöperasie sodanig verbeter het dat die vaste bates vanaf 1968 slegs uit langtermynlenings van die Landbank en permanente eie kapitaal finansier is.¹⁾ Dit is voorwaar 'n aanbevelingswaardige beleid.

5.4.3 DIE FINANSIERING VAN DIE VLOTTENDE BATES VAN DIE KOÖPERASIE

In tabel 5.8 word die verhouding van die vlottende bates van die koöperasie aangetoon asook die wyse waarop dit finansier is. Hoewel dit moeilik is om konkrete afleidings uit die tabel te maak, word daar aan die hand van

1) Permanente eie kapitaal beteken in hierdie sin kapitaal wat slegs by likwidasië verdeelbaar is.

TABEL 5.8

Die vlottende finansiële struktuur van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974 uitgedruk in verhouding tot die totale kapitaal¹⁾

Jaar	Vlottende Bates				Gefinansier deur			
	Debi=teure	Produkte=voorraad	Handels=voorraad	Kontant en voor=uitbetaal de koste	Kaskre=dietle=nings	Kort=kre=diet	Surplus ²⁾ eie fondse	Totaal
	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent	Per=sent
1954	30	14	20	1	25	39	1	65
1955	34	10	20	1	25	34	5	65
1956	27	16	20	2	22	41	2	65
1958	44	-7	22	1	26	30	4	60
1959	51	-13	20	2	25	25	10	60
1960	43	-5	31	1	35	21	14	70
1961	45	-18	44	1	33	24	15	72
1962	44	5	25	1	39	21	15	75
1963	30	18	21	1	39	14	17	70
1964	13	40	15	1	27	23	19	69
1965	7	22	37	1	22	18	27	67
1966	16	8	29	1	20	17	17	54
1967	11	16	19	1	15	21	11	47
1968	8	22	15	1	9	18	19	46
1969	8	25	13	1	10	15	22	47
1970	12	23	13	2	9	17	24	50
1971	12	20	14	1	9	19	19	47
1972	12	18	16	2	7	21	20	48
1973	10	20	16	3	9	15	25	49
1974	12	16	16	2	8	20	18	46

1) Gegewens verkry uit verslae van S.W.T.L.K.

2) Dit is die oorskot eie fondse na voldoen is aan die finansiering van die vaste bates van die koöperasie. Kyk tabel 5.7.

van die doel waarvoor sekere fondse gewoonlik aangewend word, gepoog om sinvolle afleidings in dié verband te maak.

Die doel van die kortkrediet wat die Landbank aan die koöperasie voorsien, is vir die voorsiening van produksie=middele aan sy lede.¹⁾ Met ander woorde die bedrag wat op die balans as kaskredietlenings aangedui word, is opgesluit in debiteure en/of voorraad. Weens die feit dat die finansiële jaar van die koöperasie eindig wanneer boere in die koöperasie se bedieningsgebied klaar geploeg en geplant het, word aanvaar dat die grootste gedeelte van die kaskredietlenings aan die einde van die jaar in debiteure vasgelê is.²⁾

Voorafgaande afleiding impliseer dat handelsvoorraad oorwegend deur middel van kortkrediet van leweransiers finansier is. Die oorskot van die krediet lê weer in debiteure en kontant opgesluit. Dit is heel onwaarskynlik dat leweransierskrediet vir die finansiering van produkteaankope aangewend sal word. Die surplusdekking ten opsigte van produktevoorraad word klaarblyk uit die

1) Kyk paragraaf 5.3.2.1.2.

2) Die koöperasie se bedieningsgebied is oorwegend 'n somergewasgebied soos afgelei kan word uit die statistiese gegewens in hoofstuk 2.

die oorskot eie fondse bekostig.¹⁾


Uit grafiek 5.7 blyk dat die vlottende bates van die koöperasie asook die wyse waarop dit finansier is in die periode 1954 tot 1968 baie fluktrueer het. Vanaf die jongste genoemde datum het daar 'n duidelike stabilisering van die bates in verhouding tot die totale kapitaal ingetree. 'n Duidelike patroon in die samestelling van die vlottende bates het ontwikkel en die finansiering is ook daarby aangepas.

Debiteure, handelsvoorraad en kontant is sedert 1968 omtrent volledig deur middel van kaskredietlenings en ander kortkrediet gefinansier, wat beteken dat die finansiering van produkte bo dié deur middel van kaskredietlenings gefinansier met eie kapitaal geskied het. 'n Terloopse vraag wat in die opsig na vore kom, is of dit raadsaam is om soveel eie kapitaal in die finansiering van produkte vas te lê, terwyl Landbankkrediet daarvoor gebruik kan word. Kan die eie kapitaal nie meer effektief in debiteure en voorraad belê gewees het nie. Met die bespreking van die bestuur van die koöperasie se vlottende bates in hoofstuk 6 sal meer lig op die saak gewerp word.

1) Die begrip surplusdekking omskryf die oorskot van die totale produktevoorraad bo die totale kaskredietlenings vir die finansiering van dié produkte.

GRAFIEK 5-7

ONTLEIDING VAN DIE VLOTTENDE FINANSIELE STRUKTUUR VAN S.W.T.L.K. IN VERHOUDING TOT DIE TOTALE KAPITAAL



5.5 SAMEVATTING

In die hoofstuk is eerstens aandag gegee aan die kapitaalbehoefte van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974 soos afgelei uit die batestruktuur van die koöperasie. Hieruit is bevind dat hoewel daar 'n geweldige toename in die kapitaalbehoefte van die koöperasie was oor dié tydperk, daar 'n stabiele verhouding tussen die vaste en vlottende bates gehandhaaf is.

Tweedens is die kapitaalstruktuur van die koöperasie vir die tydperk onder bestudering ontleed. Wat veral treffend is, is die toenemende rol wat eie kapitaal in die finansieringstruktuur van die koöperasie ingeneem het. Dié toename in die belangrikheid van eie kapitaal het hoofsaaklik tot gevolg gehad dat relatief minder van leweransiers- en handelsbankkrediet gebruik gemaak is. Die verbetering in die eie kapitaalposisie van S.W.T.L.K. het nie toevallig plaasgevind nie, maar het gevolg op die konsekwente toepassing van 'n doelgerigte beleid van reserivering.

Die finansiële struktuur van die koöperasie is laastens in oënskou geneem in die soeke na 'n verband tussen die bates en die wyse van finansiering. Hieruit is afgelei dat die vaste bates van die koöperasie met paalementlenings van die Landbank en met eie kapitaal gefinansier

word. Die vlottende bates word gefinansier uit die surplus eie kapitaal, kaskredietlenings van die Landbank en kortkrediet hoofsaaklik van leweransiers. Verdere afleidings wat ten opsigte van die finansiering van die vlottende bates van die koöperasie gemaak is, is dat debiteure, handelsvoorraad en kontant hoofsaaklik met kaskredietlenings en leweransierskrediet gefinansier word terwyl die oorskot produktevoorraad deur middel van eie kapitaal finansier is.

HOOFSTUK 6

DIE BESTUUR VAN DIE VLOTTENDE BATES VAN S.W.T.L.K.

6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. ontleed en die verband tussen die verskillende bates en kapitaalsoorte bepaal. Die analise het egter geen aanduiding van die effektiwiteit van die investering in die verskillende bates gegee nie.

In dié hoofstuk word die evaluering van kapitaal investeer in die vlottende bates van die koöperasie, gedoen. In die opsig word van erkende verhoudingsgetalle gebruik gemaak en word die evaluering op grond van interne vergelyking gedoen.

Eers word die bestuur van die totale vlottende bates in oënskou geneem en beoordeel op grond van die likiditeitsposisie van die koöperasie op die gegewe momente. Voortvloeiend hieruit word die individuele vlottende bates ontleed aan die hand van bepaalde verhoudinge om die bevindinge van die likiditeitsanalise te verklaar.

6.2 DIE LIKIDITEITSPOSISIE VAN DIE KOÖPERASIE

Die likiditeitsposisie van die koöperasie dui op die vermoë om sy lopende verpligtinge na te kom.¹⁾ Die kontinuïteitsidee word hier as belangrik beskou. Sonder om van sy vaste bates te verkoop, moet die koöperasie sy korttermynverpligtinge kan nakom in die proses van bedryfsvoering. Die vlottende bates moet voldoende wees om die korttermynlaste te dek en nog 'n oorskot te laat vir normale bedryfsvoering.

6.2.1 EERSTE LIKIDITEITSYFER("current ratio")

Die eerste likiditeitsyfer of vlottende verhouding gee die verband tussen die totale vlottende bates van die koöperasie en die totale korttermynlaste, met ander woorde in watter mate die korttermynlaste gedek is deur vlottende bates oor 'n tydperk wat nagenoeg ooreenstem met die tydperk waarin dié laste aflosbaar raak.

In tabel 6.1 word die likiditeit van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974 aangetoon. Net soos in die behandelings van die finansiële struktuur van die koöperasie is produktevoorraad deur kaskredietlenings gefinansier, weggelaat vir die berekening van die likiditeitsposisie

1) Kyk paragraaf 3.3.2.

TABEL 6.1

Die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Eerste likiditeitsyfer	Tweede likiditeitsyfer ²⁾
1954	1,0:1	0,7:1
1955	1,1:1	0,8:1
1956	1,0:1	0,7:1
1958	1,1:1	0,7:1
1959	1,2:1	0,8:1
1960	1,2:1	0,7:1
1961	1,3:1	0,5:1
1962	1,3:1	0,8:1
1963	1,3:1	0,9:1
1964	1,4:1	1,1:1
1965	1,7:1	0,8:1
1966	1,5:1	0,7:1
1967	1,3:1	0,8:1
1968	1,7:1	1,1:1
1969	2,0:1	1,4:1
1970	2,0:1	1,4:1
1971	1,7:1	1,2:1
1972	1,7:1	1,1:1
1973	2,0:1	1,4:1
1974	1,6:1	1,1:1

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

2) Produktevoorraad self gefinansier is as likiede bate ingereken.
Motivering in paragraaf 6.2.2 aangebied.

op die gegewe datums.¹⁾

Gesien in die lig van die vuistreël van 'n eerste likiditeitsverhouding van 2:1 was die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. aanvanklik swak. Die verhouding het vanaf 1954 geleidelik van 1:1 verbeter tot 'n posisie van 1,7:1 in 1965 bereik is. Na 'n insinking in 1966 en 1967 het die likiditeitsposisie weer na 1,7:1 in 1968 teruggekeer. Die betreklike gesonde verhouding is gehandhaaf tot 1973 waarna dit in 1974 tot 1,6:1 verswak het. Uit die tendens wat sedert 1968 gehandhaaf is, kan aanvaar word dat die daling tydelik van aard is en aan die swak landboujaar van 1974 toegeskryf kan word.²⁾

Bloot beoordeel aan die hand van die aanvaarde verhouding van 2:1 was die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. sedert 1968 bevredigend. Die geringe mate van skommeling wat in die verhouding vanaf die datum voorgekom het, kan aan die toepassing van gesonde finansiële bestuurspraktyke toegeskryf word.

-
- 1) Kyk paragraaf 5.2 vir motivering van die optrede.
 - 2) 'n Meer gemotiveerde verklaring vir dié daling sal in die ontleding van die onderskeie vlottende bates gegee word.

6.2.2 TWEEDE LIKIDITEITSYFER ("Acid test ratio")

Die tweede likiditeitsyfer of vuurproefverhouding toon die vermoë van die koöperasie om sy korttermynskulde te delg sonder om op voorraad staat te maak. Voorraad word uitgesluit omdat dit die minste likied is en dikwels ook aan pryskommelinge en waardedalinge vanweë veroudering onderhewig is. Dit is ook swak besigheid om voorrade te verkoop om skuld te betaal want met die verkoop van alle voorraad is die kontinuïteit van die onderneming in gevaar.

Vir die berekening van die tweede likiditeitsverhouding vir S.W.T.L.K. is produktevoorraad wat met ander fondse as dié van die Landbank finansier is as likiede bate ingereken. Na genoegsame voorsiening vir fisiese verliese kan met sekerheid verwag word dat kapitaal in dié voorraad belê, herwin sal word. Dit raak ook nie die voortbestaan van die koöperasie soos handelsvoorraad nie.

Dit is duidelik dat die tweede likiditeitsverhouding soos in tabel 6.1 aangetoon sedert die begin van die periode gesonder as in die geval met die eerste likiditeitsyfer was. In teenstelling met laasgenoemde verhouding wat geleidelik verbeter het tot 1968 het die eerste likiditeitsyfer so te sê konstant gebly tot 1967 met 'n plotse-linge verbetering van 0,3 in die verhouding van die

likiede bates tot die vlottende laste in die jaar 1968. Die verskynsel is ondermeer aan die styging in die handelsvoorraad in verhouding tot die ander vlottende bates in die tydperk toe te skryf.

Volgens die algemene ervaringsreël naamlik dat die tweede likiditeitsverhouding minstens 1:1 moet wees, was die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. sedert 1968 baie gesond. Dit blyk in sekere jare selfs oormatig te wees wat ook ongewens kan wees omdat dit mag beteken dat te veel kapitaal in onproduktiewe bates investeer is.¹⁾

'n Ontleding van die likiditeitsverhouding van die onderneming gee 'n aanduiding van die ewewigtigheid wat daar op die korttermyn tussen die inkomende- en uitgaande geldstroom bestaan. Hieruit kan afgelei word of die bestuur van die vlottende bates effektief is of nie. Indien enige aanduiding van 'n ongesonde likiditeitsverhouding blyk, is 'n nadere ondersoek van die vlottende bates en laste nodig.

Die onderskeie vlottende bates en laste word in die res van die hoofstuk ontleed om dieper insig te verkry van die likiditeitsposisie van S.W.T.L.K. vir die tydperk 1954 tot 1974.

1) CILLIERS, op. cit., p.16.

6.3 DIE BESTUUR VAN DEBITEURE

6.3.1 'N ANALISE VAN DEBITEURE

In tabel 6.2 word die debiteure van die koöperasie vir die periode 1954 tot 1974 asook die verhouding daarvan tot die totale kapitaal aangetoon. Op die oog af blyk dit dat die debiteure aanvanklik hoog was en steeds gestyg het tot 44 persent van die totale kapitaal in 1962. In 1963 was die syfer 30 persent waarna dit in 1964 drasties verminder het tot dertien persent. Die relatief lae verhouding is vir die res van die periode tot 1974 gehandhaaf.

Om 'n meer sinvolle afleiding met betrekking tot die debiteureposisie te maak, word dit vervolgens aan die hand van die verkope van die koöperasie vir die betrokke jare beoordeel. In tabel 6.3 word die verhouding van debiteure tot die totale handelsomset asook die gemiddelde invorderingstermyn aangetoon.¹⁾ Bevestiging dat die debiteureverhouding tot 1963 enigsins ongesond was word hierin verkry.

In die direkteursverslag van 1962 word melding gemaak van die hoë debiteuresyfer en word die lede daarop gewys dat

1) Die totale handelsomset is geneem omdat die kredietverkopesyfers nie vir al die jare beskikbaar is nie.

TABEL 6.2

Verhouding van debiteure tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K. vir die jare 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Debiteure totaal	Verhouding van debiteure tot die totale kapitaal
	R1 000	Persent
1954	584	30
1955	847	34
1956	938	27
1958	1 797	44
1959	2 133	51
1960	2 385	43
1961	2 779	45
1962	3 412	44
1963	1 973	30
1964	936	13
1965	582	7
1966	1 203	16
1967	1 064	11
1968	1 069	8
1969	1 110	8
1970	1 900	12
1971	2 011	12
1972	2 340	12
1973	2 126	10
1974	3 094	12

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

TABEL 6.3

Verhouding van debiteure tot die totale verkope van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Handelsomset ²⁾	Debiteure omset= snelheid	Debiteure invorde= ringstermyn
	R1 000	Kere	Dae
1954	2 163	3,70	99
1955	2 308	2,72	134
1956	3 229	3,44	106
1958	5 398	3,00	122
1959	4 940	2,32	157
1960	4 615	1,94	188
1961	5 774	2,08	175
1962	7 273	2,13	171
1963	6 669	3,38	108
1964	6 871	7,34	50
1965	5 133	8,82	41
1966	6 672	5,55	66
1967	7 630	7,17	51
1968	10 048	9,40	39
1969	8 761	7,89	46
1970 ³⁾	12 361	6,51	56
1971	12 421	6,18	59
1972	14 588	6,23	59
1973	17 553	8,26	44
1974	18 229	5,90	62

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

2) Totale verkope waaruit debiteure ontstaan naamlik handel, meel-verkope, assurances en diverse aktiwiteite.

3) As gevolg van die verandering van die finansiële jaar van die koöperasie van 31 Januarie na 28 Februarie was die duur van die 1970 boekjaar 13 maande.

die kredietfasiliteite van die koöperasie vir primêre produksiebehoeftes bedoel is. In die verslag word gewys op die 25 persent verhoging in ledeskuld die betrokke jaar wat heeltemal buite verhouding is. Die eerste noemenswaardige afskrywing van oninvorderbare skuld wat 1,9 persent van die totale debiteure bedra het, vind in dié jaar plaas.

Die direkteursverslag van 1963 maak meer feite omtrent kredietverskaffing aan die lede bekend. Daar was voorheen geen rekord van die kredietwaardigheid van lede gehou nie en dit het tot oormatige kredietverlening gelei. Die ongesonde praktyk was byna fataal vir S.W.T.L.K. In die jaar is 23,2 persent as swakskuld afgeskryf en nagenoeg 'n gelyke bedrag as twyfelagtig voorsien. In totaal was die bedrag wat as swak of twyfelagtig beskou is R908 000 wat ongeveer veertien persent van die totale kapitaal van die koöperasie bedra het.

Uit die toestand waarin die koöperasie verkeer het, word afgelei dat daar tot 1961 nie die nodige aandag aan die bestuur van debiteure gegee is nie. Hierna is alles in die stryd gewerp om die posisie te verbeter. Kredietverskaffing is drasties ingekort en 'n kredietafdeling is geskep om die kredietaspek te hanteer. Van die afdeling se eerste take was om volledige rekords op te stel omtrent die kredietwaardigheid van lede en om

alle pogings aan te wend om afgeskrewe skulde te verhaal.

Vir die twee jare 1964 en 1965 is nog aansienlike bedrae as swakskulde afgeskryf naamlik 29,7 persent en 27,5 persent van debiteure onderskeidelik om sodoende 'n meer realistiese debiteuresyfer te verkry. Hierna het die bestuur dit nie meer nodig geag om so drasties af te skryf nie en het die persentasie swakskulde wat afgeskryf is geleidelik tot 1,3 persent van die totale debiteure in 1974 afgeneem.

Swakskulde wat van 1961 tot 1974 afgeskryf is, beloop in totaal R1 464 000 en hiervan is R990 000 reeds herwin. Hieruit blyk miskien dat te drasties afgeskryf is, maar in die lig van die ontbrekende inligting aangaande die kredietwaardigheid van lede was die optrede geregverdig. Verder is dit noemenswaardig dat die konserwatiewe benadering ten opsigte van debiteure steeds in die koöperasie geld. Die indruk word geskep dat indien daar enigsins twyfel bestaan omtrent die invordering van 'n rekening, dit afgeskryf word, hoewel sover moontlik gepoog word om dit te verhaal. Die afleiding word gemaak op grond van die feit dat bedrae afgeskryf en verhaal van 1971 tot 1974 bykans dieselfde is. In werklikheid het die bedrag herwin die afgeskrewe bedrag vir die tydperk in totaal oortref.

Te oordeel aan die debiteureposisie soos weerspieël as 'n persentasie van die totale kapitaal van die koöperasie asook ten opsigte van die omset en invorderingstermyn, het die toestaan en beheer van krediet vanaf 1964 op 'n baie gesonde basis plaasgevind. Ten spyte van die feit dat die omset van die koöperasie sedert 1963 nagenoeg drie keer verhoog het, het die debiteure slegs met ongeveer 50 persent toegeneem. In verhouding tot die totale kapitaal het die debiteure van 30 persent in 1963 tot twaalf persent in 1974 afgeneem. Groter stabiliteit in die verhouding het ook sedert 1970 geheers.

Hierdie resultate is nie sonder enige prysgawe verkry nie. Die strenger kredietbeleid van S.W.T.L.K. het onteenseglik 'n afname in omset tot gevolg gehad.¹⁾ Die rekord omset wat in 1962 behaal is, is eers in 1967 weer bereik en oortref. As 1962 nie in berekening gebring word nie, blyk die daling in omset nie so drasties te wees nie. Van 1961 tot 1964 is selfs 'n toename te bespeur.

Nietemin word aanvaar dat die streng kredietbeleid wat gevolg word 'n stremmende invloed op verkope uitoefen. Wat die omvang van die beperking was, is moeilik bepaalbaar. Die groot verliese wat die koöperasie gely het en die risiko's wat geloop is voor die instelling van

1) Kyk tabel 6.3 vir totale handelsomset.

dié beleid gee egter aanduiding van die voordele wat die strenger beleid tot gevolg gehad het.

6.3.2 DIE KREDIETBELEID VAN S.W.T.L.K.

Uit voorgaande bespreking blyk dat daar tot en met 1961 geen vaste beleid in die koöperasie bestaan het met betrekking tot die basis waarop krediet aan lede toegestaan is nie. Die omvang en toestand van debiteure in 1962 het die bestuur van die koöperasie tot optrede genoop. Verantwoordelike persone is aangestel vir die handhawing van die kredietbeleid en die opbou van lederekords waaruit die kredietwaardigheid bepaal kon word.

Die stappe het tot sodanige verbetering in die debiteurebestuur gelei dat die raad in sy verslag van 1964 verklaar: „U direksie is met die informasie tans tot sy beskikking, meer as voorheen by magte om krediet volgens kredietwaardigheid toe te ken.”¹⁾

Tans maak die koöperasie se kredietbeleid voorsiening vir die verlening van krediet aan lede op verskillende basisse. Seisoenskrediet word onder andere op dieselfde basis aan lede verskaf as wat kaskredietlenings deur die Landbank aan koöperasies vir die voorsiening van produksiemiddele aan lede verskaf word. Dan is daar die maandrekenings wat hoofsaaklik 'n gerieflikheidsreëling is omdat net een

1) Direkteursverslag 1964, p.15.

betaling vir 'n maand se aankope gemaak hoef te word en volledige rekord van dié aankope op die maandstaat verskyn wat die lid se eie rekordhouding vergemaklik. Boerderybenodigdhede waarvoor nie onder die seisoenskema voorsiening gemaak is nie, word op die basis voorsien.

Die koöperasie het ook 'n huurkoopskema waaronder duursame landbougereedskap en masjinerie op krediet verskaf word. Huurkoopdebiteure word deur die koöperasie self gefinansier. Die skema is ook onderhewig aan die bepalings van die Huurkoopwet.

Krediet word nie outomaties verleen nie. Lede moet vooraf aansoek doen om aankope op krediet te kan maak. Die raad van direkteure keur die aansoeke en bepaal ook die omvang van die krediet wat aan 'n lid toegestaan mag word. Daar word 'n maksimum bedrag bepaal vir elke lid wat van die koöperasie se kredietfasiliteite gebruik wil maak.

In die bepaling van die krediet wat aan lede verskaf mag word, is die raad baie konserwatief en word voorsiening gemaak vir gebeurlikhede. Misoeste mag tot gevolg hê dat lede nie hulle skuld kan betaal nie terwyl produksie=middele vir die insit van 'n nuwe oes verskaf moet word. Die kanse op misoeste in die bedieningsgebied van S.W.T.L.K. in vergelyking met ander koöperasies word deur

die bestuur relatief hoog gestel. 'n Streng voorsorg= element is derhalwe in die kredietbeleid ingebou. Op rekeninge wat nie binne 30 dae vanaf die aankope aange= suiwer is nie, word rente gehef wat nie minder mag wees as die heersende handelsbankkoers nie.¹⁾

Die statuut bepaal dat agterstallige rekeninge ten minste een keer elke drie maande op 'n gewone raadsvergadering behandel moet word en dat enige opdragte wat in verband daarmee gegee mag word, genotuleer moet word.²⁾ Kre= diet wat 'n lid op sy ledeheffingsfonds en ledebelange= fonds het, dien as sekuriteit vir die bedrag wat hy aan die koöperasie verskuldig is. Die nodige bedrag kan na die goeddunke van die raad vanaf genoemde fondse na 'n lid se persoonlike rekening oorgedra word ter vereffe= ning van sy rekening met die koöperasie.

Die raad en bestuur van S.W.T.L.K. gee voortdurend aan= dag aan die kredietbeleid van die koöperasie. Ten einde te verseker dat dit beantwoord aan die doel daarvan, naamlik om produksiekapitaal aan lede te voorsien, word dit met die kredietverlening by ander koöperasies verge= lyk en waar nodig gewysig om aan te pas by veranderde omstandighede waaronder die lede moet produseer.

1) Statuut artikel 107.

2) Statuut artikel 108.

6.3.2.1 GEVOLGTREKKING

Die debiteurebestuur van S.W.T.L.K. was tot 1962 onstabiel weens die ontbreking van 'n omvattende kredietbeleid. Die debiteureposisie het 'n direkte invloed op die likiditeit van die koöperasie gehad. Hoewel dit nie die enigste oorsaak mag wees nie, kan die swak likiditeit tot 1968 aan die ongesonde debiteureposisie toegeskryf word. Die vertraagde likiditeitsherstel is deels toe te skryf aan die tyd wat dit geneem het vir debiteure en verkope om in ewig te kom. Die groot bedrae afgeskryfde skulde herwin het ook tot die verbetering van die likiditeit van die koöperasie bygedra.

6.4 VOORRAADBESTUUR IN S.W.T.L.K.

Aangesien kapitaal in voorraad opgesluit is, vra dit dat voorraad as hulpbron doeltreffend aangewend word. Voorraad is 'n bron van inkomste deur verkope maar ook die oorsaak vir gelduitvloei deur aankope. Effektiewe voorraadbestuur soek na 'n balans tussen die in- en uitvloei van kontant. 'n Te groot voorraadsyfer dui op 'n versteuring in die balans in die sin dat die invloed van voorraad dit wil sê die uitvloei van geld vinniger geskied as die uitvloei van goedere of die invloed van geld. Dit het so 'n invloed op die likiditeitsposisie van die koöperasie.

Die verhouding van voorraad tot die totale kapitaal van die koöperasie asmede die omsetsnelheid van voorraad word gebruik om die voorraadbestuur van S.W.T.L.K. vir die periode 1954 tot 1974 te evalueer.

6.4.1 DIE INVESTERING IN VOORRAAD¹⁾

In tabel 6.4 word die voorraadposisie van S.W.T.L.K. in verhouding tot die korttermyn- en totale kapitaal onderskeidelik aangetoon. Hieruit blyk dat die investering in voorraad tot 1966 baie onstabiel was. Te oordeel aan die vuistreël dat voorraad en die res van die vlottende bates gelyk behoort te wees, was die bestuur van voorraad tot die genoemde datum nie na wense nie. Die posisie het van die een uiterste na die ander verander.

Sedert 1967 het die voorraadposisie gestabiliseer op 'n verhouding wat meer gesond is. Die stabilisering dui op 'n ewewigtige voorraad omvang en groei in die koöperasie. Om enige sinvolle afleiding met betrekking tot die doeltreffende investering in voorraad te maak, word dit in verhouding tot verkope beskou.

1) Voorraad behels alle voorraad naamlik handelsvoorraad, sakke, meel en ander voorraad, met die uitsondering van produktevoorraad.

TABEL 6.4

Die investering in voorraad in verhouding tot die totale kapitaal van S.W.T.L.K.¹⁾

Jaar	Totale voorraad	Voorraad tot die totale korttermyn= kapitaal	Voorraad tot die totale kapitaal
	R1 000	Persent	Persent
1954	381	31	19
1955	471	32	19
1956	667	31	20
1958	863	38	22
1959	843	40	20
1960	1 764	56	31
1961	2 698	77	44
1962	1 988	43	26
1963	1 393	40	22
1964	1 083	30	14
1965	2 730	93	36
1966	2 300	81	30
1967	1 935	56	20
1968	1 831	53	15
1969	1 909	56	13
1970	2 104	53	13
1971	2 487	52	15
1972	3 039	57	16
1973	3 547	67	16
1974	4 018	57	16

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

6.4.2 OMSETSNELHEID VAN VOORRAAD

Voorraadomsetsnelheid dui op die aantal kere wat voorraad per jaar aangekoop en verkoop word. Hieruit word die termyn waarvoor voorraad voorhande is, ook afgelei. In tabel 6.5 word die omsetsnelheid en die gemiddelde termyn van die voorraad voorhande aangetoon. Die syfers is bepaal deur die handelsomset (teen verkoopprijs) te deel deur die gemiddelde voorraad vir elke betrokke jaar.¹⁾

Die onstabiele verhouding van voorraad tot die kapitaal van die koöperasie vir die jare 1954 tot 1966 is ook in die omsetverhouding te bespeur. Van 1954 tot 1959 is van die hoogste voorraadomsetsyfers vir die hele periode onder bestudering behaal. Dit sal egter verkeerd wees om sonder meer te aanvaar dat die bestuur van voorraad in die tydperk baie gesond was. 'n Hoë voorraadomsetsnelheid dui nie net op effektiewe bestuur nie, maar mag ook 'n te lae voorraad beteken om die vraag te bevredig.²⁾ Laasgenoemde blyk die oorsaak van die hoë voorraadomset tot 1959 te wees, geoordeel aan die lae verhouding van voorraad tot die korttermynkapitaal van die koöperasie.

-
- 1) Dié verhouding gee eintlik die omkeersnelheid van geld investeer in voorraad en nie die omkeer van fisiese goedere nie. Die gemiddelde voorraad word verkry deur die som van die begin en eindvoorraad vir die betrokke jaar te halveer.
 - 2) BATTY, op. cit., p.425.

TABEL 6.5

Die voorraadomsigingsnelheid en tydperk van voorraad voorhande vir die jare 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Voorraadomsig	Tydperk voorhande
	Keer	Dae
1954	-	-
1955	5,4	68
1956	5,7	64
1958	7,1	51
1959	5,8	63
1960	3,5	104
1961	2,6	140
1962	3,1	117
1963	4,0	91
1964	5,6	65
1965	2,7	135
1966	2,7	135
1967	3,6	101
1968	5,3	69
1969	4,7	78
1970 ²⁾	6,2	59
1971	5,4	68
1972	5,3	69
1973	5,3	69
1974	4,8	76

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

2) As gevolg van die verandering van die finansiële jaar van S.W.T.L.K. was hierdie periode dertien maande.

Die bykans verdubbeling van voorraad in 1960 het 'n geweldige daling in die omkeer tot gevolg gehad. In 1961 het voorraad weereens byna verdubbel op die vorige jaar met nog 'n afname in die omkeer, met ander woorde voorraad is drasties verhoog sonder 'n ooreenstemmende styging in omset. Die swak voorraadposisie is in 1962 asook in 'n mindere mate in 1963 gehandhaaf omdat dit nie onmiddellik reggestel kon word nie. Beheermaatreëls wat ingestel is, het in 1964 sigbare vrugte afgewerp. In die jaar is dubbel die normale voorsiening gemaak vir die afskrywing van verouderde voorraad wat ook bygedra het tot die verhoogde omkeersyfer.

Die insinking van die voorraadamsetsyfer in 1965 tot 1967 skep die indruk dat die stappe wat geneem is om die voorraadbestuur van S.W.T.L.K. op 'n gesonde basis te bring, tevergeefs was. By nadere ondersoek blyk 'n buitengewone hoë sakvoorraad vir die verswakking verantwoordelik te gewees het. Sakke voorhande aan die einde van 1965 was ongeveer vier keer of R1,1 miljoen meer as die vorige jaar. Hoewel laer was die sakvoorraad vir 1966 en 1967 nog hoog. Swak oeste die betrokke jare het skynbaar die hoë sakvoorraad tot gevolg gehad aangesien meer sakke aangekoop is as wat nodig was. Dit kan sekerlik nie aan die deur van die bestuur gelê word nie. Bestellings vir genoegsame sakke moet vroegtydig geplaas word op 'n tydstip wanneer die vooruitsigte op 'n goeie oes nog

belowend is terwyl omstandighede later totaal kan ver= ander.

Sedert 1968 het die voorraadomset gesond en redelik stabiel voorgekom. Die geringe daling in 1974 word aan die swak landboujaar toegeskryf wat 'n mindere styging in verkope tot gevolg gehad het.

6.4.3 GEVOLGTREKKING

Die voorraadposisie van S.W.T.L.K. was tot 1962 baie on= stabiel. Na drastiese afskrywing van verouderde voor= rade en die instelling van beter beheermaatreëls het dié posisie aansienlik verbeter.

In die mate wat die voorraadposisie verbeter het, het die likiditeit van die koöperasie ook verbeter. Die verswakking in die tweede likiditeitsverhouding vir die jare 1965 tot 1967 hou verband met die daling in voor= raadomkeer vir dieselfde jare. Die oorsaak was die hoër sakvoorrade as gevolg van die swak oeste gedurende daardie jare.

Die gesonde verhouding in die voorraad tot die vlottende en totale kapitaal van die koöperasie wat in 1967 bereik is en sedertdien gehandhaaf is, is alleen die gevolg van toegewyde voorraadbestuur. Dit word ook in die voor=

raadomsetsnelheid weerspieël.

6.5 GEBRUIK VAN DIE VLOTTENDE KAPITAAL VAN S.W.T.L.K.

Deur die ontleding van omloopsnelheid van die vlottende kapitaal van die koöperasie kan bepaal word hoe doelmatig die kapitaal gebruik is.¹⁾ Die omloopsnelheid word in tabel 6.6 aangetoon. Soos wat verwag kan word, dui die vlottende kapitaalomloopsnelheid ook op 'n onbevredigende aanwending gedurende die eerste helfte van die periode onder bestudering, naamlik tot 1965. Dit bevestig die oneffektiewe bestuur van die vlottende bates van die koöperasie soos in paragraaf 6.3 en 6.4 bevind is.

Vir die laaste nege jaar van die betrokke periode is die omloopsnelheidverhouding gemiddeld 2,7 keer wat gewis gesonder is as die 1,7 keer van die vorige elf jaar. Die laer verhouding beteken dat die koöperasie met minder vlottende kapitaal 'n groter handelsomset kon bewerkstellig dus 'n doelmatiger aanwending daarvan. Die mate van stabiliteit wat sedert 1966 in die verhouding van die vlottende kapitaal tot die handelsomset bestaan het, dui op 'n ewewigtige groei van die koöperasie vanaf daardie datum.

1) Die omloopsnelheid is verkry deur die totale handelsomset deur die totale korttermynkapitaal te deel.

TABEL 6.6

Die omloopsnelheid van die vlottende kapitaal van S.W.T.L.K. in die jare 1954 tot 1974¹⁾

Jaar	Vlottende kapitaalomloopsnelheid
	Keer
1954	1,7
1955	1,6
1956	1,5
1958	2,1 ²⁾
1959	1,9 ²⁾
1960	1,3 ²⁾
1961	1,3 ²⁾
1962	1,6
1963	1,9
1964	1,9
1965	1,7
1966	2,4
1967	2,2
1968	2,9
1969	2,6
1970	3,1 ³⁾
1971	2,6
1972	2,7
1973	3,4
1974	2,6

1) Gegewens verkry uit die verslae van S.W.T.L.K.

2) Kaskredietlenings, bedoel vir produktefinansiering, aangewend vir finansiering van handelsvoorraad en debiteure is hierby ingesluit omdat dit bygedra het om die omset moontlik te maak.

3) Omset vir dertien maande.

6.6 SAMEVATTING

Met die ontleding van die vlottende bates van S.W.T.L.K. is bevind dat die bestuur daarvan vir die eerste helfte van die tydperk 1954 tot 1974 ietwat ondoeltreffend was. Die afleiding word gemaak op grond van die relatief lae debiteureomsetsnelheid en die posisie daarvan tot die totale kapitaal, die omsetsnelheid van voorraad en die onstabiele posisie daarvan tot die vlottende- en totale kapitaal. Die toestand word ook in die relatief oneffektiewe aanwending van die vlottende kapitaal in die koöperasie vir die betrokke tydperk weerspieël.

Die bykans verdubbeling van die vlottende kapitaalomloopsnelheid dui op 'n doelmatiger bestuur van die vlottende bates van die koöperasie gedurende die laaste helfte van die betrokke periode. Die verbetering in die omsetsnelheid van debiteure en voorraad asook ten opsigte van die posisie daarvan tot die totale kapitaal het dié doelmatiger aanwending van vlottende kapitaal tot gevolg gehad.

Die mate van stabiliteit wat die laaste jare in die debiteure-, voorraad- en vlottende kapitaalverhouding bestaan het wys op die ewewig wat bereik is tussen dié komponente en die omset in die koöperasie. Die handhawing van die ewewig tussen verkope en debiteure, voorraad en vlottende kapitaal beklemtoon die kwaliteit van die bestuur van die vlottende bates van die koöperasie.¹⁾

1) BATTY, op. cit., p.423.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING

7.1 INLEIDING

S.W.T.L.K. het na 'n beskeie ontstaan in 1909 ondanks veelvuldige terugslae ontwikkel tot een van die vier grootste graankoöperasies in die Republiek van Suid-Afrika. Op 28 Februarie 1974 het die koöperasie 'n ledetal van 4 310 gehad met 'n totale omset van R59 218 829 vir die jaar geëindig 28 Februarie 1973.¹⁾ Die omset is behaal deur 'n verskeidenheid dienste wat aan lede gelewer is. Die sukses met die lewering van die dienste word grootliks bepaal deur die beskikbare middele en die gebruik daarvan. Die aspek van finansiële bestuur wat gaan om die verkryging en aanwending van geldmiddele in die onderneming kom hierin na vore.

In die studie is die finansiële bestuur van die koöperasie in oënskou geneem deur die behoefte aan middele vir 'n bepaalde tydperk te ontleed en die bevrediging daarvan te bestudeer. Die finansierings- en finansiële beleid

1) As gevolg van die swak landboujaar 1974 word dié syfer van 1973 gebruik omdat dit die groei van die koöperasie meer beklemtoon.

wat deur die bestuur van S.W.T.L.K. gevolg is, is aan die hand van die teorie van die algemene en koöperatiewe finansiële bestuur waardeer.

7.2 BEVINDINGE

7.2.1 FINANSIERINGSSTRUKTUUR

Die eie kapitaal van S.W.T.L.K. is uit aandeelkapitaal, ledeheffingsfonds, ledebelangefonds en reserwes saamgestel. Aandeelkapitaal blyk relatief onbelangrik in die eie kapitaalstruktuur van die koöperasie te wees en sal waarskynlik steeds in verhouding in die toekoms afneem. Die aandeel van heffingsfondse in die eie kapitaal het ook drasties afgeneem op grond van die toename van ander kapitaalsoorte in die periode 1954 tot 1974. In teenstelling het die ledebelangefonds en reserwes van die koöperasie skerp toegeneem. Die ledebelangefonds is slegs sedert 1973 in werking, maar dit blyk nou reeds dat dit in die toekoms 'n belangrike deel van die eie kapitaal en ook van die totale kapitaal van die koöperasie sal uitmaak.

Deur 'n konsekwente reserveringsbeleid te volg het die koöperasie se eie kapitaalposisie sodanig verbeter dat die bestuur in 1972 besluit het om 'n kleiner deel van die surplus te reserveer. Daar is besluit om 'n gedeelte

van die surplus direk op lede se name te krediteer. Vir die doel is 'n ledebelangefonds geskep en elke lid se belang word as 'n bonus op omset op sy rekening gekrediteer. Die reëling hou in dat lede meer direk in die finansiering van die koöperasie gedurende lidmaatskap betrek word en dat hul by uittrede dié bedrae sal terugkry. Die wyse van finansiering deur persoonlike reservering is koöperatief meer aanvaarbaar.

Die voortdurende versterking van die eie kapitaal van die koöperasie deur onpersoonlike en persoonlike reservering hou in dat die koöperasie finansieel steeds meer selfstandig raak.

Vreemde kapitaal word op die lang- en korttermyn van die Landbank verkry terwyl op die korttermyn ook van handelsbank- en leweransierskrediet gebruik gemaak word. Die rol van die Landbank as bron van langtermynkapitaal het vir die koöperasie bykans dieselfde gebly oor die periode 1954 tot 1974 terwyl dit ten opsigte van kortkrediet ietwat afgeneem het. Ten spyte van die kritiek waaraan die Landbankfinansiering onderworpe is, blyk dit steeds die aangewese bron van vreemde kapitaal vir dié koöperasie te wees. Van bankkrediet word net op die baie korttermyn gebruik gemaak en wel net as 'n oorbruggingsmaatreël. Sedert 1964 het die koöperasie nog nie een jaar met 'n oortrokke bankrekening afgesluit nie. Han=

delsbank- en leweransierskrediet is duur en daar bestaan verder 'n risiko met betrekking tot die kontinue beskikbaarheid daarvan. Om hierdie rede streef die bestuur om so min as moontlik daarvan gebruik te maak. Geoordeel aan die gangbare solvabiliteitskriterium het die kapitaalstruktuur van S.W.T.L.K. oor die jare 1954 tot 1974 van 'n uiters ongesonde toestand verbeter tot 'n verhouding wat as gesond beskou word. Die huidige posisie word as gesond beskou ten spyte daarvan dat die verhouding eie kapitaal tot vreemde kapitaal nog nie 1:1 is nie. Hierdie stelling word gemaak aangesien die Landbank die grootste gedeelte vreemde kapitaal voorsien en dit 'n bekende feit is dat die bank meer toeskietlik is wanneer verpligtinge nie stiptelik nagekom kan word as gevolg van omstandighede buite beheer van koöperasies nie.

Met die oog op die koste en die aantrek en afstoot van kapitaal is dit vir die koöperasie voordeliger om van Landbanklenings gebruik te maak as van sekere eie kapitaalsoorte. Dit sal verder ook onredelik wees om al die behoeftes met eie kapitaal te finansier, terwyl die lede van die koöperasie self mank gaan aan voldoende kapitaal vir hulle eie boerderybehoefte.

Opsommend kan gesê word dat die finansieringsbeleid van S.W.T.L.K. gerig is op beveiliging van die koöperasie deur die verbetering van sy solvabiliteitsposisie met in

agneming van die koste van kapitaal. Die koöperatiewe gedagte, naamlik dat lede proporsioneel moet bydra tot die kapitaal van die koöperasie, word in hierdie beleid uitgeleef deur die beginsel van persoonlike reservering. Hierdeur word die afhanklikheid van die koöperasie van sy lede bevestig en beklemtoon.

7.2.2 DIE FINANSIËLE STRUKTUUR

In die ontleding van die finansiële struktuur van S.W.T.L.K. het aan die lig gekom dat die vaste bates tans finansier word met vreemde langtermynkapitaal en permanente eie kapitaal (reserwes). Geoordeel aan die beginsel dat daar 'n kwalitatiewe aanpassing moet wees tussen die kapitaalbehoefte en die wyse waarop dit bevredig word, word dié toestand as gesond beskou.

Die koöperasie se vlottende bates word met kaskredietlenings, leweransierskrediet en die surplus eie kapitaal (aandelekapitaal, ledeheffingsfondse en ledebelangefonds) gefinansier. Uit die doel waarvoor die Landbank kaskredietlenings beskikbaar stel, is afgelei dat die kapitaal hoofsaaklik vir debiteurefinansiering gebruik word. Voorraad daarinteen word grootliks met leweransierskrediet gefinansier. Die surplus eie kapitaal na finansiering van die vaste bates en 'n gedeelte van debiteure en voorraad word derhalwe ter finansiering van produkte

aangewend vir sover daar nie van Landbankfonds in dié verband gebruik gemaak word nie.

Die likiditeitsposisie van die koöperasie kan as gesond beskou word na 'n ontleding van die vlottende bates, debiteure en voorraad. Die omvang van debiteure, voorraad en vlottende kapitaal in verhouding tot die omset het gedurende die laaste aantal jare ewewigtig toegeneem wat dui op 'n gesonde finansiële beleid wat gevolg is.

7.3 AANBEVELINGS¹⁾

Na aanleiding van die bevindinge uit die ontleding van die finansiële bestuur van S.W.T.L.K. word vervolgens enkele aanbevelings gemaak met betrekking tot die finansiële bestuur van landboukoöperasies in die algemeen.

7.3.1 DIE FINANSIERINGSSTRUKTUUR VAN KOÖPERASIES

Weens die relatief geringe rol van aandelekapitaal in die finansieringsstruktuur, is koöperasies aangewys op alternatiewe bronne van eie kapitaal.²⁾ Die eie kapitaalposisie kan verbeter word deur heffings te vorder op die

1) Kyk ook VAN REENEN, M.J. Die Primêre Sitruskoöperasies in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die finansiering daarvan. (Proefskrif), P.U. vir C.H.O., 1975, hoofstuk 7.

2) Kyk tabel 4.1.

produkte wat lede aan die koöperasie lewer en deur die teruginvestering van surplusse. Weens die feit dat heffingsfondse by uitstek roterend van aard is, blyk dit slegs 'n beperkte bron vir eie kapitaal te wees. Die terughouding van surplusse deur die koöperasie skyn die aangewese bron vir die versterking van eie kapitaal te wees.

Hierdie terughouding van surplusse kan basies op twee maniere geskied, naamlik onpersoonlike deur middel van die skepping van onpersoonlike reserwes of persoonlike deur die surplus in die vorm van 'n bonus aan die lid toe te deel en dit dan op sy naam in die koöperasie te hou. Hoewel laasgenoemde metode van reservering uit 'n koöperatiewe oogpunt meer geregverdig is, moet toegegee word dat onpersoonlike reservering uit 'n bestuursoogpunt ook nodig is veral met die oog op die kontinuïteit van die koöperasie. Tydens onvoorsiene swak jare kan die kapitaaluitvloei groter wees as die kapitaalinvloei. Dit kan gebeur omdat die uitbetalings aan uittredende lede in sulke jare groter kan wees as die teruginvestering van toegekende bonusse. Om voorsiening te maak vir gebeurlikhede moet die koöperasie dus ook onpersoonlike reserwes hê. Dié onpersoonlike reserwes moet nie uitermate groot wees nie. In S.W.T.L.K. blyk 'n verhouding van 30 persent tussen die onpersoonlike reserwes en die totale kapitaal, uitgesonderd produkte met Land=

bankfondse gefinansier, voldoende te wees.¹⁾ Met die oog op kontinuïteit word die mening gehuldig dat die onpersoonlike reserwes op die duur voldoende moet wees om die vaste bates van die koöperasie te finansier.

Enige reserweworming wat genoemde perke oorskry, moet eerder op persoonlike basis geskied. Dit is nie net regverdiger teenoor lede nie, maar dit het ook ander voordele. Die lojaliteit van die lid word versterk deur die groter finansiële belang wat hy daardeur in sy koöperasie verkry. Die groter bonus wat aan die lid toegeken word moedig hom ook aan om sy koöperasie te ondersteun. In die geval van S.W.T.L.K. is in 1974 onder die skema 'n omsetbonus van 2,5 persent aan lede toegeken waar die bonus vroeër jare 'n gedeelte van 'n sent uit die rand bedra het.

In totaal behoort koöperasies hul eie kapitaalposisie tot 'n veilige vlak op te bou om solvabiliteit te verseker. Gemeet aan die aanvaarde norme moet die koöperasie daarna strewe om ten minste 50 persent van sy totale kapitaalbehoefte self te voorsien deur middel van aandelekapitaal, persoonlike- en onpersoonlike reserwes en ledeheffingsfondse. Wat vreemde kapitaal betref, is die koste en beskikbaarheid daarvan van deurslagge-

1) Kyk paragraaf 5.2 en 5.3.1.3.

wende belang. Kapitaal by die Landbank verkry is wat dit betref die mees aangewese vir koöperasies. Leweransierskrediet kan met oorleg voordelig aangewend word terwyl handelsbankkrediet relatief duur en onduursaam is.

Lang- en korttermynlenings van die Landbank is weens die stabiliteit en koste daarvan die beste bron van vreemde kapitaal vir koöperasies en hulle behoort sover moontlik daarvan gebruik te maak.¹⁾ Vir die wisselende behoeftes behoort van handelsbank- en leweransierskrediet gebruik gemaak te word. Dié kapitaalbronne behoort met versigtigheid hanteer te word weens die kosteaspek en die beskikbaarheid daarvan. Die rente op oortrokke bankrekenings is hoog en die reëlings kan ook op kort kennisgewings ingetrek word. Gewoonlik word geen rente op leweransierskrediet betaal nie. Die koste van die krediet ontstaan deur die ontbering van kortings wat deur vroeë betalings verkry kon word. Indien 'n koöperasie oormatige krediet van 'n bepaalde leweransier gebruik, mag hy in die posisie beland dat hy noodgedwonge sy aankope by die leweransier moet doen wat nadelige gevolge vir sowel die koöperasie as sy lede kan inhou.

1) Die rente op kaskredietlenings is tans nege persent teenoor die 12,5 persent primakoers van die handelsbanke.

7.3.2 DIE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN KOÖPERASIES

Die beginsel dat die termyn waarvoor kapitaal beskikbaar is, verband moet hou met die omlooptyd van die bate behoort konsekwent deur koöperasies toegepas te word.

Op die duur behoort die vaste bates van die koöperasie deur middel van „permanente” eie kapitaal gefinansier te word.¹⁾ Tot tyd en wyl die vlak nog nie bereik is nie, behoort van paalementlenings van die Landbank asook van ander vorme van eie kapitaal²⁾ gebruik gemaak te word.

Die vlottende bates behoort wat die permanente gedeelte³⁾ daarvan betref met eie kapitaal finansier te word. Die wisselende kapitaalbehoefte kan deur middel van vreemde kapitaal finansier word. In die geval moet voorkeur aan kortkrediet van die Landbank gegee word weens die koste en beskikbaarheid van ander vreemde kapitaal.⁴⁾

-
- 1) Met permanente eie kapitaal word bedoel onpersoonlike reserwes.
 - 2) Hier word hoofsaaklik heffingsfondse bedoel.
 - 3) Hiermee word bedoel die minimum kapitaal opgesluit in debiteure en voorraad ter versekering van die reëlmatige voortsetting van die aktiwiteite van die koöperasie. Kyk paragraaf 3.4.2.2.
 - 4) Kortkrediet pas kwalitatief by die behoeftes aan terwyl langtermynkapitaal nie na willekeur aange-trek of afgestoot kan word nie.

Die effektiewe aanwending van 'n koöperasie se vlottende kapitaal kan alleen verkry word deur die doeltreffende bestuur van sy vlottende bates naamlik onder andere debiteure en voorraad. 'n Duidelike beleid moet in die verband deur die bestuur daar gestel word wat as basis kan dien vir die persone wat vir die praktiese bestuur van voorraad en debiteure verantwoordelik is.

7.4 SLOT

As inleiding tot hierdie werk is gewys op die belangrikheid van effektiewe finansiële bestuur vir die sukses van enige onderneming. Ook in koöperasie is die doelmatige aantrekking en aanwending van kapitaal van kardinale belang in die verwesentliking van die doelstellings.

Wat veral in die studie na vore gekom het is hoedanig die finansierings- en finansiële struktuur van S.W.T.L.K. verbeter het nadat duidelike riglyne in die verband daar gestel en na gestreef is. Die riglyne is hoofsaaklik gebaseer op die beginsel dat kapitaal kwantitatief sowel as kwalitatief by die bate wat daarmee gefinansier word moet aanpas. Klem is ook gelê op die ewewigtige groei van die koöperasie soos dit in die bateverhouding weer=spieël is.

In die aanwending van die vlottende kapitaal en bates van

die koöperasie is gestreef na die handhawing van 'n bepaalde verband tussen dié kapitaal en bates en die omvang van die aktiwiteite wat daarmee bewerkstellig is.

As slotgedagte word die gevolgtrekking gemaak dat goeie finansiële bestuur menige koöperasie wat ondergegaan het sou red. Net so sou dit verhoed dat dié wat uiteraard geen bestaanreg gehad het nie opgerig is. Vir die koöperasie van vandag is die finansiële bestuur nog meer belangrik ten einde sterk te kan staan in 'n hoogs mededingende ekonomiese opset.

BIBLIOGRAFIE

BOEKE EN STUDIES

1. ANDERSON, D.R. en SCHMIDT, L.A. 1961. Practical Controlership. Illinois, Richard D. Irvin Inc. Homewood.
2. BATTY, J. 1970. Management Accountancy. Third Edition. London, MacDonald and Evans.
3. BOOT, J.R. 1960. Die Noordwestelike Koöperatiewe Landboumaatskappy Beperk. (Ongepubliseerde verhandelings). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
4. BOSHOFF, C.H. 1971. Die Finansiering van Landboukoöperasies in Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
5. CILLIERS, J.A. 1965. Inleiding tot die ontleding en vertolking van finansiële state. Pretoria, Van Schaik's.
6. COETZEE, F.J.J. 1957. Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. (Proefskrif). Leiden.
7. DIE KOÖPERATIEWE RAAD. 1966. Inleiding tot die Koöperasiewese. Pretoria, Koöperasiepers.
8. DIGBY, M. Co-operatives. A Development Pamphlet by The Overseas Development Institute. London, Picadilly.

9. EERSTE VAKANSIEKURSUS IN KOÖPERASIELEER. 1952. Stellenbosch.
10. ENGBERG, R.C. 1965. Financing Farmer Co-operatives. Banks for Co-operatives.
11. ERDMAN, H.E. & LARSEN, G.H. 1965. Revolving Finance in Agricultural Co-operatives. Madisan Wisconsin, Mimir Publishers Inc.
12. JACOBS, D.J.L. 1968. Landboufinansiering met spesiale verwysing na Koöperatiewe Kredietinstellings. (Ongepubliseerde proefskrif). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
13. MEYER, A.S. 1973. Moderne Landboukoöperasies in Ekonomiese Perspektief. (Proefskrif). Stellenbosch.
14. RÜDEL, F.E. en REYNDERS, H.J.J. red. 1965. Inleiding tot die Bedryfseconomie. Pretoria, Van Schaik's.
15. REYNDERS, H.J.J. red. 1971. Finansiële Bestuur. Pretoria, Van Schaik's.
16. STEENEKAMP, F.J.L. 1964. Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1900-1960. (Ongepubliseerde proefskrif). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
17. TER WOORST, G.J. 1966. Coöperatie als vorm van Economische Organisasie. Arnhem, Van Mastrigt en Verhoeven, N.V.
18. VAN REENEN, M.J. 1975. Die Primêre Sitruskoöperasies in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die finansiering daarvan. (Ongepubliseerde proefskrif). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

JAARVERSLAE, VERSLAE EN WETTE

1. Die Landbankwet. (Wet nommer 13 van 1944). Pretoria, Staatsdrukker.
2. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939. (Wet nommer 29 van 1939, soos gewysig deur Wet nommer 46 van 1944 en Wet nommer 44 van 1960). Pretoria, Staatsdrukker.
3. Jaarverslag van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, 1975. Pretoria, Land- en Landbank van Suid-Afrika.
4. Jaarverslag van die sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir tydperk 1 Julie 1964 tot 30 Junie 1965. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.
5. Jaarverslag van die sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1971 tot 30 Junie 1972. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.
6. Jaarverslag van die sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1972 tot 30 Junie 1973. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.
7. Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede. RP 78/1967. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.

ANDER

1. Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Omsend= brief nommer c/5377, 1 Februarie 1952.
2. Direksieverslae en Jaarstate van Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk vir die jare 1952 tot 1974.
3. Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. 'n Halfeeu van Koöperasie 1909-1959.
4. Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. Ons Eie, Desember 1965.
5. Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. Ons Eie, Desember 1972.
6. Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie Beperk. Statuut.